



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA**

**SOSIALE KOHESIE EN MULTIKULTURELE EREDIENSTE:
‘N RITUEEL-LITURGIESE EVALUASIE**

deur

SUZANNE CICILIA KLEYNHANS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Theologiae

in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie


aan die

Universiteit van Pretoria

Studieleier: *Prof. C. Wepener*

Pretoria

September 2012



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA UNIVERSITY OF PRETORIA YUNIBESITHI YA PRETORIA

VERKLARING

Die Departement lê sterk klem op integriteit en etiese gedrag in die voorbereiding van alle geskrewe werk wat vir akademiese evaluering ingedien word. Terwyl akademiese personeel u leer hoe om verwysingstegnieke te gebruik en plagiaat te vermy, het u ook 'n verantwoordelikheid in hierdie verband. Indien u in enige stadium onseker is oor wat van u verwag word, moet u u dosent raadpleeg voordat u enige geskrewe werk indien.

U is skuldig aan plagiaat wanneer u iets uit 'n ander outeur se werk (bv. 'n boek, artikel of webtuiste) kopieer sonder om erkenning aan die bron te gee en dit as u eie werk aanbied. U is in werklikheid besig om iets wat aan iemand anders behoort, te steel. Dit geld nie slegs wanneer u werk woordeliks kopieer nie, maar ook wanneer u iemand anders se werk in 'n effense gewysigde formaat (geparafraseer) aanbied of 'n argument gebruik sonder om erkenning daaraan te gee. U mag nie werk indien wat voorheen deur 'n ander student geskep is nie. U mag ook niemand toelaat om u werk te kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie. Studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat, sal geen krediet vir die geplagieerde werk ontvang nie. Die aangeleentheid kan ook na die Komitee vir Dissipline (Studente) verwys word vir 'n beslissing. Plagiaat word as 'n ernstige oortreding van die Universiteit se reëls beskou en kan tot skorsing uit die Universiteit lei.

Alle geskrewe werk wat u indien terwyl u 'n student in die Departement is, moet van die volgende verklaring vergesel word. Geen geskrewe werk sal aanvaar word indien die verklaring nie voltooi en aangeheg is nie.

Student se volle name:

.....

Studentenommer:

.....

Onderwerp van werkstuk:


.....

Verklaring

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie (bv. opstel, verslag, projek, werkstuk, verhandeling, proefskrif ens.) my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die Internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

HANDTEKENING

.....



**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA**

BEURSHULP

“The financial assistance of the National Research Foundation (DAAD-NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the DAAD-NRF.”

OPSOMMING

SOSIALE KOHESIE EN MULTIKULTURELE EREDIENSTE: 'N RITUEEL- LITURGIESE EVALUASIE

Alhoewel dit hierdie jaar agtien jaar gelede is, nadat die Apartheidsstelsel tot 'n einde gekom het, kan die voetspore van verdeeldheid op grond van ras en etnisiteit tog nog gesien word in die Suid-Afrikaanse samelewing. Verskeie akademici erken wel dat die land ver gekom het in terme van versoening en sosiale kohesie, maar dat daar nog 'n lang pad voorlê. *Statistiek Suid-Afrika* toon aan dat die Suid-Afrikaanse samelewing oorwegend religieus is, daarom is die navorser se vermoede dat die kerk 'n groter rol kan en moet speel in terme van die bevordering van versoening en sosiale kohesie in Suid-Afrika. Die navorser stel dus ondersoek in na multikulturele liturgieë en of multikulturele eredienste as rolspelers in die bevordering van versoening en sosiale kohesie.

Die vraagstelling van die navorsing is dus:

Watter ritueel-liturgiese kwaliteite tydens multikulturele aanbidding kan 'n positiewe en opbouende effek op sosiale kohesie en versoening in die huidige Suid-Afrikaanse konteks hê?

Die navorser het die navorsingsvraag ondersoek deur middel van 'n literatuurstudie in die veld van liturgie, antropologie en ook sosiologie. Die vraag is ook verder ondersoek deur middel van empiriese navorsing by drie verskillende multikulturele eredienste in Pretoria. Die volgende aspekte is deur die loop van die jaar nagevors:

- **Teologiese en sosiologiese interpretasie van die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika** – in hierdie gedeelte van die navorsing het die

navorser gepoog om die konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing vir die leser weer te gee. Daar is grotendeels gebruik gemaak van die Sensus 2001 om die demografiese gegewens van Suid-Afrika weer te gee. Verder is die samelewing ook ondersoek deur gebruik te maak van sentrale teoretiese begrippe naamlik vergifnis, versoening, sosiale transformasie, sosiale kohesie en sosiale identiteit.

- **Die aard van multikulturele eredienste en die waarde van simbole, rituele en seremonies** – in hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel na die teologie van multikulturele liturgieë. Eerstens word daar gekyk na die waarde van simbole, rituele en seremonies binne multikulturele eredienste. Daarna word die ontwikkeling van die liturgie soos beïnvloed deur kultuur in breë trekke beskryf. Die essensie van aanbidding word ook op die tafel geplaas. Laastens word 'n voorlopige teologie van multikulturele eredienste saamgestel uit die literatuurstudie.
- **Gedetailleerde beskrywing van drie onderskeie eredienste** – die drie multikulturele eredienste word in die fynste detail beskryf na aanleiding van wat voor, tydens en na die erediens gebeur. Die struktuur van die kerkgebou asook die liturgiese ruimte word in detail weer gegee.
- **Empiriese navorsingsdata (fokusgroepe) analise** – die navorser het onderhoude gevoer met gekose kandidate wat gereeld die onderskeie multikulturele eredienste bywoon om verdere kennis aangaande mense se belewenis van die eredienste in te samel.

Die gevolgtrekking van die navorsing vind dan neerslag in die voorlopige teorie van multikulturele eredienste wat versoening en sosiale kohesie bevorder.

ABSTRACT

SOCIAL COHESION AND MULTICULTURAL WORSHIP SERVICES: A RITUAL-LITURGICAL EVALUATION

Although 2012 marks eighteen years since the demise of Apartheid, traces of division based on race and ethnicity can still be witnessed in the South African society. Several academics acknowledge that the country has made good progress with regards to reconciliation and social cohesion but that there is still a lot of work to be done. *Statistics South Africa* show that the majority of the South African society are religious. The researcher therefore supposes that the church can play a greater role in the promotion and strengthening of reconciliation and social cohesion.

The research question are therefore as follows:

Which ritual-liturgical qualities during multicultural worship can have a positive and edifying effect on social cohesion and reconciliation in the current South African context?

The researcher has investigated this research question through a literature study in the fields of liturgy, anthropology and sociology. The research question was furthermore investigated through means of empirical research at three different multicultural worship services in Pretoria. The following aspects were studied throughout this year:

- **Theological and sociological interpretations of the current social context in South Africa** – in this part of the research the researcher focused on providing the reader with a reflection on the current context in South Africa. The researcher primarily made use of the South African Census of

2001 to present the demographic information of the country. The society was also investigated by making use of a number of central concepts including forgiveness, reconciliation, social transformation, social cohesion and social identity.

- **The nature of multicultural worship and the value of symbols, rituals and ceremonies** – in this chapter multicultural liturgies are investigated. Firstly the researcher looks at the value of symbols, rituals and ceremonies in multicultural worship services. The development of liturgy as it was influenced by culture are discussed in broad terms. The essence of worship is also touched upon. Lastly a preliminary theology of multicultural worship services are developed based on the literature study.
- **A detailed description of the three different worship services** – the three multicultural worship services are described in as much detail as possible based on what happens before, during and after the worship service. The physical structure of the church building as well as a description of the liturgical space is also presented.
- **Analysis of the empirical data (focus groups)** – the researcher conducted interviews with selected candidates who attend the different multicultural worship services regularly in order to gain more knowledge about their experiences of the worship services.

The conclusion of the research can then be found in the preliminary theory of multicultural worship services that promotes reconciliation and social cohesion.

BEDANKINGS

Ek wil graag enkele mense bedank vir die wyse waarop hulle my, elkeen op sy/haar eie unieke manier, ondersteun het deur hierdie jaar:

- Charl van der Merwe, my verloofde, dankie vir jou ondersteuning, jou verdraagsaamheid, jou geloof in my en my navorsing en ook jou onbaatsugtige liefde. Sonder jou sou hierdie eindproduk nie moontlik gewees het nie.
- My familie (Kleynhanse en Van der Merwes), dankie dat julle in my geglo het en my ook die hele jaar lank ondersteun het met liefde en met toewyding. 'n Spesiale woord van dank aan my ma wat gehelp het met die proefleeswerk.
- My promotor, prof Cas Wepener, dankie vir die wyse waarop u my begelei het op hierdie navorsingspad. Dankie vir u geduld en die toewyding waarmee u my op hierdie navorsingspad gelei het.
- Vir die drie multikulturele gemeentes in Pretoria wat ek gebruik het vir my empiriese navorsing, dankie vir die manier waarop julle deelgeneem het aan die projek, julle insigte het die navorsing van krag tot krag laat gaan.

Laaste maar nie die minste nie, dankie aan God Drie-enig, die Een wat die roeping en bediening van versoening in my hart geplant het.

INHOUDSOPGAWE

Titelblad.....	1
Verklaring.....	2
Beurshulp.....	4
Opsomming.....	5
Abstract.....	7
Bedankings.....	9
Inhoudsopgawe.....	10

HOOFSTUK 1:

NAVORSINGSONTWERP

'n Beskrywing van die navorsingsontwerp soos dit ondersoek word aan die hand van die probleem- en doelstelling ten opsigte van die moontlike bevordering van versoening en sosiale kohesie deur multikulturele eredienste.

1.1. <u>Inleiding</u>	17
1.2. <u>Vraagstelling</u>	21
1.3. <u>Doelstelling</u>	23
1.4. <u>Belang van die navorsing</u>	24
1.5. <u>Navorsingsmetodologie</u>	25
1.6. <u>Afbakening van die navorsing</u>	29

HOOFSTUK 2:

TEOLOGIESE EN SOSIOLOGIESE INTERPRETASIE VAN DIE HUIDIGE SOSIALE KONTEKS VAN SUID-AFRIKA

‘n Beperkte teologiese en sosiologiese omskrywing van die Suid-Afrikaanse samelewing deur middel van sentrale teoretiese begrippe naamlik, vergifnis, versoening, sosiale transformasie, sosiale kohesie en sosiale identiteit.

2.1. <u>Inleiding</u>	30
2.2. <u>Teologiese en sosiologiese interpretasie van die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika</u>	31
2.3. <u>Beskrywing van sentrale teoretiese konsepte met betrekking tot die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika</u>	44
2.3.1. Teorie van vergifnis	45
a. Interpersoonlike Modelle van Vergifnis	45
b. Intrapersoonlike Modelle van Vergifnis	46
2.3.2. Teorie van versoening	53
2.3.3. Teorie van Sosiale Transformasie (<i>Social Transformation</i>)	58
2.3.4. Teorie van Sosiale Kohesie	60
2.3.5. Teorie van Sosiale Identiteit (<i>Social Identity</i>)	64
2.4. <u>Gevolgtrekking</u>	66

HOOFSTUK 3:

DIE AARD VAN MULTIKULTURELE EREDIENSTE EN DIE WAARDE VAN SIMBOLE, RITUELE EN SEREMONIES

‘n Teologie van multikulturele aanbidding word geformuleer aan die hand van ‘n noukeurige literatuurstudie oor die impak van kultuur op die ontwikkeling van die spesifieke liturgiese handeling binne die Christelike aanbidding.

3.1. <u>Liturgie en Antropologie</u>	69
3.1.1. Definiering van simbole, rituele en seremonies	69
a. Simbool	71
b. Ritueel	72
c. Seremonies	74
3.1.2. Karaktereienskappe van aanbidding	75
3.2. <u>Liturgie en Kultuur</u>	79
3.2.1. Aanbidding en Kultuur in die geskiedenis van Liturgie	80
3.2.1.1. Die Apostoliese era.....	80
3.2.1.2. Die Patristiese era.....	81
3.2.1.3. Die Middeleeuse era (vroeg, middel en laat).....	84
3.2.1.4. Die Reformasie.....	86
3.2.1.5. Die post-Reformasie en Barokera.....	87
3.2.2. Aanbidding in die Suid-Afrikaanse kultuur	87
3.2.3. Aanbidding as ‘n proses van kommunikasie	92
3.2.4. Die essensie van aanbidding	96

3.2.4.1. God as middelpunt van aanbidding.....	96
3.2.4.2. Die karakter van die gelowige.....	97
3.2.4.3. Die karakter van die kerk as geloofsgemeenskap.....	98
3.3. <u>Liturgie en Teologie</u>.....	99
3.3.1. Definisies van aanbidding.....	99
3.3.2. Sleutelwoorde in Christelike aanbidding.....	102
3.3.3. Die handeling van aanbidding soos in die Bybel weergegee.....	104
3.3.3.1. Aanbidding volgens die Ou Testament.....	104
3.3.3.2. Aanbidding volgens die Nuwe Testament.....	105
3.4. <u>Liturgie en Konteks</u>.....	106
3.4.1. Liturgie en Etiek.....	106
3.5. <u>Gevolgtrekking: Formulerings van 'n multikulturele erediensteteorie</u>.....	108

HOOFSTUK 4:

GEDETAILLEERDE BESKRYWING VAN DRIE ONDERSKEIE EREDIENSTE

'n Gedetailleerde beskrywing van die wyse waarop multikulturele eredienste in drie onderskeie denominasies, NG Gemeente Pretoria (Arcadia), Elim Full Gospel Church en Rooms-Katolieke Kerk St Pius X, ingerig was.

4.1. <u>Inleiding</u>.....	110
4.2. <u>NG Gemeente Pretoria (Arcadia)</u>.....	110
4.3. <u>Elim Full Gospel Church</u>.....	116

4.4. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X.....121

HOOFSTUK 5:

**EMPIRIESE NAVORSINGSDATA ANALISE VAN GESTRUKTUREERDE
FOKUSGROEPE**

‘n Gedetailleerde beskrywing van die halfgestruktureerde fokusgroep gesprekke na aanleiding van die multikulturele eredienste soos gevier in die NG Gemeente Pretoria (Arcadia), Elim Full Gospel Church en Rooms-Katolieke Kerk St Pius X.

5.1. Inleiding.....127

5.2. Navorsingsdata (fokusgroepe) analise.....129

5.2.1. NG Gemeente Pretoria (Arcadia) fokusgroep analise.....129

5.2.2. NG Gemeente Pretoria (Arcadia) fokusgroep gevolgtrekking.....136

5.2.3. Elim Full Gospel Church fokusgroep analise.....137

5.2.4. Elim Full Gospel Church fokusgroep gevolgtrekking.....142

5.2.5. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X fokusgroep analise.....144

5.2.6. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X fokusgroep gevolgtrekking.....148

5.3. Gevolgtrekking van die navorsingsdata (fokusgroepe).....149

HOOFSTUK 6:

GEVOLGTREKKING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van multikulturele eredienste en die moontlike bevordering van versoening en sosiale kohesie.

6.1. <u>Inleiding</u>	152
6.2. <u>Bevinding</u>	153
6.3. <u>'n Voorlopige teorie van multikulturele aanbidding wat versoening en sosiale kohesie bevorder</u>	155

ADDENDUM

“Willingness to participate in a MTh Theological Study”	159
---	-----

DIAGRAM

Diagram 1: Verdeling van Suid-Afrika per bevolkingsgroep	36
Diagram 2: Verdeling van Suid-Afrika per Huistaal	37
Diagram 3: Verdeling van Suid-Afrika per opvoeding	39
Diagram 4: Effektiewe Bestuur van diversiteit	44
Diagram 5: Voorlopige teorie van multikulturele eredienste wat versoening en sosiale kohesie bevorder	157

TABELLE

Tabel 1: Migrasie en Verstedeliking volgens ras.....38

Tabel 2: Populasie verdeling van Suid-Afrika per geloofstradisie.....40

Tabel 3: Primêre assosiasie in Suid-Afrika.....62

BIBLIOGRAFIE.....163

HOOFSTUK 1:

NAVORSINGSONTWERP

‘n Beskrywing van die navorsingsontwerp soos dit ondersoek word aan die hand van die probleem- en doelstelling ten opsigte van die moontlike bevordering van versoening en sosiale kohesie deur multikulturele eredienste.

1.1. Inleiding

Die interpretasie van die Suid-Afrikaanse konteks vandag rakende versoening en transformasie is net so divers as die groot hoeveelheid navorsers wat daarvoor navorsing doen. Aartsbiskop Desmond Tutu het die verskeidenheid in die Suid-Afrikaanse konteks op ‘n versoenende wyse beskryf deur te praat van God se reënboognasie. Tydens oudpresident Nelson Mandela se inhuldigingstoespraak versterk hy hierdie metafoor van Tutu met die volgende opmerking:

“We have triumphed in the effort to implant hope in the breasts of the millions of our people. We enter into a covenant that we shall build the society in which all South Africans, both black and white, will be able to walk tall, without any fear in their hearts, assured of their inalienable right to human dignity – a rainbow nation at peace with itself and the world”.

[Ons het oorwin in die poging om hoop in die bors van miljoene van ons mense te plant. Ons tree in ‘n verbond dat ons die samelewing sal bou waarin alle Suid-Afrikaners, beide Swart en Wit, regop sal kan loop, sonder enige vrees in hulle harte, verseker van hulle onvervreembare reg tot menswaardigheid – ‘n reënboognasie in vrede met ditself en die wêreld.] (Fourie, 2011:1).

Op sigself is die Suid-Afrikaanse konteks divers op verskeie maniere, van armoede tot oordadige rykdom, verskillende kulture, tale, etniese groepe en ideologieë. Die vraag na sosiale kohesie en of die Suid-Afrikaanse samelewing tekens toon van solidariteit met mekaar is ‘n belangrike vraag, veral wanneer die diversiteit van die

samelewing beklemtoon word. Sosiale kohesie verwys na die mees basiese verstaan daarvan, as

“... a situation where citizens of the state share feelings of solidarity with their compatriots, and act on the basis of these feelings.” (Chipkin & NgQulunga, 2008:61).

Daarom word die volgende konsepte in die gesprek rondom eenheid in diversiteit beklemtoon

- die soeke na nasionale eenheid (Fourie, 2011:1; cf Deng 2010; cf Gutteridge 1995).
- of selfs na sosiale kohesie (Fourie, 2011:1; cf Chidester, Dexter & James 2003) en
- ekonomiese gelykheid (Fourie, 2011:1; cf Seekings & Natrass 2006:).

Hierdie diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing is juis ook die eienskap wat vandag kenmerkend is van die huidige konteks. Tog, beleef Suid-Afrika vandag in die Post-Apartheidsera die effek van ‘n traumatiese geskiedenis wat tot vandag toe nog by mense spook (Wessels, 2010:11). Die *Interim Constitution* van 1993 pleit by die mense van Suid-Afrika om saam te werk

“to achieve the integrated goals of the well-being of all South Africans, national unity, national reconciliation, peace and the reconstruction of society (Mbeki, 2010:1).

Elke jaar op die 16de Desember vier Suid-Afrikaners reg oor die land op verskeie maniere Versoeningsdag. Een doel van Versoeningsdag is om terug te kyk oor die jaar en te vra na die vordering van versoening in die huidige Suid-Afrikaanse konteks – ‘n vraag wat eintlik belangrik genoeg is om meer as een keer ‘n jaar gevra te word. Daar moet erken word dat daar al heelwat gebeur het wat versoening betref in die

Suid-Afrikaanse konteks, tog is daar nog 'n lang pad wat voorlê vir sosiale kohesie¹ om te geskied.

In die volgende hoofstukke gaan die navorser nadere ondersoek instel na die konsepte sosiale kohesie en versoening. In hierdie studie gaan die konsepte sosiale kohesie en versoening as komplimentêre begrippe gebruik word. Die navorser sluit aan by die sosiaalwetenskaplike gebruik van die konsep sosiale kohesie en gebruik dan daarmee saam die teologiese konsep van versoening om aan te dui dat daar veel meer ter sprake is as net die voor die handliggende verstaan van die twee begrippe. Hierdie navorsing wil nie soseer die proses van versoening ondersoek nie, maar om spesifiek te fokus op die bydrae wat die Christelike boodskap in die vorm van die liturgie tot die proses van versoening kan bydra (Schreiter, 1992:12) en ook die rol van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk). Die proses van versoening word wel oorsigtelik bespreek (sien hoofstuk 2, bladsy 53). Volgens Schreiter (2008:139) is God die een wat voortdurend besig is om die wêreld met Hom te versoen deur Jesus Christus en dit is die boodskap waarin die Christelike tradisie glo en verkondig. Deur hierdie proses van versoening word mense weer ingetrek in God se kring van liefde wat essensieel is aan die Christelike tradisie se verstaan van die liturgie. God se interaksie met die mens deur Sy versoeningsdade in Jesus Christus vorm die basis van die liturgie, vanuit hierdie gebeure antwoord die mens met sy hele lewe. 'n Belangrike liturgies-teologiese uitgangspunt van hierdie ondersoek is dat God die een is wat die inisiatief neem, volgens 2 Korintiërs 5:18

“Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van versoening toevertrou.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Vanaf die vroegste tye het die kerk op verskeie maniere bygedra tot die proses van versoening en sosiale kohesie. Hierdie spesifieke studie gaan fokus op die belang van die liturgie, aanbidding en rituele in die proses van versoening, sosiale kohesie

¹ Sosiale kohesie word deur McCracken gedefinieer as
“... a characteristic of a society dealing with the connections and relations between societal units such as individuals, groups, associations as well as territorial units.” (McCracken 1998)

en transformasie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Volgens Chrichton (1992:20) is liturgie en die verhoudings wat daarin en daardeur gevorm word van belang

“Liturgy is celebrated *with* others and the relationships between the members of the worshipping community are of the highest importance.”

In hierdie bogenoemde verhouding waarvan Chrichton praat, lê die essensie van transformasie en sosiale verandering wat potensieel deur die liturgie gedien kan word. Verskeie sosioloë bevestig dat ware gemeenskap lê in die een-tot-een verhouding wat daar tussen mense van ‘n gemeenskap bestaan (Jeffes, 2002; cf Baumeister & Leary, 1995; cf Loewy, 1993; cf Peck, 1987). En verskeie liturgiste beklemtoon die sosiale dimensie van rituele en liturgie (Lukken, 2005; cf Long, 2001).

Liturgie bestaan uit Christelike rituele en simbole (Barnard, 2000) waarvan gebede, liedere, Skriflesings en prediking deel uitmaak. Lebon (1988:9) verduidelik dat simbole en rituele uit twee aspekte bestaan, naamlik teologie en transformasie. Teologie van simbole en rituele verwys dan na die storie, boodskap en betekenis wat agter die simbool en ritueel lê. Simbole en rituele dra nie net betekenis nie, maar inisieer ook transformasie deur middel van nuwe waardes wat toegeeïen word aan individue of groepe (Keifert, 1992:117-128).

Verdere navorsing rakende multikulturele eredienste in die hedendaagse konteks van Suid-Afrika is nodig, aangesien die liturgie versoening en sosiale kohesie potensieel kan dien². Versoening is nie nét ‘n strategiese proses wat afgehandel moet word nie, maar ook ‘n voortgaande spirituele proses. Versoening word dus ‘n

² Navorsing met betrekking tot Liturgie en Versoening in die Suid-Afrikaanse konteks is al gedoen deur C.J. Wepener (2009) in sy boek *From Fast to Feast*. Volgens die navorser se medewete is daar nog nie ‘n studie gedoen oor multikulturele eredienste se rol met betrekking tot sosiale kohesie en die versoeningsproses nie. Juis daarom maak dit hierdie navorsing so belangrik.

lewenswyse wanneer mense in aanraking kom met die versoenende dade van God in hulle eie lewens en in hulle omliggende gemeenskappe wat juis deur die liturgie bewerkstellig word (Schreiter, 1992:60).

1.2. Vraagstelling

Die probleem van versoening en versoeningsrituele, soos die Nagmaal, is dikwels dat die rituele beide positiewe en negatiewe invloede uitoefen op die gemeenskap. Wanneer daar gekyk word na die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis met spesifieke fokus op die Nagmaal word dit duidelik dat die viering van die Nagmaal positiewe en negatiewe invloede uitgeoefen het op die gemeenskap van destyds. In 1652 is die Nederlandse Kerk geplant in Suid-Afrika en nie veel het verander wat die gang van 'n erediens betref nie (Barnard, 1981:377-379). Vandat die eerste kerk in Suid-Afrika geplant is, het almal saam erediens bygewoon: ryk en arm, slaaf en vry, bruin, swart en wit, manne, vrouens en kinders – 'n ieder en 'n elk was welkom. Tot en met die Sinodebesluit van 1857 wat die volgende sê

“De Synode beshouwt het wenschlijk en schrifmatig, dat onze ledematen uit die Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenome en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel , ten gevolg van de zwakheid van sommigen , de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen in die weg zou staan, de gemeente uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijke gebouw of gesticht genieten zal.” (Wepener, 2010:138-139).

Hierdie besluit van die Sinode het dit moontlik gemaak vir verskillende groepe om in aparte kerke erediens by te woon. Die sakrament wat veronderstel is om die viering van versoening te wees en wat veronderstel is om die teken van eenheid te wees, het die teenoorgestelde bewerkstellig (Wepener, 2010:138-139).

Alhoewel daar in die voorafgaande gedeelte klem gelê is op die negatiewe invloed van liturgie, is dit dan ook waar dat die liturgie opbouend kan wees en ook aanleiding kan gee tot transformasie. Dit word dan sterk beklemtoon in die volgende aanhaling

“So the liturgy can serve as the basic grounding for change...” (Poole, 2001:45).

Om hierdie aanhaling van Poole werklik te kan verstaan, is dit noodsaaklik om eerstens die aard van liturgie te verstaan. Adolf Adam stel dit duidelik in sy boek *Foundations of Liturgy: An Introduction to Its History and Practice* (1992:4) dat die liturgie onder geen omstandighede die werk van mense is nie. Die liturgie is die voortsetting van God se reddingsdade wat hy in Jesus Christus en deur die Heilige Gees bewerkstelling het. Dit beteken nie dat mense wat elke Sondag kerk toe gaan om 'n erediens by te woon passief insit in die liturgie nie. Hierdie verlossingswerk van God wat deur die liturgie gekommunikeer word, verwag 'n antwoord van elkeen wat dit hoor

“...his love for a return of love; his gracious action demands that human beings thank and praise him.” (Adam, 1992:5).

Deur die liturgie begin mense verstaan dat elkeen van hulle ook 'n taak op aarde het. Die liturgie help mense om te verstaan dat diens aan medemense en die redding van die wêreld ook hulle verantwoordelikheid is.

“On the one hand, the liturgy embodies the ‘vertical’ dimension (human beings-God) that can never be eliminated; on the other; it imposes the obligation of striving for a correct living of the ‘horizontal’ dimension (human being-fellow human beings-building of the world) and the strength to do so.” (Adam, 1992:8).

Wanneer die aard van die liturgie op hierdie wyse verstaan word, kan die liturgie opbouende en positiewe kwaliteite openbaar wat gebruik kan word om gemeenskappe te transformeer. Die gedagte van die liturgie wat gemeenskappe transformeer, vind noue aansluiting by Gerard Lukken se *sosiale dimensie* van rituele (Wepener & Van Der Merwe, 2009:208; cf Lukken, 1999). Die sosiale dimensie van rituele maak erns met die kollektiwiteit wat daar tussen mense van 'n gemeenskap bestaan. Die gemeenskapsgevoel en onderlinge verhoudings met mekaar is sentraal tot die verstaan van die sosiale dimensie van die liturgie. Aangesien die hele erediens en die daaglikse lewe opgebou word uit simbole en rituele wat erns maak met die sosiale dimensie soos deur Lukken beskryf, kan die navorser nie anders as om ook erns daarmee te maak nie.

Die navorsingsvraag vir hierdie studie word dus as volg geformuleer:

Watter ritueel-liturgiese kwaliteite tydens multikulturele aanbidding kan 'n positiewe en opbouende effek op sosiale kohesie en versoening in die huidige Suid-Afrikaanse konteks hê?

1.3. Doelstelling

Hierdie navorsing het ten doel:

- om eerstens die kern teoretiese konsepte waarmee die betrokke studie werk konseptueel te verduidelik.
- om tweedens volhoubare multikulturele liturgieë in die stad van Pretoria te identifiseer en te beskryf.
- om derdens die positiewe en negatiewe kwaliteite wat deel vorm van die multikulturele liturgieë te identifiseer.
- om vierdens die positiewe kwaliteite van die multikulturele liturgieë wat geïdentifiseer is te ontwikkel om sodoende 'n positiewe liturgiese teorie vir die

praxis te formuleer wat spesifiek op die Nederduitse Gereformeerde Kerk van toepassing is (Osmer, 2008).

1.4. Belang van die navorsing

Versoening in Suid-Afrika is een van die gewildste onderwerpe waaroor daar gedink word, waaroor daar geskryf word en waaroor daar gepraat word, eintlik al te veel oor gepraat is.

“...the time has come to live up to the new identities we have acquired by living through the previous two decades and to become fully initiated into a new dispensation.” (Wepener, 2011:13).

Die tyd van doen het nou aangebreek – dit is nou die tyd om waarlik versoening in Suid-Afrika uit te leef, oor alle grense heen: kultuur, ras, taal, ekonomiese- en sosiale klas. Die NG Kerk in Suid-Afrika kan ‘n positiewe en konstruktiewe rol speel in hierdie proses van versoening deur middel van die liturgie, rituele en simbole. Die NG Kerk speel ook op ander nie-liturgiese wyse ‘n rol in versoening byvoorbeeld gesprekke van eenheid, projek van missionale gemeentes ens. Hierdie nuwe fase/tydsgleuf waarin die Suid-Afrikaanse samelewing stadig, maar seker beweeg, vra vir rituele wat die nuwe *societas*³ dien. Hierdie liturgieë moet kwalitatief anders wees as die liturgie wat benodig was in die voorafgaande liminale fase.

Juis om hierdie rede is hierdie spesifieke navorsing van soveel belang, die gevoel en gedagtes met betrekking tot versoening vandag het verander, daarom is dit belangrik dat die liturgie dan ook by die nuwe konteks aansluiting vind. Deur middel van hierdie studie gaan daar dan vasgestel word hoe die liturgie kan verander om daadwerklik die proses van versoening en sosiale kohesie in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing te dien.

³ Sien bl. 26 vir verduideliking van die term.

1.5. Navorsingsmetodologie

Die benadering wat die navorser kies om te gebruik in hierdie spesifieke studie is kwalitatiewe empiriese navorsing. Dabbs (1982:32) beskryf kwalitatiewe empiriese navorsing as

“the notion of quality is essential to the nature of things.” (Berg, 2009:3).

Soos die aanhaling dan ook duidelik aantoon, kwalitatiewe navorsing fokus op kwaliteit en die diepte van die navorsing, dit het nie te make met die hoeveelheid inligting wat gebruik word soos in kwantitatiewe navorsing nie (Nieuwenhuis, 2007:51). Kwalitatiewe navorsing verwys dus na die betekenis, konsepte, definisies, karaktereenskappe, metafore, simbole en beskrywings van objekte. Kwalitatiewe navorsing neem die sosiale omgewing, asook die mense van die omgewing in ag. In hierdie navorsing gaan die navorser poog om ondersoek in te stel na die wyse waarop mense hulleself inrig in hulle sosiale omgewings. Asook die wyse waarop hierdie mense deur middel van simbole, rituele, sosiale strukture en sosiale rolle sin vind in hulle omgewings (Berg, 2009:3).

Die navorser kies om kwalitatiewe navorsing te gebruik in hierdie studie op grond van die volgende redes:

- **kwalitatiewe navorsing neem die natuurlike omgewing in ag** - in die geval van hierdie betrokke studie veronderstel dit natuurlik die erediens, waartydens die erediensgangers aktief of minder aktief deelneem aan die onderskeie liturgieë. Dit stel die navorser in staat om meerdere kennis te ontwikkel rakende die persone wat deelneem aan die liturgieë, die spesifieke liturgieë wat gebruik word, die wyse waarop die erediens geskied en hoe die plek lyk waar dit plaasvind. Al die bogenoemde stel die navorser in staat om deel te

wees van die belewenis van die betrokke mense in die omgewing waarin hulle kies om te aanbid.

- **kwalitatiewe navorsing maak gebruik van meervoudige metodes om data in te samel** – hierdie metodes is meeste van die tyd, interaktief en fokus op menslikheid. Hierdie metodes maak seker dat die persone wat deelneem aan die betrokke studie gemaklik en veilig voel.
- **kwalitatiewe navorsing maak voorsiening vir buigsaamheid tydens die navorsingsproses** – hierdie spesifieke manier van navorsing doen, laat ruimte vir ontwikkeling en verandering soos die proses van die navorsing verloop.
- **kwalitatiewe navorsing is in essensie om voortdurend te interpreteer** – die navorser sal nadat al die data ingesamel is vir die studie ‘n interpretasie maak van die ingesamelde data, om gevolgtrekkings te maak oor die teoretiese en persoonlike betekenis daarvan. Verder word dit wat geleer is deur hierdie studie neergepen, asook nuwe vrae wat vorendag gekom het.
- **kwalitatiewe navorsing ondersoek sosiale fenomene op ‘n holistiese wyse** – hierdie metode van navorsing neem dus die geheel in ag wanneer die betrokke sosiale fenomeen ondersoek word.
- **kwalitatiewe navorsing reflekteer die rol van die navorser sistematies** – hierdie metode van navorsing verreken die effek wat die navorser op die studie uitoefen. Kwalitatiewe navorsing erken die subjektiwiteit van die navorser met betrekking tot die studie (Creswell, 2003:181-183).

Binne hierdie kwalitatiewe empiriese benadering gaan die navorser die volgende twee metodes gebruik om data in te samel vir die studie. In die eerste plek gaan die navorser deur middel van ‘n literatuurstudie bronne ondersoek wat lig sal werp op die wyse waarop die liturgie ‘n rol kan speel om versoening en sosiale kohesie in die Suid-Afrikaanse konteks te bevorder. Literatuur wat bestudeer word, sal spesifiek in die veld van Liturgiek en Kulturele Antropologie wees. Die werk van Victor Turner sal van die uiterste belang wees in hierdie studie, aangesien hy fokus op die terme *societas* en *communitas*. Cas Wepener pas dit toe as hy duidelik stel:

“...we have entered a new *societas*, a new structure in which work must be done...” (Wepener, 2011; cf Wepener, 2004:113, cf Turner, 1967:93).

In die tweede plek sal die empiriese data ingesamel word deur middel van deelnemende observasie, waartydens die navorser deelneem aan die erediensgebeure terwyl daar notas geneem word van die deelnemers se gedrag en hoe hulle dit waaraan hulle liturgies deelneem, toe-eien, asook dit wat plaasvind tydens so ‘n erediens. Deelnemende observasie word deur Jorgensen as volg gedefinieer

“Ultimately, the methodology of participant observation aims to generate practical and theoretical truths about human life grounded in the realities of daily existence.” (Jorgensen, 1989:14)

Die navorser gaan drie gemeentes in Pretoria identifiseer wat weekliks multikulturele eredienste hou. Nadere ondersoek van die gebeure tydens die drie multikulturele eredienste sal op die volgende wyse en deur die volgende navorsingstegnieke geskied.

- **Beskrywing van die erediensgebeure⁴** - ‘n gedetailleerde beskrywing van die plek waar die eredienste gehou word, word weergegee met die volgende vrae as riglyne.
 - Watter tipe plek of gebou is hierdie?
 - Is hierdie plek wat gebruik word vir eredienste tipies kenmerkend van hoe geboue lyk waar eredienste gehou word?
 - Hoe is hierdie ruimte waarin die eredienste gehou word, ingerig?
 - Is die liturgiese ruimte gewoon of ongewoon ingerig?
 - Watter tipe simbole word in die liturgiese ruimte aangetref?

⁴ “Thick descriptions entail highly detailed accounts of what has been experienced in the field, so that one short interaction can cover a couple of pages of ‘thick’ descriptions and the analysis of the interaction can be a very complex exercise”. (Bailey 1996:4).

Deur bogenoemde vrae te beantwoord kan, genoegsame inligting rakende die ruimte waarin die eredienste gehou word gedetailleerd weergegee word. Sodoende kan daar reeds voorlopige afleidings gemaak word wat later in die studie handig te pas kan kom. Dieselfde strategie gaan gebruik word wanneer daar na die mense wat die erediens bywoon, gekyk gaan word om inligting rakende hul ervaring neer te pen. Die volgende vrae sal gebruik word om ondersoek na die ervaring van mense tydens hierdie eredienste te ontgin.

- Op watter wyse is die mense wat deelneem aan die erediens georganiseer? (Paartjie, vriende, familie of enige ander patrone soos geslag of ouderdom?)
- Watter tipe verhoudings bestaan daar ooglopend tussen die mense wat teenwoordig is by hierdie eredienste?
- Wat is die mense se ooglopende belewenis van dit wat gebeur tydens die eredienste?

Hierdie vrae het ten doel om 'n wye verwysingsraamwerk te skep waarbinne inligting rakende die mense en hul gedrag opgeteken kan word (Jorgensen, 1989:82-85).

- **Fokusgroepgesprekke** – die fokusgroepgesprekke is 'n gespreksmodel wat ontwikkel is juis vir klein groepe van mense wat dikwels nie verwant aan mekaar is nie. Hierdie groep word bepaal en gevorm en ook gefasiliteer deur die betrokke navorser van die studie. Gesprek word dan gestimuleer oor 'n bepaalde onderwerp waarvoor daar navorsing gedoen word (Berg, 2009:158). In hierdie geval sal die betrokke navorser by elkeen van die drie eredienste 'n fokusgroep saamstel wat verteenwoordigend is van die mense wat die erediens op 'n gereelde grondslag bywoon. Elke betrokke groep sal na die aanvang van die verskillende eredienste bymekaar kom waar 'n gesprek gefasiliteer sal word om die gedagtes en opinies te bekom rakende die betrokke liturgie en hoe dit moontlik 'n rol kan speel in terme van versoening en sosiale kohesie in die Suid-Afrikaanse konteks.
- **Halfgestruktureerde onderhoude** – halfgestruktureerde onderhoude word gevind tussen gestruktureerde onderhoude en informele onderhoude. Hierdie

tipe onderhoud behels 'n paar vrae wat die navorser aan elke groep vra, alhoewel die volgorde en taalgebruik kan verskil. Verder word die groep gefasiliteer in gesprek oor die sake wat ter tafel gekom het. Tydens halfgestruktureerde onderhoude kan die navorser ook vrae beantwoord en selfs verdere verduideliking aan die groep verskaf soos benodig (Berg, 2009:105-109; cf Nieuwenhuis, 2007:87).

1.6. Afbakening van die navorsing

Heelwat is alreeds geskryf oor die versoeningsproses en die rol wat die NG Kerk daarin kan en selfs moet speel. Enkele ondersoek is al gedoen oor versoeningsrituele en simbole (Wepener, 2009; cf Nolte-Schamm, 2006; cf Hay, 1998) wat kan bydra tot die proses van versoening. Die tema van multikulturele liturgieë met die oog op sosiale kohesie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks is nog nie onderneem nie en is die navorsingsleemte waarbinne hierdie ondersoek uitgevoer sal word. Hierdie navorsing word dan toegespits op deeglik beplande multikulturele liturgieë in die stad van Pretoria, om ondersoek in te stel na die ritueel-liturgiese kwaliteite van multikulturele liturgieë wat 'n bydrae kan lewer tot die proses van versoening en sosiale kohesie in die huidige Suid-Afrikaanse konteks.

HOOFSTUK 2:

TEOLOGIESE EN SOSIOLOGIESE INTERPRETASIE VAN DIE HUIDIGE SOSIALE KONTEKS VAN SUID-AFRIKA

‘n Beperkte teologiese en sosiologiese omskrywing van die Suid-Afrikaanse samelewing deur middel van sentrale teoretiese begrippe naamlik, vergifnis, versoening, sosiale transformasie, sosiale kohesie en sosiale identiteit.

2.1. Inleiding

Agtien jaar gelede het Suid-Afrika uit die kloue van Apartheid ontsnap. Een van die vele gevolge van die vorige politieke bedeling was die vorming van ‘n samelewing wat geskei is op grond van ras en etnisiteit. In 1998 is daar bevind dat alhoewel die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners hoop vir ‘n toekoms sonder rasseverdeeldheid het, is bewys dat heelparty mense steeds ander met wantroue bejeën (Williams, 2011). Alhoewel

“... unity in diversity...” (Williams, 2011)

‘n slagspreuk is wat gereeld in nuusberigte gelees en oor die radio gehoor word, is daar nog verskeie tekens wat aantoon dat die huidige Suid-Afrikaanse samelewing nog nie heeltemaal tot verhaal gekom het in terme van rasse verhoudinge nie. Die idee van eenheid binne diversiteit is ook die amptelike leuse van die land en word ook op die landswaapen van Suid-Afrika gevind, dit is dus ‘n belangrike waarde van die Suid-Afrikaanse samelewing. Met dit gesê, poog die navorser in hierdie gedeelte om ‘n breë oorsig van die sosiale konteks van Suid-Afrika te skets deur gebruik te maak van teologiese en sosiologiese interpretasie. Verder word sentrale teoretiese

konsepte verken met spesifieke betrekking tot die Suid-Afrikaanse samelewing en hoe dit tans funksioneer.

Die navorser gaan begin deur 'n teologiese en sosiologiese interpretasie van die konteks van Suid-Afrika weer te gee, wat beperk word deur die aspekte van versoening en sosiale kohesie. Na aanleiding van die sosiale konteks wat geskets is, word daar dan ondersoek ingestel na multikulturele eredienste en die liturgiese teologie wat daaragter lê. Die teologiese en sosiologiese interpretasie van die huidige konteks van Suid-Afrika dien dan as raamwerk van waaruit die navorser werk om multikulturele liturgieë te ondersoek.

2.2. Teologiese en sosiologiese interpretasie van die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika

Net soos vele ander lande regoor die wêreld, word Suid-Afrika ook gekenmerk deur periodes van onderdrukking, konflik en opstand. Suid-Afrika word steeds elke dag gekonfronteer met 'n geskiedenis van sosiale, ekonomiese en politieke verdeeldheid (Chapman, 2003:1). Daarmee saam word die Suid-Afrikaanse gemeenskap ook gekenmerk deur diep verdeeldheid tussen rasse (Kunene, 2009:4). Geïnstitusionele rassisme, onreg en geweld word gesien as die hart van die Apartheidsregime in Suid-Afrika (Chapman, 2003:1; cf Van der Merwe, 1996:78; cf De Gruchy, 2002:32). Vele akademiese dokumente is al geskryf oor die Apartheidsera wat deel vorm van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Hierdie spesifieke studie fokus nie op die Apartheidsera as sodanig nie en sal daarom ook nie die era in diepte bespreek nie.

Hierdie studie fokus op die huidige Post-Apartheid konteks, presies agtien jaar nadat die land tot demokratiese republiek getransformeer is. Natuurlik word die Apartheidsera in ag geneem aangesien 'n groot deel van die huidige konteks direk

afhanklik is daarvan. Die Apartheidsstelsel volgens Chapman (2003:3) word beskryf as 'n

“... compulsory racial separation enabled a white minority amounting to some thirteen percent of the population to monopolize economic and political power and relegate the black majority to a subordinated and politically powerless status.” (Chapman, 2003:3).

Apartheid het nie net ekonomiese en politieke skeiding veroorsaak nie, maar het ook 'n sielkundige tol geëis. Volgens Chapman (2003:5) het die Blanke meerderwaardigheid en die Swart minderwaardigheid diep spore van sosiale skeiding, sielkundige wonde en wantroue tussen die twee groepe gekweek. Bernard Spang (2003:5) beaam die bogenoemde met die volgende woorde

“Apartheid laws supported a social mentality of ‘us and them’.” (aangehaal deur Chapman, 2003:5).

Gedurende die Apartheidsera in Suid-Afrika het etlike religieuse liggame 'n bepalende rol gespeel in die gebeure, beide as opponente van die stelsel en ook as ondersteuners van die stelsel. Die NG Kerk in besonder het gedien as een van die pilare van Apartheid (Chapman, 2003:6; cf De Gruchy, 2002:32). Die NG Kerk het 'n tradisionele teologie van rasse skeiding gepreek en daarom is verskillende eredienste en selfs verskillende kerklike strukture (NGSK⁵, RCA⁶, NGKA⁷) ontwikkel vir verskillende rasse (Chapman, 2003:7). Vanaf 1986 het die NG Kerk se Sinode haarself gedistansieer van aktiewe betrokkenheid by die Apartheidstelsel. Ander tradisionele geloofsgemeenskappe het ook 'n teologie van rasseverdeeltheid gepreek soos die *The Apostolic Faith Mission*, asook ander konserwatiewe en pentakostalistiese geloofstradisies. Verskeie regse religieuse groepe soos die

⁵ Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk wat rondom die 1990's saam met dele van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika die VGK geword het, het bekend geword as die Verenigende Gereformeerde Kerk (Wepener, 2005:615).

⁶ Reformed Church in Africa

⁷ Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika

Christian League of Southern Africa, The Catholic Defense League en die *Anglican Reform League* het ook die Apartheidsbeleid ondersteun (Chapman, 2003:7).

In kontras met die bogenoemde religieuse groepe, was daar ook religieuse groepe wat die Apartheidsstelsel teengestaan het - een welbekende ekumeniese liggaam was die van die *South African Council of Churches* (SACC) (De Gruchy, 2002:34). Verskeie gemeentes het ten spyte van die Apartheidswetgewing begin om op Sondagoggende multikulturele eredienste te hou, byvoorbeeld *St Albans Anglican Church* in die middestad van Pretoria. In 1986 is die *Kairos Dokument* deur 'n progressiewe groep Swart teoloë opgestel. Die dokument het religieuse liggame gekritiseer vanweë hulle verdoemende uitsprake teen Apartheid en hulle onvermoë om daadwerklik op te tree (Chapman, 2003:8; cf De Gruchy, 2002:36). Hierdie dokument het natuurlik ook die NG Kerk se ondersteuning van Apartheid gekritiseer, maar meer nog hierdie dokument het die gemeenskap gewaarsku teen die idee van 'goedkoop versoening'. Die dokument het aangevoer dat

"...authentic reconciliation could only follow white repentance and a clear commitment to fundamental change." (Chapman, 2003:8).

Hierdie geskiedenis van Suid-Afrika het gelei tot die ontstaan van die Waarheids- en Versoeningskommissie van Suid-Afrika (WVK) met die mandaat om balans te handhaaf tussen waarheid en die bevordering van versoening (Chapman, 2003:10). Verskeie sekulêre en religieuse leiers het gesê dat vergifnis en versoening nie kan gebeur voordat daar vrede gemaak is met die gebeure van die verlede nie. Dit beteken hoegenaamd nie dat die gebeure van die verlede vergeet of onderdruk moet word nie (Chapman, 2003:10). Alhoewel hierdie teorie heeltemal van toepassing is, was die uitwerking daarvan in die praktyk 'n perd van 'n ander kleur.

Wanneer daar teruggekyk word oor die geskiedenis van Suid-Afrika kan die huidige Suid-Afrikaanse samelewing 'n sug van verligting saam met W.L. Van Der Merwe slaak.

“Suffice to say that only two years ago it was not unreasonable for many of us to expect the worst possible scenario, a massive civil and ethnic war, the Southern African counter point to Bosnia and Rwanda.” (Van der Merwe, 1996:76; cf De Gruchy, 2002:38).

In retrospek is dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse samelewing die bogenoemde scenario ontkom het, nie net te danke aan die onderhandelinge van politieke leiers nie, maar ook

“...because of the unexpected emergence of an ethos of solidarity amongst ordinary South Africans of all colours, creeds and cultures, a commitment to peaceful co-existence in the absence of uniformity.” (Van der Merwe, 1996:76).

Aan die ankerkant kan daar ook nie ontken word dat hierdie etos van solidariteit tussen Suid-Afrikaners wel broos is en somtyds regtig moeilik is om te handhaaf wanneer die volle besef van die diversiteit van die samelewing in ag geneem word. Dit word eintlik algemeen aanvaar dat Suid-Afrika 'n sterk filosofiese tradisie veronderstel in terme van multikulturalisme, tog is dit glad nie die geval wanneer daar gekyk word na die aantal akademiese werke oor of aangaande die onderwerp nie. Daarom is hierdie spesifieke studie van belang in die huidige konteks van Suid-Afrika om op 'n teoretiese en ook pragmatiese vlak 'n bydrae te lewer tot die filosofie, teorie en teologie van multikulturalisme.

Die immer gewilde Suid-Afrikaanse liedjieskrywer en komponis, David Kramer, is bekend vir sy treffende beskrywings en omskrywings van die Suid-Afrikaanse


samelewing. Hy het die volgende opmerking gemaak toe die Apartheidsregime hoogty gevier het.

“Everyday in South Africa I am confronted by bizarre contradictions: in a hardware store I buy *riempie* from a Chinese man who speaks seemingly fluent Zulu to his customers; an Afrikaner Nationalist who gives extra lessons in English, decorates her lounge with a reed mat, beads and assegais; I order a cold *Lion* from a Xhosa waiter who wears a red fez and white gloves; drive past a block of flats called St Tropez; watch lions and elephants in a circus that tours Southern Africa with a ring master in top and tails; a pot bellied ‘witch doctor’ dressed in skins and beads opens the door of luxury motor cars outside a four-star hotel; a Ndebele woman paints the pictures of windows on the mud wall of her home...It is a complex and exciting world and one searches for the beacons and sign posts. Yet apartheid denies all this. It erected fences, it separates, it avoids the future...” (Van der Merwe, 1996:78; sien Kramer, 1986:54).

Met hierdie ongelooflike beeld wat Kramer beskryf, kan daar opgewondenheid en hoop in Suid-Afrikaners se are bruis. Hierdie beeld toon aan dat die diverse sosiale, kulturele en etniese samelewing positiewe en opwindende moontlikhede bied vir die Suid-Afrikaanse samelewing (Van der Merwe, 1996:78). Die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing kan volgens Van der Merwe (1996:78) in twee hoofkategorieë ingedeel word, naamlik

- **Etniese diversiteit** – elke etniese groep in Suid-Afrika leef volgens bepaalde waardes, norme, lewenstyle, geskiedenis, rituele en simbole, reëls en regulasies, geslagsrolle en regte van mense, en natuurlik taal (Van der Merwe, 1996:78). Met die hoofbevindinge van die Sensus 2001 (Statistics South Africa, 2001:13) was daar 44,8 miljoen mense in Suid-Afrika. Volgens die *South African Survey 2009/2010* (South African Institute for Race Relations, 2009/2010:5) word die populasie van Suid-Afrika tans beraam op 49,9 miljoen mense. Die volgende diagram is deel van die Sensus 2001 en dui die demografiese verdeling van mense in Suid-Afrika aan.

Figure 5: Distribution of the population of South Africa by population group



Please refer to the introduction when reading this graph.

Black Africans constituted more than three-quarters of the total population of South Africa.


People

Diagram 1: Verdeling van Suid-Afrika per bevolkingsgroep

Vanuit hierdie diagram kom dit duidelik na vore dat vier uit elke vyf Suid-Afrikaners Swart is, soos dit ook gevind word in die algemene bevindinge van die Sensus 2001 (Statistics South Africa, 2001; cf South African Institute for Race Relation, 2009/2010:5).

Wanneer daar statisties gekyk word na die verskillende Huistale in Suid-Afrika as aanduiding van diversiteit, word daar aangedui dat Suid-Afrika 11 nasionale of amptelike tale het volgens die Grondwet van 1996. In die Sensus (Statistics South Africa, 2001) opname van 2001 lyk die diagram as volg.

Figure 6: Distribution of the population by language most often spoken at home page 14



People

Nearly a quarter of the population gave isiZulu as their home language.

Diagram 2: Verdeling van Suid-Afrika per Huistaal

Bogenoemde diagram wys hoeveel van die bevolking gebruik elke amptelike taal as Huistaal. Alhoewel Engels gesien word as die taal van wetenskap en handel, praat net 8,2% huishoudings Engels soos aangedui in die Sensus 2011 (Statistics South Africa, 2001). In teenstelling hiermee het meer as 'n kwart van die populasie Zulu as Huistaal opgegee, naamlik 23,8% (Statistics South Africa, 2001). Hierdie statistiek rakende taal en etnisiteit dien slegs om aan te dui hoe kompleks die sosiale diversiteit in Suid-Afrika is (Van Der Merwe, 1996:78).

- **Diverse lewenswyses en filosofieë** – dit is net so moeilik om die diverse lewenswyses en filosofieë van mense in Suid-Afrika te omskryf. Daarom gebruik die navorser weereens die statistiek van die Sensus opname in 2001 ter verheldering van hierdie komplekse kwessie. Die volgende tabel uit die *Migration and Urbanisation in South Africa* dokument dui die migrasie en verstedeliking volgens ras aan.


Population group	Total population	Urban population	Rural population	Proportion urban
Black African	35 433 492	16 820 234	18 613 258	47,47%
Coloured	3 987 419	3 460 376	527 043	86,78%
Indian/Asian	1 113 183	1 085 279	27 904	97,49%
White	4 285 683	3 851 681	434 002	89,87%
Total	44 819 777	25 217 571	19 602 206	56,26%

Tabel 1: Migrasie en Verstedeliking volgens ras

Die tabel toon aan dat 'n klein persentasie, slegs 47,7%, Swartmense in stede woon volgens die Sensus opname in 2001, teenoor meer as 85% van die ander populasie groepe wat wel in stede woon (Kok & Collinson, 2006:19). Die belang van hierdie statistiek is wanneer daar besef word dat van die 52,3% Swartmense wat nog in die platteland woonagtig is meestal ongeletterd is. Hierdie mense leef steeds volgens die stam of groter gemeenskap se lewenswyses en norme en is eintlik nog heeltemal geïsoleer van die moderne Westerse kultuur en lewenswyse (Van Der Merwe, 1996:79). Hierdie bron is natuurlik gedateer en die syfers kan moontlik met 'n persentasie hierdie kant toe of daardie kant toe aangepas word, maar die argument wat Van der Merwe aanvoer, is steeds geldig.

Hierdie gedagte bring die navorser dan by opvoeding en die statistiek rondom skoolopleiding en verdere naskoolse opleiding. Die diagram wat uit die Sensus 2001 kom, dui aan dat een uit drie Suid-Afrikaners wat 20 jaar en ouer is, glad nie preprimêre opleiding deurgekom het, of geensins skoolopleiding gehad het nie (Statistics South Africa, 2003). In Suid-Afrika het 17,9% mense geen opleiding van enige aard nie. Wat wel waar is, is dat hierdie statistiek nie mense jonger as 20 jaar oud in gedagte het nie, daarom kan daar wel 'n verbetering wees in terme van opleiding (Statistics South Africa, 2003).

Figure 16: Distribution of the population aged 20 years and above by highest level of education completed



More than three in ten of those aged 20 and above had started but not completed secondary education. Eighteen per cent had no formal education.

People

Diagram 3: Verdeling van Suid-Afrika per opvoeding

Om hierdie sosiaal diverse samelewing nog meer kompleks te maak, moet geloof ook in berekening gebring word. Alhoewel sekularisasie (15,1% wat aandui dat hulle geen geloof aanhang nie) besig is om sy tol in Suid-Afrika te eis, is die volgende statistiek ten opsigte van geloof en godsdienst tog van belang (South African Institute for Race Relations, 2009:73).

Religion

Major religious affiliations in South Africa, 2001 (numbers and proportions)

<i>Religion</i>	<i>Number</i>	<i>Proportion of population</i>
African traditional beliefs	125 898	0.3%
Anglican churches	1 722 076	3.8%
Apostolic Faith Mission	246 193	0.5%
Bandla Lama Nazaretha	248 825	0.5%
Baptist churches	691 235	1.5%
Congregational churches	508 826	1.1%
Dutch Reformed churches	3 005 697	6.7%
Ethiopian type churches	1 150 102	2.6%
Hinduism	551 668	1.2%
Islam	654 064	1.5%
Judaism^a	75 549	0.2%
Lutheran churches	1 130 983	2.5%
Methodist churches	3 035 719	6.8%
No religion	6 767 165	15.1%
Orthodox churches	42 253	0.1%
Other African independent churches	656 644	1.5%
Other Apostolic churches	5 627 320	12.6%
Other beliefs	283 815	0.6%
Other Christian churches	2 890 151	6.4%
Other Reformed churches	226 499	0.5%
Other Zionist churches	1 887 147	4.2%
Pentecostal/Charismatic churches	3 695 211	8.2%
Presbyterian churches	832 497	1.9%
Roman Catholic Church	3 181 332	7.1%
Undetermined	610 974	1.4%
Zion Christian churches	4 971 931	11.1%
Total	44 819 774	100.0%

Tabel 2: Verdeling van Suid-Afrika per geloofstradisie

Hierdie vlugtige oorsig in terme van die statistiese analise van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing is om te bevestig dat die ryk beskrywing van multikulturaliteit toepaslik is. Na aanleiding van bogenoemde statistiek kan daar met reg gesê word dat Suid-Afrika verskeie uitdagings in die oog staar, byvoorbeeld globalisasie,

kulturele diversiteit insluitend taal-, geloof-, ras- en geslagskwessies (Booyesen, 2007:51).

Die vraag is dan natuurlik: **Wat is kulturele diversiteit?** In die volgende gedeelte gaan daar gepoog word om die teoretiese konsep van kulturele diversiteit te beskryf, naamlik:

- **Definisies van diversiteit** – voordat daar gedink kan word oor kulturele diversiteit is dit belangrik om eers 'n werksdefinisie te formuleer vir die konsep diversiteit. Volgens Loden en Rosener (2002:4) is diversiteit

“... the vast array of physical and cultural differences that constitute the spectrum of human diversity.” (Allard, 2002:4).

Rooseveldt (1995:246) skryf die volgende oor diversiteit

“Diversity refers to any mixture of items characterised by differences and similarities.” (Rooseveldt, 1995:246).

Wanneer hierdie twee definisies in ag geneem word, is dit belangrik om raak te sien dat diversiteit nie net beteken om te verskil nie. Diversiteit sluit gelyktydig verskille en ooreenkomste in (Booyesen, 2007:52). Die definisie van O'Mara lui as volg

“...race, gender, age, language, physical characteristics, disability, sexual orientation, economic status, parental status, education, geographicorigin, profession, lifestyle, religion, position in the company hierarchy and any other difference.” (O'Mara, 1994:115).

Bogenoemde demografiese gegewens is belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks, want dit gee 'n baie duidelike idee van hoe diversiteit hier funksioneer. Tog is dit nie voldoende om diversiteit net te verstaan vanuit demografiese gegewens nie, daarom voeg Chemers en Murphy (1995:157) nog 'n lens by waarmee daar na diversiteit gekyk kan word, naamlik kontekstuele diversiteit. Hulle verstaan kontekstuele diversiteit as die wyse waarop mense funksioneer binne “in”- en “uitgroepe”. Volgens

Chemers en Murphy (1995:157) en dan ook hierdie studie se werksdefinisie van diversiteit is

“...diversity pertains to the all inclusive mixture and not the different categories in isolation.” (Chemers & Murphy, 1995:157).

- **Definisies van kultuur** – die teoretiese konsep kultuur het soveel definisies as wat daar navorsers in die veld is (Dorfman, 1996; cf Tubbs Tisdale, 2000; cf Allard, 2002). E.P. Thompson is heeltemaal korrek deur te sê dat kultuur is ‘n

“clumpish term’, one which gathers up ‘many activities and attributes into one common bundle.’” (Green, 2008:1).

Voordat daar enigsins gekyk kan word na definisies van die woord kultuur, is dit belangrik om die etimologie van die woord te verstaan, aangesien dit tog lig werp op die betekenis van die konsep kultuur. Die heel eerste gebruik van die woord kultuur het verwys na die daad van plante kweek en na diere omsien. Vanaf die 16de eeu het die term kultuur begin verwys na die proses van menslike ontwikkeling wat later uitgebrei het tot die intellektuele, spirituele en estetiese dimensies van die samelewing (Green, 2008:2). In die laat 18de en 19de eeu het die woord kultuur oorgespoel na die gemeenskap toe, groepe het tot stand gekom wat geïdentifiseer is op grond van kulture en rasse. Daarom is dit vandag nog so dat die volgende drie dimensies steeds deel vorm van die wyse waarop mense kultuur verstaan en definieer. Hiermee dan die definisies van kultuur wat meestal gebruik word:

GLOBE (House, 1993; House *et al*, 2004) definieer kultuur as

“...the common experience of individuals which result in shared motives, values, beliefs, identities and interpretations or meanings of significant events.” (House, 1993; House *et al*, 2004).

Tayeb (1996:36) definieer kultuur as

“...a set of values that underline attitudes and actions of members of social groupings.” (Tayeb, 1996:36).

Hofstede (1991:4, 1994:5) definieer kultuur deur te kyk na die gemeenskaplike faktore asook die individuele faktore

“the collective programming of the mind which distinguishes the members of one group or category of people from another.” (Hofstede, 1991:4, 1994:5).

Elkeen van die bogenoemde definisies van kultuur beklemtoon op een of ander wyse dat daar 'n stel gemeenskaplike waardes of oortuigings is wat omgesit word in daad/optrede of gedrag.

- **Effektiewe bestuur van kulturele diversiteit** – die vraag met betrekking tot die bestuur van kulturele diversiteit gaan dikwels gepaard met die benadering wat gebruik word om konflik tussen kulturele groepe te oorkom. Die volgende benaderings vir die effektiewe bestuur van kulturele diversiteit is deur die loop van tyd probeer. In die eerste plek is daar vir 'n lang tyd na die samelewing verwys as 'n kookpot wat gebruik word om te beskryf dat verskillende rasse en kulture verenig sal word (Volf, 1996:20; cf De Lavallade, 1994:226). De Lavallade (1994:226) voer wel aan dat die nuwe metafoor wat gebruik word die van 'n slaaibak is aangesien

“Emphasis for now and in the future is being on valueing the distinctive differences of people.” (De Lavallade, 1994:226).

Dit veronderstel dus die teorie van multikulturaliteit, om die uitsonderlike verskille en ooreenkomste van verskillende rasse en kulture te waardeer en te vier (Degenaar, 2008:296). Volgens Allard (2002:7) is die wyse om kulturele diversiteit op 'n effektiewe manier te bestuur nie net om verskille te waardeer nie, maar ook die uniekheid van elke ras en kultuur te respekteer. Hy gebruik die volgende model om hierdie teorie te illustreer, aanvanklik is kulturele diversiteit bestuur deur middel van assimilasië, elke kultuur moes assimileer om een nuwe kultuur te vorm. Daarna is daar baie klem gelê op die verskille tussen kulture. Die huidige teorie van kulturele diversiteit berus op integrasie, waardering van verskillende kulture en om kulture se uniekheid te respekteer. Tog funksioneer die Suid-Afrikaanse samelewing nog in terme van assimilasië (Van der Walt & Ramotsehoa, 2001, cf Ocholla, 2002, cf Booyesen & Nkomo & Beaty, 2002).



Diagram 4: Effektiewe Bestuur van diversiteit

Bron: (Allard, 2002:7).

2.3. Beskrywing van sentrale teoretiese konsepte met betrekking tot die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika

In die voorafgaande gedeelte is daar 'n breë en oorsigtelike beskrywing van die sosiale konteks van Suid-Afrika geskets deur middel van historiese terugblikke op die geskiedenis van die land. Die sosiale konteks van Suid-Afrika is ook verhelder deur die statistiese analise van die Sensus opname in 2001 weer te gee, aangesien die mees onlangse Sensus opname in 2011 nog nie bekend gemaak is nie. Vir hierdie navorsing is dit belangrik om die geskiedenis van Suid-Afrika goed te verstaan, om te weet van waar die land gekom het tot waar die land op hierdie huidige oomblik is. Die tema *Religion and Social Transformation* word weer en weer beklemtoon in die huidige Suid-Afrikaanse konteks, aangesien geloof nog altyd 'n groot impak gemaak het op die samelewing in geheel (Olupona, 1999:ix). Hierdie studie word gefundeer in die hoop dat geloof 'n positiewe rol kan en gaan speel met betrekking tot sosiale transformasie in die Post-Apartheid Suid-Afrika.

In hierdie gedeelte van die navorsing gaan die navorser poog om steeds die huidige konteks van die Suid-Afrikaans samelewing te skets deur gebruik te maak van bepaalde teoretiese konsepte, naamlik:

2.3.1. Teorie van vergifnis

Wanneer daar teruggekyk word na die geskiedenis van Suid-Afrika is die groot onreg wat aan mense gedoen is aan die orde van die dag. Herhaalde kere is daar al gesê dat die Suid-Afrikaanse samelewing 'n getraumatiseerde samelewing is en groot behoefte aan vergifnis en heling het. Die vraag is dan natuurlik, wat is vergifnis en wat maak dat mense mekaar vergewe? Hierdie twee vrae, naamlik die definisie of omskrywing van vergifnis en hoe mense dit regkry om te vergewe, is uiters komplekse en sensitiewe vrae (Worthington, 2006:17). Hierdie twee vrae is krities belangrik vir hierdie studie wat fokus op transformasie en die opbou van 'n getraumatiseerde samelewing, want sonder vergifnis kan herstel nie plaasvind nie.

Die volgende psigologiese teorieë van vergifnis gaan bespreek word.

a. Interpersoonlike Modelle van Vergifnis

- **Baumeister** – Baumeister, Exaline & Sommer (1998) het twee komponente van vergifnis geïdentifiseer, naamlik interpersoonlike vergifnis en intrapersoonlike vergifnis. Interpersoonlike vergifnis verwys dan na die onderlinge vergifnis. Intrapersoonlike vergifnis dui op die uitdrukking of die gebrek daaraan teenoor die self (Worthington, 2006:18). Wanneer daar verwys word na interpersoonlike vergifnis en intrapersoonlike vergifnis word vier moontlikhede van vergifnis geskep.
 - Geen interpersoonlike vergifnis of intrapersoonlike vergifnis nie – die persoon is heeltemal onvergewensgesind.
 - Stille vergifnis – wanneer die slagoffer die kwaaddoener vergewe het, maar dit nooit aan hom/haar noem nie.
 - Leë vergifnis – dit dui aan dat 'n slagoffer vir die kwaaddoener sê hy/sy vergewe is, maar die slagoffer voel nie eintlik vergewensgesind teenoor die kwaaddoener nie.
 - Volledige vergifnis – interne vergifnis word teenoor die kwaaddoener getoon (Worthington, 2006:18).

b. Intrapersoonlike Modelle van Vergifnis

- **‘n Besluitgefundeerde model** – die besluitgefundeerde model funksioneer as volg

“the cognitive letting go of resentment and bitterness and need for vengeance. However, it is not always the end of emotional pain and hurt. Forgiveness here is viewed as an act of the will, a choice to let go or to hold. People can separate their thoughts of resentment and bitterness from their feelings of hurt. (Worthington, 2006:21; sien DiBlasio, 1998:76).

- **Emosie gesentreerde modelle** – hierdie model word gebaseer op Malcolm & Greenberg (2000) se artikel waarin hulle vyf komponente aantoon voordat vergifnis kan plaasvind.
 - Die aanvaarding van sterk emosies soos woede, ang en hartseer.
 - Die afsien van vorige interpersoonlike behoeftes waaraan daar nog nie aandag gegee is nie.
 - ‘n Verandering in die wyse waarop die slagoffer na die kwaaddoener kyk.
 - Ontwikkeling van empatie teenoor die kwaaddoener.
 - Die konstruering van ‘n nuwe narratief vir die self en vir ander (Worthington, 2006:23).

Hierdie is slegs enkele teorieë rakende vergifnis wat elkeen bydra tot die teoretiese legkaart van vergifnis. Net soos daar verskillende wyses is waarop mense mekaar vergewe, net so is daar ook verskillende tipes vergifnis. Natuurlik word daar gepraat van vergifnis tussen familieledede en vriende, asook kennisse. Dan is elke mens ook deel van ‘n groter sosiale gemeenskap. Vergifnis word in ‘n sosiale konteks ingebed (Worthington, 2006:197).

Meeste van die tyd beleef mense ‘n gebrek aan vergewensgesindheid teenoor mense wat die naaste aan hulle is, natuurlik met goeie rede aangesien dit die mense is met wie die mense die meeste in aanraking kom (Worthington, 2006:237). Dan is daar ook ‘n ander tipe vergifnis nodig aangesien mense in ‘n groter sosiale konteks funksioneer. Die samelewing en hoe mense in hierdie samelewing funksioneer, kan ook wonde oopkrap. Elke mens is deel van ‘n spesifieke groep of dit gebaseer word

op ras, taal of kultuur, kan veroorsaak dat daar wrywing ontstaan tussen twee verskillende groepe (Worthington, 2006:237). Wanneer hierdie wrywing tussen verskillende groepe nie op die regte manier ontlont word nie, kan dit ernstige gevolge inhou vir die groter samelewing naamlik konflik, geweld teenoor groepe en selfs massamoord (Worthington, 2006:237). Vergifnis en die proses van vergifnis is reeds kompleks wanneer dit kom by familieleden en vriende. Die vraag is dan hoe bevorder mense vergifnis en versoening tussen mense wat skynbaar onversoenbaar is en met 'n geskiedenis van konflik en geweld teenoor mekaar? Is dit moontlik met die Suid-Afrikaanse geskiedenis om sosiale vergifnis en versoening te bevorder?

Dis nie maklik om mense te vergewe wat 'n onreg teenoor die self gepleeg het nie, dit is selfs nog moeiliker om te vergewe wanneer dit iemand is wat nie deel is van die sosiale groep waarvan die persoon deel is nie. Die volgende redes word gegee:

- Eerstens het mense die geneigdheid om mense wat nie aan hulle sosiale groep behoort nie te hanteer as *subhumans*. Die teorie wat hierdie die sterkste beklemtoon, word genoem *psychological essentialism* genoem en dit veronderstel

“that people define their in-group as being endowed with the prototypical human essence. Because the out-group is seen as different, it is somehow seen as *infrahuman*.” (Worthington, 2006:258, sien Haslam, Rothschild & Ernst, 2000).

- Tweedens is dit moeilik om wonde te genees wanneer onreg aan 'n persoon gedoen is, wat nie deel van die persoon se sosiale groep is nie, as gevolg van wantroue teenoor die hele groep. Dit is makliker om individue te vertrou aangesien 'n individu as redelik betroubaar gesien word (Worthington, 2006:258). 'n Groep in teenstelling met 'n individu tree partykeer op maniere op wat in teenstelling is met almal in die groep, maar as gevolg van die mag van die meerderheid word die groep se gedrag bepaal.
- Derdens affekteer jou sosiale groep se siening jou siening van 'n ander sosiale groep se identiteit (Worthington, 2006:259).

Alhoewel elkeen van die bogenoemde redes tot 'n gebrek aan vergewensgesinheid kan lei, is dit geen rede om moedeloos met jou hande in jou hare te laat nie. Daar is hoop vir vergifnis tussen verskillende sosiale groepe. Faulkner is bekend vir sy gesegde

“The past is not dead, it is not even past.” (Worthington, 2006:259).

Hierdie is 'n belangrike gesegde om te onthou wanneer ons met 'n geskiedenis soos die Suid-Afrikaanse geskiedenis werk. Wanneer daar gepraat en gedink word oor ongeregthede tussen verskillende sosiale groepe, is die verlede dikwels nie vergete nie, intendeel die verlede is steeds elke oomblik teenwoordig (Worthington, 2006:259). Wanneer daar gepraat word oor die verlede is dit dikwels 'n geval van

“Forgive and forget.” (Müller-Fahrenheit, 1997:36).

In hierdie studie wil die navorser vergifnis nie verstaan as die vergewe en vergeet gedagte wat so dikwels opkom wanneer ons praat oor die land se geskiedenis nie. Volgens Anne Green (2008:97) in haar boek *Cultural History* is om te onthou dat 'n belangrike terapeutiese proses moet plaasvind, sodat vergifnis en versoening kan geskied. Sy definieer geheue dus as volg

“Remembering, therefore, is an active process of seeking to make sense of the past, an ‘effort after meaning’.” (Green, 2008:97).

Die feite bly staan dat dit die land se geskiedenis is, dat daar wel groot onreg gepleeg is teenoor 'n groot groep van die land se mense. Wat hierdie teorie van vergifnis wil uitwys, is dat die verlede altyd deel van ons verlede bly, dit is 'n gegewe, maar wanneer opregte vergifnis uitgespreek word teenoor die kwaaddoeners, neem

dit die bitterheid en die seer uit die land se verlede. Dit gee dan geleentheid vir 'n nuwe tydperk wat aanbreek, 'n tydperk van hoop en nuwe geleenthede (Müller-Fahrenheit, 1997:36; cf Deist, 1997:34).

Dit is 'n moeilike en komplekse proses om te kom tot by wedersydse empatie, wedersydse simpatie, medelye, liefde en vergifnis. Die vraag is dan hoe word dit moontlik gemaak dat 'n gemeenskap wat gekenmerk word aan verdeeldheid op hierdie plek van wedersydse vergifnis kom? Die volgende metodes word dikwels gebruik

- **Waarheid** – onreg het twee verhare, beide die kwaaddoeners en die slagoffers dink hulle verhare is die waarheid. Beide kwaaddoeners en slagoffers dra hulle storie oor aan hulle kinders en kleinkinders. Die boodskap wat oorgedra word deur hierdie stories is

“They hurt us. Don't trust them. They'll take advantage of you. They'll destroy you if given the opportunity.” (Worthington, 2006:262).

Beide kwaaddoeners en slagoffers glo dat die waarheid hulle sal vrymaak, elke groep se waarheid verskil egter (Worthington, 2006:262). Waarheid is 'n voorvereiste vir geregtigheid om te geskied.

- **Geregtigheid** – vergifnis en versoening kan bevorder word deur 'n gevoel van sosiale geregtigheid.

“Justice involves retributive justice, restorative justice or compensatory justice and procedural justice.” (Worthington, 2006:264).

- **Gedeelde geskiedenis** – vergifnis en versoening sal slegs plaasvind wanneer die twee verskillende sosiale groepe bymekaar kom om hulle stories met mekaar te deel en 'n nuwe gedeelde geskiedenis te konstrueer.

“... must involve a story of what happened, what caused the events, why each blames the other, why neither wants to consider the side of the other and why neither wants to be the first to understand the side of the other.” (Worthington, 2006:264; cf Müller-Fahrenheit, 1997:53).

- **Kontak met ander sosiale groepe** – Worthington (2006:263) het gevind dat mense wat kontak met ander sosiale groepe op 'n gereelde grondslag het, ervaar vergifnis en versoening. Kontak met ander sosiale groepe veronderstel

“... mutual enriching interactions.” (Worthington, 2006:264).

- **Voorkoming van 'n herhaling van die geskiedenis** – om te voorkom dat 'n herhaling van die geskiedenis plaasvind, is om seker te maak dat mense bewus is van die impak wat hierdie gebeure gehad het op mense. Om te verstaan, is deel van die proses van vergifnis.

Hierdie metodes is gebruik deur die Waarheids- en Versoeningskommissie met die stigting van die kommissie in 1995. Die mandaat van die betrokke kommissie was

“... to balance truth finding with promoting reconciliation.” (Chapman, 2003:10).

Die Waarheids- en Versoeningskommissie het baie vir die land beteken met betrekking tot die skep van 'n platform waar mense se stories gehoor kon word en waar geregtigheid geskied het.

Hierdie studie is 'n teologiese studie en daarom moet teologiese bronne ook in aggeneem word in die gesprek oor vergifnis en hoe mense dit regkry om vergifnis uit te leef teenoor ander wat hulle onreg aangedoen het. Regoor die wêreld bely Christene hulle geloof met die woorde

“ ... I believe in the forgiveness of sins.” (Müller-Fahrenheit, 1997:2; cf De Gruchy, 2002:48).

Wanneer gelowiges hierdie frase sê wat word presies daarmee bedoel? In die alledaagse omgangstaal word vergifnis soms gebruik om te verwys na 'n spesifieke daad van skulderkenning. Dit veronderstel dat iemand skuld erken en dat 'n ander persoon in reaksie op die skulderkenning vergifnis uitspreek. Skulderkenning en vergifnis vorm dus 'n tweeledige proses om aan te toon hoe vergifnis in effek werk. In vandag se lewe het vergifnis nie meer die impak wat dit in die destydse samelewing gehad het nie, vanweë twee redes:

- die alledaagse manier waarop die konsep gebruik word en
- die inkonsekwentheid waarmee die konsep vandag gebruik word (Müller-Fahrenheit, 1997:3).

Dit wil dus voorkom dat vergifnis en hoe dit vandag gebruik word slegs 'n saak van beleefdheid geword het.

Wanneer 'n mens kyk na die Bybelse gebruik van vergifnis word 'n heel ander prentjie vir ons geskets. Die term vergifnis word baie in die Bybel gebruik en stam af van die Griekse term *afesi*. Die letterlike vertaling van die Griekse woord is a) verlos van slawerny, b) die opheffing van skuld of straf. In die Bybel word vergifnis verstaan as 'n proses waarin beide kwaaddoener en slagoffer betrokke is. Die kwaaddoener vra om vergifnis, waarop die slagoffer vergifnis teenoor die kwaaddoener uitspreek. Beide die slagoffer en die kwaaddoener word geraak deur hierdie gebeure van vergifnis. Heling vind plaas om 'n nuwe verhouding tussen die twee partye te vorm (Müller-Fahrenheit, 1997:4-5) .

“Forgiveness frees the future from the haunting legacies of the past.” (Müller-Fahrenheit, 1997:5).

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het nog meer nodig as om los te wees van die bande van die verlede soos verwoord deur Worthington

“Society needs a plan. That plan needs to be negotiated by all voices at the table so that relationships can be built and trust can grow. This will occur mostly as the warmth-based virtues and altruistic motives – such as grace, mercy and reconciliation – are emphasised and tolerance for differences can be brought about even in some of the more extreme members of each group.” (Worthington, 2006:268).

Die plan wat die Suid-Afrikaanse samelewing nodig het, soos Worthington daarna verwys, word gevind in die woorde van Miroslav Volf (1996:125) dat vergifnis die grens tussen uitsluiting en omhelsing oorsteek. Vergifnis word deur Volf verstaan as iets wat

“heals the wounds that the power-acts of exclusion have inflicted and breaks down the dividing wall of hostility. Yet it leaves a distance to go their separate ways in what is sometimes called ‘peace’ or to fall into each other’s arms and restore broken communion.” (Volf, 1996:126).

Volgens Volf is die Nagmaal die ritueel waarin mense hierdie goddelike “maakspasie-vir-ons-en-nooi-ons-in” vier. Deur die eet van die brood en deur die drink van die wyn word mense herinner aan die liggaam van Christus wat gebreek is “vir ons” die vyande van God. Die bloed wat gespil word, herinner mense aan die “nuwe verbond” wat God met mense sluit, aangesien die mens die vorige verbond verbreek het (Volf, 1996:129). Volf (1996:129) voer ook aan dat mense die Nagmaal totaal en al verkeerd interpreteer wanneer hulle glo dat die Nagmaal deur God se genade aan hulle geskenk is, sodat hulle die uiteindelijke begunstigdes is.

“Inscribed on the very heart of God’s grace is the rule that we can be its recipients only if we do not resist being made into its agents; what happens to us must be done by us.” (Volf, 1996:129).

Deurdat God ons omhels met Sy genade, moet ons die ruimte binne ons te skep om die ander in te nooi, selfs al is dit ons vyande en presies hierdie proses word uitgebeeld en uitgeleef tydens die liturgie wanneer die Nagmaal gevier word. Nadat

mense die wat teen hulle oortree het, vergewe en ruimte in hulleself gemaak het om hierdie mense te omhels. Dit staan bekend as een van die heel moeilikste prosesse. Dit is hier waar die proses van versoening tot stand kom wat in die volgende punt bespreek sal word.

2.3.2. Teorie van versoening

Vergifnis en versoening word dikwels vandag as wisselvorme van mekaar gebruik. Tog as 'n mens na die Bybel kyk, word dit duidelik dat die term versoening baie minder gebruik word in vergelyking met die term vergifnis (Müller-Fahrenheit, 1997:2). Versoening kom van die Latynse woord *reconcilium* af wat beteken

“... a deliberate process in which the conflicting partners meet each other ‘in council’ to work out their differing views and to arrive at some common agreement.” (Müller-Fahrenheit, 1997:2; cf De Gruchy, 2002:25).

Hierdie definisie dra 'n sterk politiese konnotasie, want wanneer daar oor versoening gedink word vanuit die Christelike tradisie dan is versoening veel meer as om net tot 'n eenstemmig oor 'n saak te kan dink. Volgens die Christelike tradisie behels versoening 'n radikale verandering in 'n mens se denkpatroon asook sy/haar gedrag teenoor vyande (Müller-Fahrenheit, 1997:3; cf De Gruchy, 2002:25). In die Bybel word versoening slegs twee keer gebruik om te verwys na die herstel van verhoudings tussen mense (sien Matteus 5:24 en 1 Korintiërs 7:11). Al die ander verwysings van versoening word gebruik wanneer God vanuit sy genade Homself met die mensdom en eintlik die hele *kosmos* versoen (Müller-Fahrenheit, 1997:2; cf De Gruchy, 2002:53).

Hierdie manier om na versoening te kyk, veronderstel dus dat mense geen aandeel het in versoening nie, die mens kan op geen wyse 'n bydrae lewer om versoening te laat gebeur nie. In die woorde van Müller-Fahrenheit (1997:4) word

“... they are granted ‘reconciliation’.” (Müller-Fahrenheit, 1997:4).

2 Korintiërs 5:17-21 word algemeen gebruik om die begrip versoening te verduidelik. Die teks lees as volg:

“Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeke julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Paulus maak dit dus duidelik dat versoening 'n sterk teologiese konsep is en dat God die enigste een is wat versoening kan bewerkstellig, versoening tussen God en mens, asook versoening tussen mens en mens (Müller-Fahrenheit, 1997:4). Wanneer versoening met God of met mense plaasgevind het, impliseer dit dat die verhouding tussen mens en God of tussen mens en mens herstel is (Worthington, 2006:197; cf Schwöbel, 2003:16).

John. W. De Gruchy se omvattende boek oor versoening *Reconciliation, Restoring Justice* laat 'n mens half ongemaklik met die lees van die boek. Teoloë en ook ander akademici is baie vinnig om versoening te klassifiseer as sentrale basis waarvandaan gewerk word. De Gruchy sien versoening as 'n konsep waaroor

mense versigtig oor moet praat en natuurlik met nederigheid (De Gruchy, 2002:14-20). Volgens De Gruchy (2002:20) is versoening dus

“... a human and social process that requires theological explanation, and a theological concept seeking human and social embodiment.” (De Gruchy, 2002:20).

Versoening gebeur wanneer woorde, aktiewe luister en dade bymekaar uitgebring word in die proses van hoop en liefde. Die manier waarop ons praat en die manier waarop ons na die ‘ander’ luister, is alreeds ‘n manier waarop ons dade versoening moontlik maak. Vanuit die Christelike tradisie is daar nie ‘n ander manier om oor versoening te praat as om stories te vertel of deur middel van simbole en rituele nie. Vir geslagte lank was dit die wyse waarop Christene die Bybelse waarhede onthou het en oorvertel het om sin te maak in hulle eie huidige omstandighede (De Gruchy, 2002:23).

In die Suid-Afrikaanse konteks wil dit voorkom asof versoening onder andere demokratiese transformasie en herkonstruering veronderstel (De Gruchy, 2002:25). Hierdie navorsing wil verder gaan as om te praat net oor demokratiese transformasie en herkonstruering, dit wil bewerk dat versoening sal plaasvind op interpersoonlike vlakke, dat sosiale heelheid sal geskied en dat dit sal lei tot die herstel en opbou van mense in Suid-Afrika. Versoening moet gesien word as ‘n reis waaraan die mense van Suid-Afrika deel het, dit is

“... a journey from the past into the future, a journey from estrangement to communion, or from what was patently unjust in search of a future that is just.” (De Gruchy, 2002:28).

Net soos in die geval van vergifnis, word die volgende metodes aangewend om versoening tussen mense te bewerk.

- **‘n Ruimte van ontmoeting word geskep** – ‘n spasie van ontmoeting wat geskep word, impliseer dat versoening nie kan gebeur sonder die twee vervreemde partye wat bymekaar kom om mekaar van aangesig tot aangesig te ontmoet nie. Dit is wanneer die twee partye mekaar se stories sal hoor en hopelik mekaar onderskeidelik sal aanhoor. Dit is tydens hierdie ontmoetings tussen kwaaddoener en slagoffer wat die kuns van versoening soos De Gruchy (2002:149) daaroor praat tot sy reg kom.
- **Om die waarheid te vertel** – om die waarheid te vertel, is om verskeie redes ‘n problematiese gebeure, aangesien die term waarheid na verskeie dimensies of vlakke van waarheid verwys (De Gruchy, 2002:154-156). De Gruchy sê

“Getting the truth is, after all, a dialogical process, always multifaceted, always incomplete...” (De Gruchy, 2002:159).

Om die waarheid te vertel, is slegs waardevol as mense interaktief daarby betrokke is. Wanneer die waarheid ‘n impak op mense se lewens het en dit nie net hul lewe verander nie, maar die verhoudings wat hulle met die ‘ander’ het, verander (De Gruchy, 2002:163). Die waarheid maak mense alleenlik vry en die waarheid genees mense alleenlik wanneer die waarheid geleef en gedoen word (De Gruchy, 2002:164).

- **Om te luister na die klank van woede** – woede en geweld is ‘n natuurlike reaksie vir mense wat getraumatiseer is (De Gruchy 2002:167). Om te luister na die woede van mense wat seergekry het gedurende die onderdrukkingsjare is nie net ‘n nodige stap om dieselfde soort gebeure te voorkom nie. Wanneer daar geluister word na die uitroepe van woede van mense wat seer het, is dit ook nodig om te erken dat hierdie slagoffers nie magtelose en passiewe objekte van die onderdrukking was nie (De Gruchy, 2002:170). Wanneer daar na die klanke van woede oor onreg en ongeregtheid geluister word, moet die klanke van woede aangevul word met woorde van vergifnis. Dit vorm ‘n belangrike deel van die versoeningsproses (De Gruchy, 2002:170).

- **Vergifnis as wysheid en mag** – om te praat oor versoening is nie maklik nie, om versoening te verwesenlik is nog moeiliker. Die algemene idee is geskep dat wanneer kwaaddoeners die waarheid vertel het rakende hulle foute moes hulle outomaties vergewe word en versoening is bewerkstellig (Schwöbel, 2003:13). Maar soos reeds hierbo getoon is om die waarheid te vertel nie sterk genoeg om wel versoening te bewerk nie. Die enigste manier om die verlede te verwerk, is om die herinneringe van die verlede te genees. Vergifnis en versoening beteken nie

“... brushing the past aside and regarding injustice lightly, but knowing how to remember rightly.” (De Gruchy, 2002:178).

Die vermoë om mense te vergewe wat 'n persoon ten diepste seergemaak het, is 'n teken van morele waagmoed sowel as 'n teken van groot wysheid te midde van dwaasheid soos in die woorde van Vusi Mahlasela:

“Here lies the wisdom
The wisdom of forgiveness
With bright colours of life
A gift to all humanity

Here lies the power
The power of love
With the soulful understanding
of necessity for a change

Why all these compromises
When we know what to do
Lets take the spear
And put it right inside this evil monster
Learn to be free
And learn to be in harmony
With the rest of the world
Learn to be free

So we can learn to forgive
Because an eye for an eye

Will only lead our world to blindness.” (soos aangehaal deur De Gruchy, 2002:180).

2.3.3. Teorie van Sosiale Transformasie (*Social Transformation*)

Oorgangsperiodes en –fases is karaktereenskappe van meeste hedendaagse sosiale samelewings, maar dit is wel waar dat hierdie oorgangsperiodes en -fases verskil van mekaar. Die Suid-Afrikaanse samelewing is so ‘n oorgangsperiode. Die oorgangsperiode in Suid-Afrika word algemeen verwoord as vreedsaam, tog ook revolusionêr. Hierdie oorgangsperiode in Suid-Afrika het geïmpliseer dat

“... customs, attitudes, mindsets and so on had to be changed over a relatively short period of time.” (Du Toit, 1999:2).

Nie net het die transformasie in Suid-Afrika ‘n demokrasie op die been gebring nie, maar vir baie mense was dit die eerste keer in hulle hele lewe wat hulle beleef het, om gerespekteer te word, om gesien te word as ‘n medemens, om ‘n eie identiteit te hê en natuurlik om te behoort. Radikale verandering of sosiale transformasie vra na die herkontekstualisering van waardes, norme, kulture binne hierdie nuwe omgewing (Du Toit, 1999:3).

Die algemene definisie van transformasie is

“The idea of transition implies a discontent with one’s present situation and the will to move away from an undesirable status quo to a better society.” (Du Toit, 1999:3).

In die Suid-Afrikaanse samelewing beteken dit dus om weg te beweeg van armoede, onderontwikkeling, rasse ongelykheid en vele ander sosiale probleme. Die ideaal vir

‘n nuwe Suid-Afrikaanse samelewing is dan om die begeertes van die mense wat bevoorreg is te versoen met die behoeftes van minderbevoorregte mense (Du Toit, 1999:3). Hierdie is ‘n toekomsbeeld wat deur vele Suid-Afrikaners gedink en gedroom word. Met die agterlaat van ‘n ongelooflike diep traumatiese verlede en die stap na ‘n hoopvolle toekoms het die mense van Suid-Afrika hulleself in ‘n liminale fase bevind. Die konsep liminaliteit is geensins ‘n nuwe term nie, die konsep is in 1909 deur Arnold van Gennep voorgestel (Wepener, 2009:75). Cilliers definieër liminaliteit as volg

“Essentially liminality implies an ambiguous phase between two situations or statuses.” (Cilliers, 2007:3).

Victor Turner het die konsep liminaliteit verder ontwikkel met die dat hy onderskeid getref het tussen die fases van skeiding, liminaliteit en samevoeging (Wepener, 2009:75-78, cf Turner, 1978). Turner het ook gewerk met die konsep van pelgrimsreise wat in essensie ongestruktureerd is en ook anti-status quo is, wat uiteindelik uitbou om ‘n nuwe *communitas/societas* (gemeenskap) te vorm. Dit is belangrik om te verstaan dat liminaliteit ten diepste deel is van die lewe, van geloof en natuurlik ook van aanbidding.

Hierdie studie poog om aan te toon dat die Suid-Afrikaanse samelewing verby die liminale stadium beweeg, na ‘n nuwe fase van *communitas/societas*. Daarom is dit van groot belang dat die kerk, aanbidding en liturgieë rekening hou met hierdie nuwe fase waarbinne die land nou is. Dit bring die navorser dan ook by die volgende punt, naamlik sosiale kohesie⁸.

⁸ Vanuit die NG Kerk konteks is Coenie Burger (1995) se boek *Gemeentes in transitio: vernuwingsgeleenthede in ‘n oorgangstyd* ‘n onontbeerlike bron.

2.3.4. Teorie van Sosiale Kohesie

Die afgelope tyd is die term sosiale kohesie dikwels gehoor en gesien in koerante, in nuusberigte oor die radio en verskeie sosiale media. Webblaaie het ook daaroor berig. Dit het een van die belangrikste konsepte geword wanneer daar gedink word oor die toekoms van die Suid-Afrikaanse samelewing en hoe om hierdie toekoms te bewerkstellig. In die volgende gedeelte gaan die navorser begin deur die term sosiale kohesie te definieer, aangesien verskeie faktore beklemtoon word wanneer daar gepraat word oor sosiale kohesie.

“The term social cohesion refers to those factors that have an impact on on the ability of a society to be united for the attainment of a common goal. It is the extent to which members of the society respond collectively in pursuit of these shared goals and how they deal with political, socio-economic and environmental challenges that are facing them that needs to be assessed.” (Kunene, 2009:4-5).

Emile Durkheim is die vader van die konsep sosiale kohesie, aangesien hy begin het om navorsing te doen oor faktore wat gemeenskappe verening wanneer omstandighede soos rasse en religieuse verdeeldheid hoogty vier (Kunene, 2009:5; cf The Presidency, Republic of South Africa, 2004:iii). Durkheim het begin om gedeelde lojaliteite en solidariteit te ondersoek wat vir hom van die belangrikste faktore van sosiale kohesie uitmaak. Sosiale kohesie word dikwels ook gedefinieer deur middel van die verhoudinge wat daar bestaan tussen mense van ‘n gemeenskap, naamlik:

“... to the promotion of stable, co-operative, and sustainable communities.” (Kunene, 2009:5).

Sosiale kohesie word ook beskryf na aanleiding van gedeelde waardes en die gevoel om aan ‘n bepaalde gemeenskap te behoort. Dan kan sosiale kohesie ook

gedefinieer word as mense die vermoë het om as 'n groep saam te werk (Kunene, 2009:5).

Vanjaar is dit agtien jaar na die val van Apartheid en die vrae rondom sosiale kohesie ontstaan outomaties.

- Hoe suksesvol is Suid-Afrika as land in terme van die transformasie van die samelewing?
- Is ras totaal en al geëlimineer as faktor in die samelewing?
- Wat verenig die Suid-Afrikaanse samelewing, inaggenome dat ras nie meer 'n faktor is nie?
- Wat moet nog gebeur om 'n ware verenigde sosiale samelewing in Suid-Afrika te ontwikkel (Kunene, 2009:25)?

Die *Institute for Justice and Reconciliation* publiseer jaarliks 'n dokument genaamd *South African Reconciliation Barometer* (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia, 2011) wat daarop gebaseer word om vas te stel hoe die Suid-Afrikaanse samelewing vorder ten opsigte van die versoeningspad wat gestap word. Bogenoemde vrae word dan uiteraard ook in hierdie dokument bespreek. Volgens die *Reconciliation Barometer* blyk dit dat Suid-Afrikaners steeds kies om hulleself te identifiseer met groepe van taal, etnisiteit en ras (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia, 2011:29). Die volgende tabel dui die statistiek aan van watter groepe mense algemeen verkies om mee te identifiseer

Table 3: Primary association, 2007–2011*					
	2007	2008	2009	2010	2011
Language	20%	24%	19%	21%	18%
Ethnicity	15%	18%	19%	19%	19%
Race	12%	12%	11%	15%	19%
Primarily South African	11%	12%	14%	14%	13%
Neighbourhood	9%	7%	8%	9%	7%
Religion	7%	5%	7%	6%	6%
Class	7%	6%	5%	5%	6%

* Categories with responses of ≤5% are excluded from this table, and are as follows: membership in a social, sport or savings club; work colleagues or other students; age group; gender; or those who consider themselves to be 'primarily African'.

Tabel 3: Primêre assosiasie in Suid-Afrika

Hierdie diagram toon dus duidelik aan dat meer Suid-Afrikaners hulleself identifiseer met groepe van taal, etnisiteit en ras eerder as 'n algemene Suid-Afrikaanse identiteit. Verder het respondente die volgende gesê in terme van die groepe waarmee hulle identifiseer, naamlik 73% stem saam dat so 'n groep waaraan hulle behoort, 'n persoon laat goed voel oor hom/haarself, 65% het gesê dit laat hulle belangrik voel om deel van die groep te wees en 63% het gesê om te behoort aan 'n groep laat hulle veilig voel (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia, 2011:29). Die vraag of ras totaal en al geëlemineer is as faktor in die samelewing, wil dus volgens die statistieke van die *Reconciliation Barometer* lyk asof dit nog nie so sterk funksioneer in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing nie.

Wat wel waar is, ook volgens die *Reconciliation Barometer*, is die feit dat alhoewel mense hulleself nog steeds identifiseer in terme van ras, etnisiteit en taal dit nie beteken dat hulle pessimisties voel oor sosiale kohesie in die huidige samelewing nie (Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia, 2011:29). Alhoewel dit dus blyk dat ras, etnisiteit en taal wel nog 'n impak uitoefen op mense en hoe hulle hulleself met ander identifiseer, daar wel nog 'n groter skeiding is wat berus op klas, eerder as ras

(Lefko-Everett, Nyoka & Tiscornia, 2011:30). Daarom voer die dokument wat geskryf is vir die Departement van Kuns en Kultuur aan (The Presidency, Republic of South Africa, 2004:v) dat

“It must be pointed out that there is both a negative and a positive aspect to social cohesion. Social cohesion that excludes certain people – racial or ethnic groups, religious groups, social classes, gender groups – may well create conditions for cooperation, networking, and in general build social capital but it will be a highly specific and limited kind of cohesion and ultimately be problematic and lead to its own breakdown.” (The Presidency, Republic of South Africa, 2004:v).

Hierdie tipe sosiale kohesie vorm dan op die ou einde van die dag net 'n nuwe soort Apartheid. Dit is dan ook uiters belangrik om versigtig te werk te gaan met die term sosiale kohesie aangesien daar 'n sterk negatiewe konnotasie aan die woord gekoppel kan word. In hierdie studie word sosiale kohesie juis ondersoek vanuit multikulturele liturgieë om te poog dat die negatiewe element daarvan oorbrug kan word.

In hierdie studie gebruik die navorser dus die definisie van Ted Cattle, in sy boek *Community Cohesion, A new framework for race and diversity*, rakende sosiale kohesie as werksdefinisie

“There is a common vision and a sense of belonging for all communities, the diversity of people’s different backgrounds and circumstances are appreciated and positively valued. Those from different backgrounds have similar life opportunities and strong and positive relationships are being developed between people from different backgrounds in the workplace, in schools and within neighbourhoods.” (Cattle, 2008:62).

Vanuit hierdie definisie en ook die literatuurstudie oor sosiale kohesie word die volgende sentrale bevindinge gemaak oor die konsep wat van belang is vir hierdie studie.

- Sosiale kohesie is ‘n belangrike lens om na die samelewing te kyk in terme van hoe die mense van Suid-Afrika huidiglik funksioneer.
- Sosiale kohesie is dan ook nie net ‘n politieke sisteem of stelsel wat geïmplimenteer moet word nie. Sosiale kohesie is verhoudingsmatig en word gefundeer in menslike verbintenisse, deelname, dialoog, solidariteit en insluiting (inklusiwiteit).
- In die Suid-Afrikaanse samelewing is daar heelparty faktore wat sosiale kohesie baie effektief teenwerk, byvoorbeeld die “*The Spear*” debakel, armoede, ekonomiese ongelykheid ens. (The Presidency, Republic of South Africa, 2004:vii-viii).

2.3.5. Teorie van Sosiale Identiteit (*Social Identity*)

Wanneer daar gepraat word oor sosiale kohesie is dit noodsaaklik om die teorie van sosiale identiteit in berekening te bring. Richard Jenkins (2004:108) beklemtoon in sy boek *Social Identity* dat kollektiwiteit dikwels verstaan word in terme van die ooreenkomste tussen verskillende mense. Dit veronderstel dan dat mense hulle op een of ander wyse sal beskou as eenders - wanneer daar geen gemeenskaplike belange tussen mense is nie, is daar geen kollektiwiteit nie. Tog is daar nog ‘n konsep wat ‘n rol speel in terme van sosiale kohesie en die verstaan van sosiale identiteit, naamlik *koinonia* of gemeenskap soos dit in Afrikaans vertaal word.

Koinonia of gemeenskap word deur Jenkins gedefinieer as

“It is a powerful everyday notion in terms of which people organise their lives and understand the places and settlements in which they live and the quality of their relationships.” (Jenkins, 2004:109).

In 'n poging om die oplewing en die soeke na *koinonia* of gemeenskap te verstaan en te ondersoek, kies die navorser om die argument van Anthony Cohen te gebruik soos geïnterpreteer deur Richard Jenkins (2005:110). Cohen se teorie van *koinonia* staan bekend as die “symbolic construction of communal and other collective identities” wat ondersoek instel in hoeverre

“people construct a sense of themselves *and* their fellows as ‘belonging’ *in* a particular locality or setting of relationships and interaction, and *with* – if not *to* – each other.” (Jenkins, 2005:110; cf Cohen, 2002:168-169; cf Cohen, 1986; cf Cohen, 1985; cf Cohen, 1982).

Cohen baseer sy verstaan van *koinonia* op grond van die feit dat daar wel ooreenkomste en verskille bestaan tussen mense, wat op 'n natuurlike wyse die “ons” en “hulle” groeperinge vorm. Hierdie groepering van “ons” en “hulle” bring Cohen uit by die gedagte van grense en watter rol die gevoel van om te behoort speel met betrekking tot 'n samehorigheidsgevoel. Mense raak bewus van grense wanneer hulle opmerk dat daar tog verskille bestaan tussen maniere van doen, dat die “ons” groep dinge op 'n ander wyse doen as die “hulle” groep. Tog argumenteer Cohen juis daarteen dat *koinonia* gebaseer word op materiële faktore of praktiese faktore. Gemeenskap word ook nie struktureel gekonstrueer nie, maar kultureel naamlik

“... culture – the community as experienced by its members – does not consist in social structure or in ‘the doing’ of social behavior. It inheres, rather, in ‘the thinking’ about it. It is in this sense that we can speak of the community as a symbolic, rather than structural, construct.” (Jenkins, 2005:111; cf Cohen, 1985:98).

Cohen ontwikkel sy argument rondom die konsep van *koinonia* verder deur gebruik te maak van die waardes van simbole en rituele en hoe simbole en rituele die gevoel van om te behoort, bevorder wat dan op die ou einde van die dag die basis vorm van *koinonia*. Jeffrey Weeks beklemtoon dan ook dat identiteit essensieel te doen het

met die gevoel van om te behoort (Weeks, 1990:88) wat nouliks verbind is aan Cohen se argument. Cohen kom dan tot die slotsom van sy argument deur aan te voer dat

“... symbolic boundaries – of hearts and minds – become more important as boundaries of place and locality become less important...” (Jenkins, 2005:114).

Die argument van Cohen om deur middel van simboliese konstruksie te besin oor die oorsteek van kulturele grense in die Suid-Afrikaanse samelewing kan van groot waarde wees. In die volgende hoofstuk gaan die navorser in detail kyk na simbole en rituele soos gevind in die konteks van Christelike aanbidding. Die argument van Cohen word verder gevoer om aan te toon hoe simbole en rituele in die erediens 'n rol kan speel tot die moontlike bevordering van versoening en sosiale kohesie in die Suid-Afrikaanse samelewing.

2.4. Gevolgtrekking

Etniese konflik en rasseverdeeldheid beïnvloed mense regoor die hele wêreld. Daar is geen deel in die hele wêreld wat vry is van destruktiewe konflik en verdeeldheid op grond van etnisiteit, ras en klas nie (Bradshaw, 2002:203-204). 'n Joernalis wat 'n onderhoud gevoer het met 'n Serwiër het die volgende opmerking gemaak oor konflik rakende etnisiteit, ras en klas tussen Serwië en Kroasië.

“The real problem with Croats is that they think they are better than us.” Finally, he decided, ‘We’re actually all the same’.” (Bradshaw, 2002:204).

In die voorafgaande hoofstuk het die navorser gepoog om die Suid-Afrikaanse samelewing soos dit vandag daar uitsien op grond van ras, klas en etnisiteit te

beskryf, om sodoende die konteks waarbinne hierdie navorsing plaasvind te skets. Aangesien die Suid-Afrikaanse samelewing steeds worstel met 'n traumatiese geskiedenis van verdeeldheid op grond van etnisiteit, ras en klas het die navorser dit goed gedink om deur middel van statistiese analise die demografie van Suid-Afrika duidelik te verwoord dat verdeeldheid nog steeds 'n wesenlike probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing is. Nadat die konteks deur die navorser geskets is van die Suid-Afrikaanse samelewing, is daar gekyk na die teorie van diversiteit, kulturele diversiteit en die effektiewe bestuur van kulturele diversiteit. Dit wil voorkom asof die metafoor van 'n slaaibak die wyse is waarop kulturele diversiteit die effektiefste bestuur en hanteer word. Dit impliseer dat elkeen se verskille nie net alleen waardeer moet word nie, maar ook gevier word as uniek en waardevol tot die groter samelewing.

Hierna het die navorser die teoretiese konsepte van vergifnis, versoening, sosiale transformasie, sosiale kohesie en sosiale identiteit bespreek ter verheldering van die teoretiese konsepte. Al die bogenoemde konsepte is kompleks om te verstaan en selfs uit te voer, daar is geen eenvoudige oplossings vir hierdie teoretiese konsepte nie. In hierdie hoofstuk kom die navorser geredelik tot die slotsom dat alhoewel al die bogenoemde terme dikwels net in die konteks van sosio-politiese agtergrond gebruik word, is daar in hierdie hoofstuk aangetoon dat elkeen van hierdie begrippe tog ook 'n diep teologiese essensie bevat. Daarom wil dit op hierdie vroeë stadium van die navorsing alreeds voorkom dat geloof en aanbidding tog 'n sleutel element kan wees wanneer daar gepraat word oor begrippe soos vergifnis, versoening, sosiale transformasie, sosiale kohesie en sosiale identiteit.

Die Suid-Afrikaanse samelewing is dringend op soek na 'n uitkoms in terme van verdeeldheid op grond van etnisiteit, ras, klas en selfs taal. Bradshaw (2002:210) begin deur te sê versoening is die mens se hoop vir 'n beter toekoms en ook die realiteit van die hede, dit behels die opbou van individuele lewens binne die groter samelewingskonteks. Wanneer daar gekyk word na die samelewing van Suid-Afrika word mense bewus van die nood van die heropbou van die samelewing en dit

verwys dikwels na die konsep burgerlike samelewing (“civil society”). Volgens Bradshaw word die term burgerlike samelewing as volg gedefinieer

“Civil society, a major outcome of reconciliation, is the web of institutions and relationships neither created nor controlled by the state, it includes families, religious organisations, businesses, unions and a vast array of smaller voluntary organisation.” (Bradshaw, 2002:210).

Wanneer die burgerlike samelewing so verstaan word, skep dit die ruimte vir mense om deur middel van sinvolle verhoudings aan mekaar te behoort, deel te wees van ‘n gemeenskap wat gekenmerk word deur individuele vryheid en gemeenskapswaardes. Die taak om so ‘n burgerlike gemeenskap te bou en op te bou, is formidabel met reg gesê, dit is uitdagend vir elke party wat moontlik mag deelneem. Bradshaw (2002:211) voer aan dat die opbou van ‘n burgerlike gemeenskap wat gekenmerk word deur vergifnis, versoening en sosiale kohesie soos volg begin.

“It begins by recognising that the indigenous narrative is coming to a negative conclusion and needs to be transformed; it did not deliver the hope for a better future. The transformation must come as a consequence of human commitment to collective survival driven by a vision that transcend the behaviors conditioned by existing institutions and cultures.” (Bradshaw, 2002:211).

HOOFSTUK 3:

DIE AARD VAN MULTIKULTURELE EREDIENSTE EN DIE WAARDE VAN SIMBOLE, RITUELE EN SEREMONIES

‘n Teologie van multikulturele aanbidding word geformuleer aan die hand van ‘n noukeurige literatuurstudie oor die impak van kultuur op die ontwikkeling van die spesifieke liturgiese handeling binne Christelike aanbidding.

Hierdie hoofstuk van die navorsing begin deur ondersoek in te stel na die rol van rituele in mense se lewens. Daar word veral gefokus op rituele wat deel vorm van Christelike aanbidding om sodoende karaktereienskappe te identifiseer wat van toepassing kan wees op aanbidding. Vervolgens sal daar dan meer spesifiek ondersoek ingestel word na die basis van Christelike aanbidding en die ontwikkeling daarvan deur die loop van die geskiedenis. Die ontwikkelingsgeskiedenis van aanbidding kan nie beskryf word, sonder om die rol van kultuur ernstig te neem in hierdie verband nie. Na aanleiding van die antropologiese en kulturele ondersoeke van Christelike aanbidding word die hoofstuk afgesluit met ‘n teologiese formulering van aanbidding met spesifieke verwysing na multikulturele aanbidding.

3.1. Liturgie en Antropologie

3.1.1. Definiering van simbole, rituele en seremonies

In die laaste dekade is daar nie net ‘n oplewing in die belangstelling in die vakgebied liturgie nie, maar ook in simbole, rituele en seremonies en die effek daarvan op die alledaagse lewe van mense. Hierdie verskynsel word versterk wanneer daar gekyk word na Suid-Afrikaanse gemeentes landswyd wat terug gaan op die tradisionele erediens en wat eksperimenteer met nuwe rituele en simbole in die huidige

kontekste. Dit word ook bevestig deur die Suid-Afrikaanse feeskultuur wat landswyd besig is om te ontwikkel en teen 'n snelle tempo te groei. Die vraag is dan seker waarom al hierdie feeste, vierings, rituele en simbole? Waarna hunker mense vandag? Verskeie antwoorde, wetenskaplik, asook nie-wetenskaplik word aangebied ter verduideliking van hierdie verskynsel wat besig is om op die Suid-Afrikaanse bodem plaas te vind. Volgens Wepener & Van Der Merwe (2009:196) is 'n algemene verduideliking daarvoor as volg:

“... dat sogenaamde postmoderne mense 'n hunkering beleef na die meer misterieuse kant, die mistieke kant, die nie-rasionele kant en simboliese kant van die lewe. 'n Behoeftte om in sy/haar godsdiensbelewing iets meer as bloot deur middel van die rasonale met God te kommunikeer, maar ook om gedurende aanbidding aangespreek te word deur al sy/haar sintuie en nie alleen deur verbale en kognitiewe insette nie.”

As antwoord op hierdie behoefte wat by mense leef, het verskeie wetenskaplikes, veral liturgiste begin ondersoek instel na simbole, rituele en seremonies. Aangesien hierdie navorsing binne die veld van die teologie gedoen word, word die werk van liturgiste bestudeer om sodoende werkbare definisies te omskryf vir die begrippe simbole, rituele en seremonies. Joseph Gelineau se aanhaling in Saliers se *Worship as Theology, Foretaste of Glory Divine* rakende die begrippe van simbole, rituele en seremonies beklemtoon hoe belangrik die korrekte omskrywing van hierdie begrippe is tot die verstaan daarvan.

“Only if we come to the liturgy without hopes or fears, without longings or hunger, will the rites symbolise nothing and remain indifferent or curious 'objects'. Moreover, people who are not accustomed to poetic, artistic or musical language or symbolic acts among their means of expression and communication find the liturgy like a foreign country whose customs and language are strange to them.” (Saliers, 1994:139; sien Gelineau, 1978:98-99).

Don Saliers (1994:140) praat van “beyond the text” in die ondersoek na simbole in die liturgie of die liturgie as simbolies. In die volgende gedeelte gaan daar gepoog word om simbole, rituele en seremonies beter te verstaan.

a. Simbool

Joseph Gelineau begin sy verduideliking van simbool deur te sê dat daar in die algemeen van simbole gepraat word as 'iets' of 'die ding'. Volgens hom is daar altyd 'n sigbare objek wat weer na 'iets' anders heen wys. Tog is dit eintlik 'n ooreenvoudige verduideliking van die begrip simbool. Gelineau beklemtoon dat die simbool in werklikheid nê 'n 'iets' is nie, maar 'n menslike onderneming. Daar is geen objek in hierdie hele wêreld wat inherent simbolies van aard is nie. Die objek word slegs simbolies wanneer daardie objek op 'n bepaalde tyd, in 'n bepaalde situasie vir bepaalde mense betekenisvol is (Gelineau, 1978:96; cf. Wepener & Van Der Merwe, 2009:198; cf. Saliers, 1994:143, cf. Searle, 1992:55). Presies vir hierdie rede is dit amper onmoontlik om die presiese betekenis, effek of konnotasie van 'n simbool te bepaal. In die woorde van Gelineau is simbole

"... an inexhaustible source of possible new meanings." (Gelineau, 1978:97).

Gelineau (1978:98; cf. Lukken, 1999:20-25) beklemtoon vervolgens ook dat simbole nie net rasioneel is nie, maar ook pragmaties is, bedoelende die simbool genereer betekenis terselfertyd ook emosies. Die effek van simbole kan nie slegs gemeet word aan die kennis wat jy opgedoen het, of dit wat jy verstaan of selfs kan verduidelik in woorde nie. Hierdie verstaan van simbole is uiters belangrik wanneer daar gedink word oor aanbidding en die gebruik van simbole tydens die liturgie. Wanneer daar van simbole gepraat word, is dit belangrik om onderskeid te maak tussen die eintlike simbool, simboolhandeling en simbooltaal.

Simboolhandeling word deur Wepener & Van Der Merwe (2009:199-200; cf. Lukken 1999:23-25) verduidelik as gelade met betekenis en die mense self vervul hier die funksie wat normaalweg deur 'n simbool verrig sou word. Dit beteken dan dat die mens se liggaam self die agent word in die hele simboliseringsproses. Al die bogenoemde kwaliteite wat waar is van 'n simbool is ook waar van die simboolhandeling.

Simbooltaal is by uitstek dubbelsinnig, dit roep wêreld op, dit dui op dieper realiteite, dit maak nuwe horisonne oop en dit praat oor realiteite wat eintlik bo die menslike verstand is (Wepener & Van Der Merwe, 2009:200; sien cf 1999:25-26; cf Adam, 1992:65). Dit is belangrik om die vorm in ag te neem waarin simbooltaal geskryf word, want dit is medebepalend vir die betekenis van die inhoud (Wepener & Van Der Merwe, 2009:200, cf Saliers, 1994:140-141).

b. Ritueel

Verskeie mense heg negatiewe konnotasies aan die begrip ritueel. Dit word geassosieer met

“... ‘vain repetition’, with cold formality, with going through the motions – in short, with insincerity.” (Senn, 1983:68; cf Searle, 1992:52).

Die probleem volgens Senn (1983:68) in die Westerse liturgieë is dat ons verstaan van liturgie die van ‘n klaskamer is. Mense sit Sondag na Sondag in reguit kerkbanke wat in een rigting kyk, vorentoe en mense doen wat vir hulle gesê word om te doen. Volgens Senn (1983:68) is hierdie nie regtig die toonbeeld van gemeenskap (*koinonia*) nie, maar eerder ‘n toonbeeld van kollektiwiteit. Hy gebruik verder die metafoor van ‘n dorp om die konsep van gemeenskap (*koinonia*) te verduidelik. Volgens Senn (1983:68) dra elkeen op sy of haar eie manier by tot die totale gebeurtenis. Tydens aanbidding in die Oosterse liturgieë is elkeen op ‘n bepaalde tyd dikwels besig met sy eie ding, byvoorbeeld sommiges steek kerse aan, ander soen ikone. Met tye kom die mense weer saam om op dieselfde tyd op dieselfde wyse weer iets te doen, byvoorbeeld die aanhoor van die Evangelie, ontvangs van die Nagmaal.

Die ander probleem waarmee daar in die Gereformeerde tradisie geworstel word, is die idee dat die liturgie ‘n sekere rasonale progressie moet toon. Liturge dwing dus

aanbidding in 'n bepaalde rigting deur oordadige verduidelikings en die gebruik van kommentare. Senn (1983:69) voer aan dat hierdie manier van aanbidding vervelig en oninteressant is en dit dwing mense tot passiwiteit tydens aanbidding. Senn (1983:69) sê

“Liturgical action is symbolic action, and symbols are ambiguous and imprecise. They should be left this way so that they are capable of conveying an assortment of meanings.”

Volgens Wepener & Van Der Merwe (2009:201) in navolging van Lukken (1999) word rituele opgebou uit die aspekte van simbole, simboolhandeling en simbooltaal. Dit veronderstel dan dat rituele uit al die bogenoemde eienskappe bestaan. Victor Turner stel in sy boek *Forest of Symbols* voor dat rituele aan die volgende drie karaktereienskappe gekenmerk word.

- Veelduidige betekenis.
- Die krag om uiteenlopende ervarings saam te bind tot 'n eenheid.
- Die vermoë om betekenis te akkumuleer rondom beide affektiewe en morele waardes (Jenkins, 2005:112; cf Saliers, 1994:143; cf Turner, 1967:1-47).

Al drie hierdie karaktereienskappe van rituele werk saam om 'n lewende rituele landskap te skep. In hierdie spesifieke rituele landskap kry die simbool bepaalde betekenis deur die gemeenskap wat hierdie simbool deurleef en uitleef. Hierin kom die unieke vlakke van betekenis bymekaar, die eg menslike belewenisse, maar ook die misterieuse bonatuurlike belewenisse. Dit is eers na 'n periode van tyd wat die ryk en volle betekenis van simbole en rituele begryp kan word, maar selfs dan skiet menslike begrip steeds te kort (Saliers, 1994:143).

Anderson definieer die begrip ritueel as volg:

“We may say that a ritual performance is a communicative event marked by certain forms of language, differentiated from the everyday, situated in a special context, and defined by a particular structure that somehow prevents ambivalence of meaning and interpretation.” (Anderson, 2003:85-86; sien Turner)..

c. Seremonies

Gordon Jeanes begin sy hoofstuk in die boek *Liturgy in Dialogue* met die volgende definisie van seremonies.

“According to strict ecclesiastical usage, ceremonial refers to the prescribed and formal actions that constitute worship. It is therefore to be distinguished from ritual, which refers to the prescribed form of words... If this strict sense of ceremonial is adhered to, it includes such actions as the kiss of peace, the fractions, elevation, the pouring of water in baptism, the laying on of hands in ordination, etc.” (Jeanes, 1993:9; sien Davies, 1986).

In die tyd waarin hierdie definisie geformuleer is, is daar basies geen aandag of studie gewy aan die begrip seremonie nie, aangesien die term nie eintlik waardig was om te bestudeer nie. Die rede waarom mense traag was om die begrip seremonie te bestudeer, is aangesien hulle ‘n onderskeid gemaak het tussen woorde en daede, dit wat gesê word tydens die erediens en dit wat gedoen word tydens die erediens. In die Protestantse en Gereformeerde tradisie is die woorddiens beklemtoon en daarom is daar nie veel ag geslaan op die handeling tydens ‘n erediens nie.

Hierdie manier van kyk na aanbidding en die seremonie van aanbidding het radikaal verander met Dom Gregory Dix se boek *The Shape of the Liturgy* (eerste uitgawe 1945) waarin seremonie die hart van aanbidding geword het. Seremonies is oorspronklik gesien as sekondêr tot die woorddiens, maar word deur Dix en andere beskryf as die spil waarom die hele liturgie ontwikkel. Net soos in die geval van genoemde simbole en rituele lê die krag van seremonies in die feit dat dit na iets

verwys buite die self. Mark Searle (1992:57) verduidelik hierdie amper onverstaanbare abstrakte idee van die self as volg

“Ritual best makes sense, however, in an anthropology that sees the community as prior to the individual, and sees the mind coming to self-consciousness only in interaction with the external world: *nihil in intellectu nisi prius fuerit in sensu.*” (Searle, 1992:57).

Die betekenis van seremonies is ook veelvuldig en die seremoniële daad is altyd oop vir improvisasie (Jeannes, 1993:9-11).

3.1.2. Karaktereienskappe van aanbidding

Frank C. Senn (1983:3) verduidelik in sy boek *Christian worship and its cultural setting* die wyse waarop mense simbole, rituele en seremonies gebruik om die lewe sinvol te maak. Hy verduidelik dat rituele gedragspatrone is waardeur mense die lewe soos wat hulle dit ervaar op ‘n manier rasionaliseer om op die uiteinde van die dag sin te maak vir hulle bestaan. Daarom word rituele deur Senn beskryf as

“... the vehicles by which reality as a whole is transmitted to the members of a society. Together they provide the world view and life cycle which are the components of cult.” (Senn, 1983:3).

Volgens Senn moet aanbiddingsgeleenthede soos eredienste ‘n impak maak op mense wat daaraan deelneem. Aangesien niks minder as die realiteit self aan hulle gekommunikeer word nie. Indien dit waar is dat aanbidding die realiteit aan mense kommunikeer soos hulle dit ervaar en beleef, dan moet hierdie realiteit fokus op die gemeenskap as ‘n geheel. Dit moet dus waar en eg wees van elke lid van die gemeenskap, elkeen van die gemeenskap moet vrylik daaraan kan deelneem. Dit is

ook belangrik dat die krisisse wat die gemeenskap teister aandag sal geniet (Senn, 1983:4).

As bogenoemde waar is van aanbidding en die rol wat simbole, rituele en seremonies daarin speel, kan die volgende karaktereienskappe van aanbidding as volg weergegee word.

- Aanbidding is gerig op die **gemeenskap** – tydens aanbidding word daar nie so seer gefokus op die individu nie. Selfs wanneer sekere rituele of seremonies in privaatheid gevier word (byvoorbeeld die Rooms-Katolieke priester wat nagmaal bedien aan 'n siek persoon in die hospitaal) dan bly die ritueel of seremonie steeds deel van die rituele en seremonies van die *ecclesia*. Volgens Searle is liturgie

“... uniquely a matter of the body: both the individual body and the collective body.” (Searle, 1992:56).

Tog word aanbidding ten diepste uitgebeeld wanneer die *ecclesia* bymekaar kom om die liturgie te vier. Liturgie word afgelei van die Griekse woord *leitourgia* wat weer 'n samestelling van die twee woorde *laos* en *ergon* is. *Laos* beteken om te behoort aan of deel te wees van 'n groep mense (volk) en *ergon* beteken om te werk of diens te lewer. Die term *leitourgia* in die Nuwe Testament verwys op verskeie maniere na die priesterlike funksie van Sagaria in die tempel (Lukas 1:23), die offerdiens van Jesus Christus (Hebreërs 8:6), die aanbidding van die kerk (Handelinge 13:2) en die opneem van kollekte vir die armes (2 Korintiers 9:12). In hierdie Nuwe Testamentiese tekste word die sosiale en publieke dimensie van aanbidding baie sterk beklemtoon. Dus,

“... liturgy is not only public worship but also social action.” (Senn, 1983:6).

- Aanbidding word eerder **ervaar** as uit beredeneer⁹ – wanneer mense saam kom om te aanbid, gaan dit in essensie oor die gedeelde Godservaring as die oordrag van kennis¹⁰. Geloofsoortuiging en waardes word meestal deur middel van stories en rituele aan mense gekommunikeer. In die Christelike geloof word die verhaal van God se reddingsdade in die wêreld en die mens se reaksie daarop voorgehou en bedink. Kommentaar op hierdie verhaal kom eerstens uit die teksgedeeltes self waar profete deur middel van orakels aan die geloofsgemeenskap ‘n boodskap oordra, dieselfde met die briewe van die apostels. In die huidige samelewing lewer predikante kommentaar op die sosiale samelewing soos ons dit vandag ervaar. Wanneer geloofsgemeenskappe bymekaar kom om tydens aanbidding hierdie verhaal van God se reddingsdade in die wêreld en mense se reaksie daarop uit te beeld in rituele en simbole word ons getransformeer deur die hede en verlede wat ‘n nuwe werklikheid vorm.
- Aanbidding is **simbolies** van aard – Senn sê die volgende oor die aard van simbole in die liturgie.

“Symbols speak with primitive power and evoke depths of association which people, separated by time and place, share with each other.” (Senn, 1983:7).

Christene deel met mense oor alle eeue heen hierdie intuïtiewe manier van die werklikheid ervaar en verwoord.

- Aanbidding bereik die hoogtepunt wanneer dit **gevier** word – Kavanagh (Senn, 1983:7 sien Kavanagh, 1968:198) verklaar dat aanbidding die

⁹ Vir ‘n Gereformeerde teoloog kan hierdie stelling redelik problematies raak. Daarom wil die navorser net aandui dat ‘n preek wat dikwels fokus op kennis ‘n integrale deel vorm van die erediens. In die woorde van Norén bevestig die navorser die verhouding tussen ervaring en kennis, of prediking en sakrament (ritueel)

“The unity of word and sacrament is grounded in the Christological unity of word and deed in Jesus Christ.... Both word and sacraments are means by which the kerygma of Christ’s death and resurrection are wrought in the believer.” (Norén, 1992:42).

¹⁰ Soos reeds hierbo aangetoon, is kennis ‘n belangrike onderbou van die erediens. Die groter argument rakende versoeningsrituele en die moontlike bevordering van sosiale kohesie deur multikulturele aanbidding, fokus die navorser sterker op die gevoelsbelevens van die lidmaat.

hoogtepunt bereik wanneer dit gevier word vanweë die feit dat aanbidding ervaar word en simbolies is. Aanbidding moet gevier word, want die hart van Christelike aanbidding is die bevestiging dat stres en bedreiging oorkom word. Hierdie 'goeie nuus' wat die hartklop van aanbidding voorstel, veroorsaak intense vreugde by mense en vreugde kan nooit vir jouself gehou word nie, vreugde is altyd sosiaal. Cilliers verstaan liturgie nie net as 'n oomblik van intense vreugde nie, maar ook as 'n moment van klag en rou

“Liturgy always carries within it this inescapable paradox: it *celebrates* the reality of being, also of a new being, but at the same time, and exactly because of the reality of this new being, it *laments* the fact that there are still other realities that hamper us becoming what we are.” (Cilliers, 2009:11-12).

Met hierdie aanhaling van Cilliers probeer die navorser nie die toon demp nie, die navorser wys na die diepte van liturgie en dat dit nie maar net nog 'n gebeure is wat plaasvind nie.

- Aanbidding manifesteer in **feeste en tydens 'n periode van vas** – 'n fees en 'n periode van vas gee geleentheid vir die vierende gemeenskap om te vernuwe en om te herskep. Die filosoof Josef Pieper sê die volgende oor feeste.

“The renewal or re-creation is the ‘fruit of the festival’ and that it is ‘pure gift’.” (Senn, 1983:7 sien Pieper, 1973:30).

- Aanbidding word 'n **dinamiese katalisator** van kultuur – Kavanagh beskryf dit as

“... the continuous and cohesive life-style by which a particular group conceives of and enacts what its values mean.” (Senn, 1983:8 sien Kavanagh, 1973:149).

Aanbidding en kultuur is nouliks verbind aan mekaar, dit is amper soos twee kante van dieselfde muntstuk. Soos G.K. Chesterton eens gesê het

“... only when people had made a holy day for God did they discover they had made a holiday for themselves.” (Senn, 1983:7).

3.2. Liturgie en Kultuur

Die geskiedenis van Christelike liturgie is die verhaal van ‘n noue band tussen kultuur en aanbidding. In die Evangelieverkondig in verskillende plekke, op verskillende tye, deur verskillende mense is die vorm en styl van aanbidding oorgedra van een groep mense na ‘n ander groep mense. Met hierdie oordrag van spesifieke style en vorms van aanbidding het die mense van die plaaslike gemeenskap kreatiewe maniere gevind om liturgieë by hulle manier van doen in te lyf. Wanneer hulle eie kultuur verander het vanweë verskeie historiese-, sosiale-, ekonomiese- en politieke faktore, was liturgiese verandering nie ver agter gewees nie. Die rede hiervoor was

“... because every generation of Christians has been concerned that its worship be relevant, at least to them.” (Senn, 1983:38).

Die studie van die geskiedenis van liturgie en liturgiese veranderinge oor die eeue is baie belangrik, want dit help navorsers om agter te kom wat het dieselfde gebly en wat het oor die eeue heen verander. Wat basies dieselfde gebly het volgens Senn (1983:38) is die struktuur of die vorm van die liturgie. Die manier waarop mense aanbid, verskil wel van geslag tot geslag. In hierdie studie is dit van groot waarde om agter te kom op watter wyse kultuur ‘n impak op die liturgie maak. Daarom gaan daar in die eerste plek gekyk word na die wyse waarop kultuur die liturgiegeskiedenis van die vroegste tyd af beïnvloed het. Daarna gaan daar

ondersoek ingestel word na die rituele landskap in die Suid-Afrikaanse konteks en kultuur. Laastens gaan daar aandag gegee word aan aanbidding as kommunikatiewe gebeure, waarin taal en kultuur 'n bepalende rol speel.

3.2.1. Aanbidding en Kultuur in die geskiedenis van Liturgie

In hierdie gedeelte van die navorsing gaan daar gepoog word om na aanbidding en kultuur te kyk in die geskiedenis van liturgie. Om hierdie gedeelte van die navorsing dan te orden, word die volgende liturgiese periodes gebruik in aansluiting by Wainwright, 1992:61:

3.2.1.1. Die Apostoliese era

Die vroegste basiese vorm van Christelike aanbidding het ontwikkel vanuit die Joodse Sinagogediens, gesamentlike maaltye, bekeringsdoopgeleenthede, groot jaarlikse feeste, weeklikse Sabbat en die daaglikse gebedsgeleenthede. So het die Christelike liturgieë van die woord, die Nagmaal, Doop, Paasfees en Pinksterfees, die weeklikse bymekaar kom op 'n Sondag ontstaan (Pecklers, 2005:34; cf Wainwright, 1992:62; cf Adam, 1992:12-13; cf Senn, 1983:38-39). Die basiese vorm van die liturgie word alreeds in Handeling 2:42 beskryf, naamlik:

“Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels, en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Hierdie eenvoudige rite wat bestaan uit die woordgebeure, die gemeenskaplike maaltyd en gebed het wel deur die loop van tyd uitgebrei en ontwikkel as gevolg van vele historiese en kulturele invloede (Bradshaw, 2002:35). Die basiese vorm van die liturgie bly dieselfde, dit is net die styl van aanbidding wat verskil. Inkulturasie is soos

die Christelike godsdiens self en daarom het liturgie voortdurend verander om relevant vir elke konteks te bly.

3.2.1.2. Die Patristiese era

Volgens Senn (1983:39; cf Adam, 1992:60) het Christelike aanbidding floreer tot en met die 3de eeu in die Mediterreense wêreld en in die Griekse taal, aangesien dit die universele taal in die Romeinse Ryk was. Die destydse styl en retoriek van die Griekse kultuur het 'n blywende merk gelaat op Christelike liturgiese tekste. Een rede vir die vele Joodse vorms wat vandag nog deel vorm van Christelike aanbidding is dat die Christene van destyds se antagonisme jeens die klassieke kultuur en ook die heidense geloof (Wainwright, 1992:63). Dit het die gevolg gehad dat private wonings van mense gebruik is vir aanbidding eerder as publieke geboue (Wainwright, 1992:63; White, 2000:91). Die rede waarom die Christene verkies het om woonhuise te gebruik, is juis as gevolg van hulle verstaan van die kerk, dat die kerk nie bloot net 'n gebou van sand en sement is nie, maar die mense wat deel uitmaak van die kerk (Joubert, 2009:56).¹¹ Die huislikheid van hierdie manier van aanbid het 'n ongelooflike atmosfeer van gasvryheid en intimiteit geskep. Die samekomste van die vroeë Christene is nie gekenmerk deur eenvormige, gestruktureerde byeenkomste wat nie gelei is deur amptelike leiers op spesifieke tye van die week nie.

Die volgende elemente was wel deel van so 'n samekoms:

- Die liefdesmaaltyd van die Here is gevier
- Lofliedere is gesing
- Profetiese uitsprake is gelewer
- Leringe uit die Skrif

¹¹ Na aanleiding van die Griekse woord *oikos* wat beteken "lewende ruimte". (Joubert, 2009:56).

- Die apostels se briewe is voorgelees en die gelowiges het mekaar aangespoor tot volharding.
- Gebed (Joubert, 2009:59-68).

Meer nog kan hierdie kulturele aanpassing gesien word in die drie jaar kategumenaat program volgens Hippolytus van Rome en Tertullianus (Senn, 1983:40 sien *Apostolic Tradition* en *De Poenitentia*). Die kategumenaatprogram het behels dat mense van 'n sekere professie hulle werk moes prysgee sodat hulle gedoop kon word. Hierdie gedagte het te make met die feit dat mense in hierdie program besig is om om hulle lewensbeskouing en manier van doen radikaal te verander, voordat hulle gedoop kon word.

Met die Edik van Milan in die jaar 313 nC het hierdie rigiede en streng manier van aanbid minder rigied geraak vanweë die feit dat die Christelike godsdiens nou ook 'n wettige godsdiens was in die Romeinse Ryk. Nou moes die Christelike godsdiens uitreik na die heidense kultuur, sodoende het dit gebeur dat praktyke van die heidense kultuur tog tydens Christelike aanbidding op die voorgrond getree het (Wainwright, 1992:63; cf Senn, 1983:40). Die grootste invloed in daardie spesifieke era op Christelike aanbidding en godsdiens was die skeiding tussen die sakrale en die profane. Daarom is die kerke so gebou dat dit eerder 'n tempel van die Godheid voorstel as 'n plek waar mense bymekaar kom om God te aanbid. Pelgrimsreise het toe groot opgang gemaak onder mense wat die lewe van Jesus wou kom beleef. Die liturgie het 'n heilige handeling geword wat net deur professionele en opgeleide mense uitgevoer kon word. Alexander Schmemmann skryf oor die Christelike geloof as institusie

“... the sanction, defense and justification of all those aspects of the world, society and life from which it had been cut off during the epoch of persecution.” (aangehaal by Senn, 1983:41 sien Schmemmann, 1966:88).

Met hierdie fokus op heiligmaking binne die Christelike geloof en aanbidding het nie net die liturgie en kerkgebou ooreenkomstig verander nie. Die ontstaan van die liturgiese kerkjaar het so plaasgevind, aangesien mense die lewe van Jesus Christus wou vier. Hierdie behoefte het ontstaan as gevolg van die idee dat tyd heilig is en daarom moet ons op 'n sinvolle manier die jaar gebruik om stil te staan by die lewe van Jesus Christus en dit te vier. White voer aan in sy boek *Introduction to Christian worship*

“The centrality of time in Christianity is reflected in Christian worship. The use of time enables Christians to commemorate and experience again those very acts on which salvation is grounded.” (White, 2000:48).

Senn (1983:41) voer aan dat met die koms van Theodosius se regering en die aanbreek van die Konstantynse tydperk het die liturgie radikaal verander. In die Konstantynse tydperk het die getalle mense wat kerk bygewoon het radikaal verhoog, sodat groter kerkgeboue gebou moes word. Dit het ook veroorsaak dat die liturgiese viering op 'n groter skaal moes gebeur (Pecklers, 2005:47; cf White, 2000:93; cf Adam, 1992:17-18). Leiers van die gemeentes, liturgen, ouderlinge en diakens moes presies weet wat hulle verantwoordelikheid was tydens 'n erediens sodat alles glad kon verloop. Kleredrag was uiters belangrik. Daar was liturgiese drag vir elke gebeurtenis selfs in verskillende kleure en verskillende style (Senn, 1983:41).

Die Rooms-Katolieke liturgie het 'n groot invloed gehad op die Westerse kerk en die manier van aanbid in die 7de en 8ste eeue. Senn (1983:42) voer aan dat die Roomse wette en rituele voertuie was om orde in die destydse liturgie te bring. Edmund Bishop skryf:

“If I had to indicate in two or three words only the main characteristics which go to make up the genius of the Roman rite, I should say that those characteristics were essentially soberness and sense.” (Senn, 1983:42, cf Bishop, 1918:19).

3.2.1.3. Die Middeleeuse era (vroeg, middel en laat)

Die Middeleeue kan rofweg in drie fases ingedeel word: die vroeë Middeleeue wat dikwels gekenmerk word aan die val van die Romeinse Ryk, die middel Middeleeue wat ook die Renaissance genoem word en die laat Middeleeue wat die oorgang na die Moderne tyd was. Met die val van die Romeinse Ryk was Wes-Europa yl bevolk en ongecultiveerd wat gelei het tot armoede en hongersnood. Politieke strukture was onbevredigend en onstabiel en van oral af oor is die Wes-Europese bevolking deur ander volke verdruk (Senn, 1983:42). In hierdie tye van verdrukking het die Benediktynse kontemplatiewe manier van leef 'n groot invloed gehad op die Wes-Europese bevolking en hul aanbidding.

In die vroeë Middeleeue word visuele uitbeelding van simbole en rituele sterk beklemtoon, asook die ontwikkeling van nuwe liturgiese omgangstaal (Adam, 1992:60). Dit het veroorsaak dat uitsluitlik Latyn gebruik is tydens aanbiddingsgeleenthede (Pecklers, 2005:56-66). Die visuele uitbeelding is so beklemtoon vanweë die feit dat aanbidding toeganklik en betekenisvol gemaak moes word vir alledaagse mense (Senn:1983:43). In die Ooste het Ortodokse liturgieë gebruik gemaak van ikonografie, met die teologiese idee dat die ikone 'n voorstelling is van die woord, soos in Johannes 1:1

“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God en die Woord was self God.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Kol 1:15 kan aanvullend gebruik word tot die bogenoemde teks

“Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping...” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Die ikone is basies ‘n uitbeelding en ‘n proklamering van Jesus Christus se blywende teenwoordigheid asook van die heiliges in die liturgiese ruimte. Die ikone word dus ‘n wyse waarop die aardse realiteit en die hemelse realiteit bymekaar gebring word in die ruimte van aanbidding (Senn, 1983:43). Hoeweld die Westerse kerke meer gefokus het op die inkarnasie en die mensheid van Christus, het hulle ikonografie op ‘n driedimensionele wyse gebruik om die liturgiese ruimte mee in te klee.

Die middel Middeleeue of Renaissance word gekenmerk deur groot indrukwekkende katedrale wat getooi is met beeldhouwerk en gekleurde loodglas vensters. Kerkmusiek het groot opgang in hierdie tydsgleuf in die geskiedenis gemaak, waarin vele koorwerke en klassieke werke gekomponeer is. In hierdie tyd het die Wes-Europese mense op die golf gery van welstand, kuns, kultuur en kennis.

Hierdie tyd van kulturele vooruitgang en welstand het gelei daartoe dat die periode tussen 1300-1550 gekenmerk is aan onrustigheid en opstandigheid. In hierdie tyd van politieke en ekonomiese opstandigheid het dit die kerk se strukture hierargies begin funksioneer. In die volgende era in die geskiedenis van die liturgie is die liturgie hoofsaaklik uitgevoer deur die opgeleide priesters en kore van gemeentes. Die gewone mens het al hoe minder deelgeneem aan die liturgie, wat veroorsaak het dat ‘n groot deel van die *koinonia* (gemeenskaps)gevoel agterweë gebly het. Hierdie vervreemding van die korporatiewe aanbidding het vir mense groot spanning mee gebring, presies toe hulle dit die nodigste gehad om die politieke en ekonomiese veranderinge te hanteer (Wainwright, 1992:64; cf Senn, 1983:44). Hierdie era is dan gekenmerk deur ‘n persoonlike en introspektiewe spiritualiteit. ‘n Katolieke biskop in die 16de eeu skryf die volgende oor sy belewenis van die Roomse Katolieke liturgie

“The people in the church [nave] took small heed what the priest and clerks did in the chancel... It was never meant that the people should indeed hear the Matins or hear the Mass, but to be present there and pray themselves in silence.” (White, 2000:97).

Wainwright sê dat die liturgie in hierdie oorgangsjare moet verstaan word as

“Mass was offered *for* the people (hence also private Mass), not celebrated *by* the people.” (Wainwright, 1992:64).

3.2.1.4. Die Reformasie

Die Reformasie het die era van die Rooms-Katolieke klem op persoonlike en introspektiewe spiritualiteit op gevolg. Senn skryf dat

“Heirs of the Reformation often speak with pride of the ‘purification’ of liturgy in the sixteenth century – for example, stripping away unscriptural accretions, putting worship back into the vernacular language, encouraging popular participation through congregational singing, and the like.” (Senn, 1983:45).

Die Reformatore het uiteindelik gepoog om aanbidding weer vir die alledaagse mens toeganklik te maak. Sterk klem is gelê op die verstaan van die Bybel, daarom word Reformatoriese liturgieë gekenmerk deur die kommunikasie van betekenis. Dit het beteken dat simbole en rituele moes plek maak vir die verbale pedagogie (Wainwright, 1992:65; cf Senn, 1983:45). Hierdie wyse van aanbidding het ‘n groot impak gehad op die argitektuur van kerke. In die Gereformeerde Kerke het die kansel begin om die liturgiese ruimte te domineer wat veroorsaak het dat die altaar vervang is met ‘n tafel, wat met Nagmaal gebruik is. Die Nagmaal is ook nou net ‘n paar keer ‘n jaar gevier (Senn, 1983:45, sien Addleshaw & Etchells, 1948). Die

herontdekking van die Bybel was die aanloop tot die drukkuns, 'n kulturele fenomeen wat 'n reuse impak gehad het op aanbidding en die Christelike geloof.

3.2.1.5. Die Post-Reformasie en Barokera

Die Post-Reformasie periode is gekenmerk deur die behoefte aan uniforme liturgieë. T. Klauser verwys na hierdie tyd in die geskiedenis van die liturgie deur middel van die Roomse Breviary (1568), Missal (1570), Pontifical (1596) en Ritual (1614) as

“... rigid unification.” (Wainwright, 1992:65).

Met die *Aufklärung* is aanbidding dikwels gereduseer tot die beklemtoning van etiese lewenswyse. Die kerkgebou het 'n lesingsaal geword en die liturg 'n morele opvoeder. Die era van rasionaliteit het die grootse impak gehad op die Lutherse en Gereformeerde Kerke. Tot hier dus beskryf die navorser die ontwikkeling van die liturgie na aanleiding van sosio-ekonomiese, kulturele en politieke veranderinge. In die volgende gedeelte gaan die liturgiese en rituele landskap van Suid-Afrika in breë lyne beskryf word.

3.2.2. Aanbidding in die Suid-Afrikaanse kultuur

Met die beskrywing van die diachroniese wêreldwye snit van aanbidding en kultuur, gaan die navorser nou ter aanvulling daarvan 'n sinchroniese beskrywing van die Suid-Afrikaanse kultuur en aanbidding gee. Aangesien die navorser vanuit die Suid-Afrikaanse samelewing die vraag na sosiale kohesie en multikulturele aanbidding vra, is dit belangrik om ook aandag aan hierdie gedeelte van die geskiedenis van aanbidding te skenk. Wanneer daar na die liturgiese en rituele landskap van Suid-Afrika gekyk word, is daar net een woord ter sprake, naamlik diversiteit. Diversiteit is

nie alleen 'n faktor tussen verskillende denominasies nie, selfs in kerkgenootskappe is diversiteit ten opsigte van liturgieë opmerklik. Robert Schreiter het met die idee vorendag gekom wat dien as vertrekpunt vir hierdie gedeelte van die navorsing, naamlik *local theologies* wat hy dan as volg definieer:

“... local theologies can have nuances in the theological tradition of a church denomination as a result of a congregation's history, context and diversity in spirituality. A congregation is a cultural web. In this cultural web beliefs, interpretation of the confessional creeds, history of congregation, spirituality, attitudes, morals, customs, specific practices of a certain pastor, and the environment form an intertwined whole that is a cultural web.” (Schreiter, 1985:3).

Wat Schreiter hier verwoord, is waar van elke plaaslike gemeente: elke gemeente het 'n eiesoortige subkultuur en die liturgie word in ooreenstemming met hierdie bepaalde subkultuur ingerig en uitgevoer (Pieterse, 2011:1). Immink sê in sy nuwe boek *Het Heilige Gebeurt, Praktijk, theologie en traditie van de Protestantse kerkdienst* dat mense wêreldwyd elke Sondagmore bymekaar kom om 'n erediens by te woon (Immink, 2011:7). Mense kom bymekaar om te sing en te bid, hulle lees uit die Bybel en luister na die preek. Geleentheid word gegee om mekaar te groet, geleentheid word gegee om offergawes te gee en Nagmaal word gevier. Die viering van die erediens vertoon onderling groot diversiteit, natuurlik na gelang van die kerklike tradisie, maar ook na gelang van die bepaalde kultuur waarin die gemeente haarself bevind.

In breë trekke gaan daar gekyk word na aanbidding en liturgie in die verskillende denominasies in Suid-Afrika. Die Nederduitse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gebruik tot vandag toe nog liturgieë wat deur die Sinodes voorgeskryf word. Alhoewel die tradisionele liturgie nog hoogty vier, word die invloed van eietydse musiek en sang tog waargeneem. In die Hervormde Kerk word daar meestal in die aanddienste gebruik gemaak van 'n lofprysingsgroep (Pieterse, 2011:1). Die evangelies-charismaties beweging oefen ook 'n groot invloed

uit op die tradisionele hoofstroom kerke ook NGK en VGK se liturgie en liturgiese handeling. Immink beskryf die invloed as volg

“Deze kerken introduceer den nieuwen instrumenten, zoals die gitaar, drums en synthesizers, en nieuwen vormen van communicatie, zoals drama en dans. Die gemeenten werden directer betrokken bij de eredienst door het opheffen van die handen, het kringgebed en het geven van getuigensissen.” (Immink, 2011:19).

Die charismatiese invloed het ook die *Uniting Presbyterian Church of Southern Africa* se liturgie en liturgiese handeling verander, tog bly die liturgie oorwegend tradisioneel. Die Afrikakultuur speel ‘n belangrike rol in die gevoelsbelevens van die erediens en die eredienste is dikwels multikultureel in wese (Pieterse, 2011:1). Die Methodiste kerk in Suid-Afrika het ‘n sterk piëtistiese inslag met betrekking tot die liturgie. Die charismatiese beweging het ook ‘n groot invloed uitgeoefen op die liturgie van die Methodiste kerk, liturgieë wissel ook van uiters formeel tot informeel. Die Afrikakultuur speel weereens ‘n groot rol in terme van die liturgie en liturgiese handeling, multikulturele eredienste is gewild (Pieterse, 2011:1).

Die Anglikaanse kerk, *Church of the Province of South Africa*, staan bekend as ‘n hoog liturgiese kerk. Die liturgie van die spesifieke denominasie volg die *Book of Common Prayer* (1662) en die *South African Anglican Prayer Book* (1989). Multikulturele eredienste word algemeen gesien in hierdie denominasie en die Afrikakultuur het ‘n groot impak met betrekking tot die inrigting van die liturgie. Charismatiese invloede word gesien in eietydse sang en musiek wat deel vorm van die erediens (Pieterse, 2011:1). Die *Church of England in South Africa* word beskou as ‘n laag kerklike liturgiese denominasie en gebruik meestal gereformeerde liturgieë. In hierdie denominasie speel charismatiese invloede asook die Afrikakultuur ook ‘n groot rol gesien in die lig van die erediens en die liturgie (Pieterse, 2011:1).

Die Evangelies-Lutherse kerk gebruik nog oorwegend tradisionele liturgieë, maar inkorporeer ryke simboliek op 'n kreatiewe manier. Die kleure van die kerkjaar speel 'n groot rol wanneer dit kom by die inrigting van die liturgiese ruimte. Psalms word gereeld gesing tydens die liturgie, twee Skriflesings word gelees gewoonlik uit die Tora of die Profete en daarna uit een van die Evangelies of briewe. Ruimte word gelaat vir die Afrikakultuur om die liturgie en liturgiese handelingte te beïnvloed, asook eietydse musiek en sang (Pieterse, 2011:2).

In die AGS wat 'n voorbeeld is van die Pinkster tradisie, is spontane en vrye liturgieë algemeen. Die doop met die Heilige Gees, praat in tale, asook die verskillende gawes van die Gees word beklemtoon tydens 'n erediens. In die Afrikakultuur speel uitdruwing van duiwels en geloofsgenesing 'n belangrike rol in terme van die inrigting van die erediens. Diversiteit is ook opsigtelik in die Pinkster tradisie, van meer tradisionele liturgieë tot heeltemal informele liturgieë (Pieterse, 2011:2). Die onafhanklike Charismatiese kerkbeweging het in die vroeë 1970's en 1980's ontstaan. Hierdie beweging het talle hoofstroom kerke in die vorige eeu beïnvloed. Die liturgie word gekenmerk deur vryheid, spontaniteit, maak gebruik van elektroniese tegnologie, die sing van eietydse liederes en begeleiding deur 'n musiekgroep. Ruimte word geskep vir liggaamlike beweging, getuigenisse, proffesieë en genesings. Multikulturele eredienste is algemeen en 'n wye verskeidenheid liturgiese elemente word in eredienste uitgeleef (Pieterse, 2011:2).

Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika het 'n ryk liturgiese tradisie, die liturgie bevat 'n sterk sakramentele karakter en die eucharistie is die hoogtepunt van die erediens. Gebedsvorme word in verskeidenheid aangetref in die liturgie, die kerkgebou en die inrigting daarvan het 'n baie sterk simboliese ondertoon. Die Afrikakultuur oefen wel 'n invloed uit op die inrigting van die erediens (Pieterse, 2011:2).

Die Onafhanklike Afrika Kerke in Suid-Afrika word die beste uitgebeeld deur die *Zion Christian Church (ZCC)* daar is wel talle ander Onafhanklike Afrika Kerke wat

dikwels ook aan stamme gekoppel word. Die liturgie word gekenmerk deur reinigingswassing, sing en dans speel 'n belangrike rol, uitdryf van bose geeste, gemeenskaplike maaltye en offers van graan (Müller & Wepener, 2011:3). 'n Liturgiese samekoms duur dikwels meer as net een dag (Pieterse, 2011:2). Ander Onafhanklike Afrika Kerke soos die AIC se aanbidding word gekenmerk deur informele en spontane eredienste wat glad nie gebaseer word op geskrewe dokumente of spesifieke ordes van aanbidding nie (Robert & Daneel, 2007:43). Aanbidding vind ook nie in 'n gebou plaas nie, maar buite in die natuur, gewoonlik onder 'n boom. Alhoewel Afrika tradisie dikwels bome sien as heilig en die woonplekke van voorvadergeeste, is die rede waarom hulle kies om onder 'n boom bymekaar te kom baie meer prakties as dit. Aangesien die grootste gedeelte van hierdie geloof mense van 'n laer sosiale klas is, het hulle nie altyd die kapasiteit om 'n kerkgebou op te rig nie. Gerieflikheidshalwe besluit hulle dan watter boom om te gebruik en hierdie boom kry dat later sakrale status na aanleiding van die hoeveelheid kere wat mense daar aanbid het (Robert & Daneel, 2007:50-51).

Vanuit hierdie breë pensketse van die rituele landskap van Suid-Afrika kan 'n mens agterkom watter groot rol die impak van die Afrika kultuur speel met betrekking tot die betrokke liturgiese vieringe en handeling. Die rituele landskap van Suid-Afrika word ook gekenmerk deur diversiteit en pluralisme wat definitief 'n rol speel met betrekking tot liturgiese verandering en vernuwing. Aangesien die Suid-Afrikaanse samelewing gekenmerk word deur diversiteit veral ten opsigte van kultuur, ras en taal is dit nodig om die vraag te vra na aanbidding in Suid-Afrika en die wyse waarop dit gevier word, soos in die woorde van Maluleke (2005:477)

“From various fronts, African Christians insisted that the church of Africa and its theology must bear an African stamp.” (Maluleke, 2005: 477).

Hierdie stelling van Maluleke in samehang met die navorsingsvraag waarmee die navorser ondersoek instel na die rol van aanbidding met betrekking tot die bevordering van sosiale kohesie is die vraag na die Christelike geloof en kultuur.

Daar is reeds vroeër uitgebreide definisies gegee van kultuur en hoe dit verstaan word in die sosiale wetenskappe. Op die ou einde verwys kultuur tog na die totaliteit van die manier waarop mense leef (Mugambi, 2005:516). Die rede waarom die navorser die voorafgaande beskrywing van die sinchroniese en diachroniese snit van aanbidding en kultuur in soveel detail weergee, is om aan te toon watter groot impak kultuur reg deur die eeue gehad het op die wyse van die viering van die liturgie.

Mugambi voer aan dat

“Christianity cannot be expressed or communicated without a cultural medium.” (Mugambi, 2005:517).

Die bogenoemde opmerking van Mugambi skep die navorsingsruimte vir hierdie studie, aangesien hierdie studie poog om multikulturele aanbidding en kultuur in die Suid-Afrikaanse samelewing te gebruik as medium om aan te toon dat multikulturele liturgieë wel ‘n rol kan speel ten opsigte van versoening en sosiale kohesie.

3.2.3. Aanbidding as ‘n proses van kommunikasie

Volgens Adolf Adam in sy boek *Foundations of Liturgy An Introduction to Its History and Practice* verstaan hy die liturgie as ‘n kommunikasie gebeure as volg. Hy onderskei twee dimensies van aktiwiteite wat betrokke is tydens aanbidding, naamlik:

- die dimensie van **redding** – hierdie eerste dimensie het te doen met God wat deur Jesus Christus Homself gegee het vir die mense. Die liturgie het dus essensieel te make met totale oorgawe van die mens. Die gelowiges se antwoord op God, wat homself aan die mense gee, is lofpysing en

aanbidding waarin hulle hulself gee. Die vertikale dimensie tussen God en mens word hier beklemtoon, dit is hier waar die misterie van redding uitgeleef word.

- die dimensie van **optrede deur mense** – die dimensie van menslike gedrag en optrede lê onder andere in die veld van antropologie en teologie en word verstaan as die proses van kommunikasie. Die horisontale dimensie tussen mens en mens word hier uitgebeeld. (Adam, 1992:56).

Liturgie is 'n kommunikatiewe gebeure en Adam definieer kommunikasie as 'n

“... process of communication consists in the transmission of information (facts, appeals, of one or other kind) by a communicator (speaker, transmitter) to participants (hearers, receivers) by means of particular signals of a verbal or non verbal kind.” (Adam, 1992:56).

Soos reeds, genoem is die oordrag van dogma en aangeleerde gedrag van een generasie na die volgende generasie uiters belangrik ook vir die liturgie. Dit is presies hier waar taal 'n verskriklike belangrike rol vervul tydens die oordrag van dogma en aangeleerde gedrag. Kommunikasie tussen mense veronderstel taal, op watter wyse ons taal dan ook wil verstaan (Senn, 1983:54). Paul Hoon verwys in sy boek *The Integrity of Worship* na die vyf rigtings van kommunikasie tydens aanbidding:

- vanaf God na die mense wat byeengekom het vir die erediens
- vanaf die mense van die erediens na God toe
- die mense van die erediens met mekaar
- die mense van die erediens met mense wat nie deel vorm van die geloofsgemeenskap nie
- die mense wat nie deel vorm van die geloofsgemeenskap na die mense van die erediens (soos aangehaal deur Senn, 1983:54, sien Hoon, 1971:215).

Wanneer daar dus gekyk word na hierdie model van kommunikasie tydens aanbidding word die besef dat liturgiese taal uiters belangrik is vir effektiewe kommunikasie. Dit is dikwels eenvoudig om met mense wat deel vorm van die geloofsgemeenskap te kommunikeer aangesien hulle deel vorm van die liturgiese taal gebruik. Die oomblik wanneer daar dus vanuit die geloofsgemeenskap gekommunikeer word met mense buite die geloofsgemeenskap is die gevaar dikwels dat liturgiese taal gebruik nie bekend is vir daardie mense nie. Die probleem met liturgiese taalgebruik wat vir almal bekend en verstaanbaar is, begin wanneer 'n mens liturgiese taal wil vertaal in omgangstaal, sodat dit die essensiële betekenis daarvan verloor (Adam, 1992:63). Adam stel dus voor dat die taal waarin die liturgie plaasvind omgangstaal behoort te wees en dan

“by infusing a Christian meaning into common words’, rather than by ‘importing uncommon or technical terms’.” (Adam, 1992:64).

Die taak van die geloofsgemeenskap vandag is dus om liturgiese taal te formuleer wat intelligent en getrou aan die alledaagse lewe self is, sonder om die taalgebruik van die wetenskap of koerante aan te neem. Die verdere uitdaging vir die formulering van liturgiese taal vir vandag is natuurlik om rekening te hou met die religieuse ervaring wat dit moet verwoord. Liturgiese taal moet steeds sentraal tot die hart van elke mens spreek. Om hierdie tipe liturgiese taal te ontwikkel, neem vat tyd, inspirasie en dit soek na volwassenheid (Adam, 1992:65).

Wanneer die navorser van taal praat, beteken dit nie net ons moedertaal of die taal waarmee ons met mense praat nie, dit veronderstel liturgiese simboolhandeling, die atmosfeer tydens aanbidding, liturgiese simbole, die tempo van die gebeure tydens aanbidding, die struktuur van die kerkgebou om enkeles te noem (Senn, 1983:56; cf Adam, 1992:65).

“In summation, all aspects of worship communicate and may therefore be considered language of worship.” (Senn, 1983:56).

Wanneer daar oor tyd gepraat word in die alledaagse lewe kom dit gou na vore hoe belangrik tyd regtig is. Volgens White (2000:48) is tyd ‘n taal van kommunikasie in ons alledaagse lewe. Die manier waarop mense hulle tyd gebruik en inrig, vertel dikwels die storie van wat belangrik is vir die spesifieke persoon. Tyd wys nie net vir ons wat belangrik is in die lewe nie, maar dit dui ook mense se prioriteite aan. Dieselfde is dan ook waar van die Christelike kerk, die kerk wys wat die belangrikste vir haar is deur middel van hoe sy haar tyd inrig.

Benewens tyd as ‘n belangrike taalmedium is ook die liturgiese ruimte kommunikasie kragtig. Wanneer daar iets in die geskiedenis gebeur het wat ‘n duidelike impak gemaak het, het die plek waar dit gebeur het belangrike draer van betekenis geword. Elke Christen geloofsgemeenskap het ‘n plek nodig waar hulle God kan aanbid volgens White (2000:82). Die argitektuur van die gebou waarin mense bymekaar kom om te aanbid, help om die betekenis van aanbidding te definieer vir die mense wat daarin bymekaar kom. Die struktuur van die gebou hou moontlikhede in vir die spesifieke styl van aanbidding. Gegewe die voorafgaande gegewens rakende die liturgiese rituele landskap van Suid-Afrika is daar sekere gemeentes wat nie in ‘n gebou bymekaar kom om te aanbid nie, byvoorbeeld Sioniste wat onder ‘n boom aanbid. Uiteraard is hierdie dan ook ruimtelik alhoewel dit nie fisies in ‘n kerkgebou plaasvind nie en bly dit betekenisvol vir die groter argument van die navorsing.

In hierdie gedeelte beklemtoon die literatuur dus die feit dat omvattende liturgiese taal van kardinale belang is wanneer daar gedink word oor aanbidding, kultuur en die vernuwing van liturgie.

3.2.4. Die essensie van aanbidding

Marva Dawn skryf in haar boek *Reaching out without Dumbing Down* dat ware en opregte aanbidding van God kom wat ons geroep het en vandag steeds roep. Ons antwoord, ons eggo, ons respons op die roepstem van God tydens aanbidding is 'n geskenk as antwoord op die geskenk van God (Dawn, 1995:76). C. Welton Gaddy skryf die volgende oor ware aanbidding

“Worship is a gift between lovers who keep on giving to each other.” (in Dawn, 1995:76; sien Gaddy, 1992:xi).

3.2.4.1. God as middelpunt van aanbidding

Wanneer daar gedink word oor die konsep van aanbidding is dit krities belangrik vir die kerk om God as die subjek van aanbidding te veronderstel. Wanneer daar verwys word na God as die subjek van aanbidding, beteken dit dat God die een is wat die inisiatief geneem het en Homself deur Jesus Christus aan ons openbaar het as Middelaar, Skepper, Voorsiener, Verlosser ensovoorts (Dawn, 1995:76; cf Hoon, 1971:77). God as die subjek van aanbidding beteken dat in Sy openbaring aan die mensdom het Hy aan die mens die gawe geskenk om op Sy roepstem te antwoord tydens aanbidding. Volgens Gaddy is die punt van aanbidding

“... that God alone matters.” (aangehaal in Dawn, 1995:80; cf Gaddy, 1992:201).

3.2.4.2. Die karakter van die gelowige

Dawn (1995:105) voer aan dat wanneer God die subjek van aanbidding is, daar radikale verandering sal kom in die alledaagse lewe van mense. Wanneer God Homself aan die mensdom openbaar in sy volheid, vind transformasie van die karakter van die mens plaas. Christene moet verstaan dat aanbidding en etiek twee kante van dieselfde muntstuk is, daarom wanneer die mens aanbid as respons op die openbaring van God het die manier waarop ons aanbid 'n direkte en indirekte invloed op wie jy as mens is (Dawn, 1995:106). Die spesifieke liturgiese handeling en selfs style van aanbidding vorm sekere persepsies by mense oor wie God is, dit skep ook spesifieke houdinge en gedrag wat alles medebepalend is van hoe die mens dink, praat en doen. Johan van der Merwe beklemtoon hierdie gedagte deur die volgende woorde

“Die liturgie is eintlik gevaarliker as die dogma, want waar die dogma in reflektiewe, argumentatiewe taal daarop uit is om te benoem en te beskryf, is liturgiese “taal” eerste-orde, metaforiese gebedstaal wat, hetsy deur spraak, gebaar, musiek of ritueel ons lewens- en wêreldbeskouing dikwels onbewustelik oor tyd heen vorm.” (Van der Merwe)

Daarom is dit krities belangrik dat liturge die onderliggende teologie van die erediens so inkleur dat die liturgiese handeling 'n positiewe en opbouende invloed het op die lewens van mense. Karakter word gevorm nie deur teleologiese etiek¹² of deontologiese etiek¹³ nie, maar deur die teenwoordigheid van Jesus Christus soos geopenbaar in die Bybel en ook die geloofsgemeenskap.

Die meeste kerke probeer verskillende tipe aanbiddingstyle om meer mense na die eredienste te lok, sodat die gemeente suksesvol 'blyk' te wees. Maar eintlik moet die kerk haarself op 'n kontstante grondslag daaraan herinner dat God nie effektiewe of

¹² “... by naming the goals of this life.” (Dawn, 1995:116).

¹³ “... a system of rules...” (Dawn, 1995:116).

suksesvolle eredienste soek nie, God soek ‘heilige’¹⁴ mense. In die woorde van E.M. Bounds

“People are God’s method. The church is looking for better methods; God is looking for better people.” (Dawn, 1995:107; cf Bounds, 1989:13).

God gee Homself aan ons tydens aanbidding deur die Bybel, deur die geloofsgemeenskap en deur die sakramente. Terwyl ons God se teenwoordigheid ontvang, word elkeen se karakter gevorm. Alan Jones het op ‘n dag die brood tydens die Nagmaal geneem, dit opgelig en die woorde van Augustinus herhaal

“Be what you see. Receive who you are!” (Dawn, 1995:127; cf Westerhoff & Eusden: 1982:59).

3.2.4.3. Die karakter van die kerk as geloofsgemeenskap

In hierdie gedeelte van die navorser se teologiese formulering staan die beeld van die Liggaam van Christus sentraal. Die Christelike geloofsgemeenskap is ‘n gegewene volgens die Bybel. In die Praktiese Teologie en Missiologie word daar verwys na die Liggaam van Christusmodel met betrekking tot die Christelike geloofsgemeenskap (Dawn, 1995:131). Dawn voer aan

“... that worship which keeps God as the subject is the most important key, for God is the Creator of community and the preserver of the Church. Just as worship that centres on God will nurture godly character, rather than just ‘good feelings’, in individual believers, so worship that draws all its participants into a common understanding of God will develop vibrant communities – and then communities in turn will deepen the character growth of their members.” (Dawn, 1995:133).

¹⁴ “God’s best purposes for us involves the highest of self-identity – not to be satisfactory found by endlessly pursuing self-improvement, but received as a gift of grace.” (Dawn, 1995:116).

Wanneer die karakter van die kerk as geloofsgemeenskap verdiep en verryk word, word die gebroke wêreld ons verantwoordelikheid. Wanneer ons die teenwoordigheid van God beleef in die lees van die Bybel, in die sakramente en in gemeenskap, is dit moontlik om nie deel te word van God se reddingsplan vir die wêreld nie? Elke persoon wat deel vorm van die geloofsgemeenskap is juis essensieel tot God se plan vir vrede en geregtigheid op aarde (Dawn, 1995:160).

3.3. Liturgie en Teologie

James White voer aan dat daar slegs oor Christelike aanbidding gepraat kan word wanneer daar besluit is wat hierdie konsep beteken. Daar is verskeie maniere om te werk te gaan om hierdie konsep van aanbidding te ondersoek. Die bedoeling van hierdie hoofstuk tot op hede is om ondersoek in te stel na elke moontlike aspek wat betrekking het tot Christelike aanbidding en in watter mate dit 'n invloed uitoefen op aanbidding. Die volgende gedeelte van hierdie hoofstuk gebruik die boek van James White *Introduction to Christian Worship* as riglyn vir die bespreking van liturgie en teologie. White gebruik drie kategorieë om Christelike aanbidding van naderby te ondersoek, eerstens om te beskryf wat tydens aanbidding gebeur (fenomenologies, sien punt 3.2), om tweedens definisies van teoloë oor Christelike aanbidding te ondersoek en derdens om sleutelwoorde te ondersoek wat reg deur die eeue gebruik word om aanbidding mee te beskryf (White, 2000:18).

3.3.1. Definisies van aanbidding

Wanneer White in sy boek ondersoek instel na die betekenis van Christelike aanbidding gebruik hy die metode om na enkele Protestantse, Ortodokse en Rooms-Katolieke teoloë se definisies van Christelike aanbidding te kyk. Dit beteken nie dat hierdie enkele gekose teoloë die laaste sê het oor die betekenis van Christelike aanbidding nie. Elkeen van hierdie teoloë het 'n unieke benadering tot die verstaan van aanbidding, daarom is elke definisie uniek, maar dit gebeur ook dat daar insigte

en dimensies is wat met mekaar oorvleuel. Hierdie manier van ondersoek na die betekenis van Christelike aanbidding verryk en verdiep die ondersoek, dit laat ook ruimte vir gesprek en dit skep geleentheid vir vernuwing.

White begin met die definisie van Christelike aanbidding soos deur Martin Luther gepreek by die inhuldiging van een van die Protestantse kerke in 1544. Martin Luther het oor Christelike aanbidding die volgende gesê

“... that nothing else be done in it than that our Lord Himself talk (*rede*) to us through His holy word and that we, in turn, talk (*reden*) to him in prayer and song of praise.” (White, 2000:22).

Vanuit hierdie definisie van Luther word dit dus duidelik dat Christelike aanbidding dialogiese karaktertrekke toon. Dit beteken doorgewoon dat beide openbaring en respons op hierdie openbaring, gedryf deur die werking van die Heilige Gees teenwoordig is, tydens aanbidding (Chricton, 1992:9).

Calvyn het die volgende oor Christelike aanbidding te sê gehad

“We are lifted up even to God by the exercise of religion. What is the design of the preaching of the Word, the sacraments, the holy assemblies, and the whole external governance of the church, but that we may be united (*conjugant*) to God.” (White, 2000:23).

Hierdie definisie van Calvyn beklemtoon dat die uiteindelijke doel van Christelike aanbidding tog eenheid met God veronderstel (White, 2000:23).

Die Anglikaanse biskop Thomas Cranmer het gevind dat

“... setting forth of God’s honor or glory, and to the reducing of people to a most perfect and godly living” (sien White, 2000:23).

Die erediens, aanbidding en liturgiese handeling is die verrykende en deurlopende gevolg. Dit is nie net ’n gebeurtenis een keer op ’n Sondagoggend nie. Die erediens is nie net ’n eenmalige gebeurtenis wat geen impak het op mense se lewe verder nie. Volgens Cranmer speel aanbidding ’n essensiële rol met betrekking tot die alledaagse lewe, die lewe word nou die verheerliking van God. Cranmer se denkpatroon kan waargeneem word in die hedendaagse verband wat daar gelê word tussen aanbidding en sosiale geregtigheid (White, 2000:23).

Die Russiese Ortodokse teoloog George Florovsky sê

“Christian existence is essentially corporate; to be Christian means to be in community, in the Church.” (sien White, 2000:23).

In hierdie aanhaling word dit duidelik dat God aktief betrokke is by mense in hierdie gemeenskap (*koinonia*) wat mense beleef wanneer hulle saam aanbid. Liturgie volgens Chrichton (1992:20) word saam met ander gevier en die gemeenskap tussen mense is van hoogste belang. Enkele van die bogenoemde definisies hou verband met die definisie van Nikos A. Nissiotis wat sê

“Worship is not primarily man’s (*sic*) initiative but God’s redeeming act in Christ through the Holy Spirit.” (White, 2000:23).

Met hierdie definisie van Nikos A. Nissiotis word die teenwoordigheid en die optrede van die Triniteit met betrekking tot aanbidding beklemtoon. Deur die kragtige werking

van die Heilige Gees in die kerk word aanbidning gerig tot die Triniteit vanuit die Triniteit (White, 2000:23).

Hierdie definisies van Christelike aanbidning is nie waar van alle aanbidning nie, dit veronderstel ook geensins dat alles nou gesê is oor Christelike aanbidning nie. Die rede waarom die navorser hierdie spesifieke definisies gebruik, word gebaseer met die oog op die formulering van 'n multikulturele aanbidningsteorie en spesifieke karaktereenskappe wat ter ondersteuning is van die teorie. Natuurlik is daar nog altyd geleentheid vir verdere oordenking van die konsep Christelike aanbidning waardeur daar tot 'n dieper verstaan van aanbidning gekom kan word.

3.3.2. Sleutelwoorde in Christelike aanbidning

Die volgende metode wat White aanwend in sy ondersoek na die betekenis van Christelike aanbidning is om te kyk na die sleutelwoorde wat op 'n gereelde grondslag deur gelowiges gebruik word om te verwys na aanbidning. Die volgende sleutelwoorde gaan dus gebruik word om nadere ondersoek in te stel na die betekenis van aanbidning (White, 2000:25-30):

- **Diens** – diens beteken om iets vir iemand te doen in die letterlike sin van die woord. Dit verwys na werk wat gedoen word vir die gemeenskap sonder om finansiële gawes terug te verwag vir die werk wat gedoen is. Die woorde kom van die Latynse *servus* wat beteken 'n slaaf gebind om ander te dien. Dus kan diens in verband met aanbidning verstaan word in terme van Fillipense 2:7

“... maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk geword ...”

en dan natuurlik vanaf die mens se kant, diensbaarheid tot hierdie God.

- **Liturgie** – liturgie en diens is eintlik in betekenis nouliks verbind aan mekaar. In die antieke Griekse godsdienst was die liturgie 'n publieke gebeurtenis waarin mense opgetree het tot voordeel van die stad of gemeenskap. Daarom staan liturgie in verband met aanbiddingswerk wat deur mense gedoen word ten gunste van ander mense. Wanneer 'n eredienst dus liturgies is, gebeur dit so dat elkeen wat teenwoordig is aktief deelneem aan die gebeurtenis wat plaasvind. Dit wil dus vir my voorkom of die karaktereienskap diensbaarheid 'n essensiële rol speel met betrekking tot die verstaan van aanbidding.
- **Kultus** – het vandag 'n baie negatiewe konnotasie en wek negatiewe gevoelens by mense op. Die woord kultus kom van die Latynse woord *colere* af, wat beteken om te kweek. Hierdie term verwys na die verhouding wat daar bestaan tussen 'n boer en sy gewasse. 'n Verhouding wat gekenmerk word deur wedersydse afhanklik van mekaar te wees, 'n verhouding van gee en neem. Hierdie verhouding vind ons dan ook wanneer daar gedink word oor Christelike aanbidding, die verhouding tussen God en mens, en mense met mekaar wat uit al die bogenoemde karaktereienskappe bestaan.
- **Aanbidding (*worship*)** – kom van die antieke Engelse woord *weorthscipe* wat letterlik *weorth* (waarde) en *-scipe* (skip) beteken. Die term het beteken om letterlik waarde tot iemand toe te voeg, om daardie persoon dienooreenkomstig te behandel dat hy waardig en gerespekteerd voel (Basden, 1999:17). Hierdie idee wys dan uiteindelik wat God regtig van gelowiges verwag dat ons Hom sal eer en verheerlik soos dit Hom toekom. In die geval van aanbidding wys dit eerstens na die waarde en waardigheid van God, waarin die mens nie iets toevoeg tot God nie, maar waarin Hy bely word.
- **Persoonlike toewyding** – verwys dikwels na eie persoonlike stiltetyd, dit kan gebeur tydens die kollektiewe eredienst. Kollektiewe en persoonlike toewyding loop ook hand aan hand, die een kan nie funksioneer sonder die ander een nie.

3.3.3. Die handeling van aanbidding soos in die Bybel weergegee

Vir gelowiges is die Bybel die hoofbron wat hulle tot hulle beskikking het om inligting in te win oor die Christelike geloof. Daarom gebruik die navorsing dan ook hierdie primêre bron om ondersoek in te stel na aanbidding soos dit voorkom in die Bybel (Basden, 1999:19). Vanaf die begin dui die Bybel aan dat aanbidding 'n menslike respons is op God se kragtige daade in en deur die geskiedenis. Die volgende patroon rakende aanbidding word sigbaar in die Bybel.

- God handel op 'n kragtige wyse namens Sy mense
- Die mense antwoord met dankbaarheid en lofprysing
- God aanvaar hulle respons (Basden, 1999:19).

3.3.3.1. Aanbidding volgens die Ou Testament

Die geskiedenis van Israel is die van 'n gemeenskap van pelgrims. Die verhaal begin waar God vir Abaham geroep het om die 'vader van baie nasies' te word. Met hierdie roeping van Abraham het beloftes van invloed, nageslagte en land in werking getree. As antwoord op hierdie beloftes van God het Abraham altare gebou wat dien as aanbiddingsplekke (sien Genesis 12:7-8, 13:18 en 15:1-11, 22:13-14). Daarna, volg die verhaal van die aartsvaders en hulle pad met God en ook Israel se uitkoms uit Egipte, die land van slawerny, gebeure wat die keerpunt in Israel se verstaan van aanbidding is. Die uittog uit Egipte was vir die Israeliete soos die kruisigingsgebeure in die Nuwe Testament.

Die Israeliete het op verskeie maniere geantwoord op God se reddingsdade, naamlik

- Diere- en graanoffers wat gebring is (Eksodus 12:1-28)
- Sang en musiek (Eksodus 15:1-21)

- Feeste
- Gemeenskaplike maaltye is gevier.

In die tyd van Koning Salomo het Christelike aanbidding 'n meer formele vorm aangeneem, 'n tempel is gebou as plek van aanbidding (Basden, 1999:20). Met die bou van die tempel is daar besef dat mense aangewys moet word om die liturgiese handeling te lei, priesters, hekwagte en musikante is aangestel. God was nie altyd gelukkig en tevrede met die manier waarop Israel aanbid het nie, daarom het die tyd van die profete aangebreek. Die profete het kritiek gelewer op die huidige stand van sake dat aanbidding net 'n formaliteit geword het, iets wat die Israeliete net gedoen het om dit af te handel (Basden, 1999:22).

Die laaste groot veranderinge in die Ou Testament in terme van aanbidding was met die koms van die ballingskap in 586-587 vC. Vir die Israeliete was Jerusalem die sentrum van hulle geloof. In daardie tyd is die Jerusalem vernietig en vir die destydse Israeliete was hulle lewe verwoes en omvergewerp. Met die val van die tempel en ook die terugkeer van die ballingskap, het aanbidding dramaties verander. Musiek en sang, het plek gemaak vir die lees van die Tora, asook die opsê van gebede en die voordrag van Psalms (Basden, 1999:23). Die sinagoge het nou die rol van die tempel oorgeneem.

3.3.3.2. Aanbidding volgens die Nuwe Testament

Die Nuwe Testamentiese tyd word nie gekenmerk deur bepaalde maniere van aanbidding nie, daar is wel onderskeibare karaktereienskappe wat na vore kom naamlik:

- gebed,
- skriflesing,

- prediking,
- graan en diere offers,
- viering van die Nagmaal
- sang en
- gemeentelike deelname en bymekaarkom (Adam, 1992:12).

In die woorde van Basden (1999:25) wil dit voorkom of die ware hart van Christelike aanbidding

“... redeemed people gratefully responding to a gracious God.” (Basden, 1999:25).

3.4. Liturgie en Konteks

3.4.1. Liturgie en Etiek

Die verhouding tussen liturgie en etiek was van die begin af duidelik sigbaar. In die Ou Testament het die profete kritiek gelewer op die vroom samekomste terwyl ongeregtheid hoogty vier (sien Amos 5:21-4). In die Nuwe Testament kom Paulus en kritiseer die Korintiërs oor hulle gedrag tydens die Nagmaal (1 Korintiërs 11:20). Die vraag is natuurlik *hoe* liturgie en etiek aan mekaar verbind word? Die moontlike verbintnisse lê in drie kategorieë:

- **liturgie is ‘n bron vir etiek** – liturgie kan funksioneer as motivering tot etiese gedrag, liturgie kan ook dien as bron vir etiese refleksie (Phillips, 1993:87). Dit beteken dan dat liturgie kan funksioneer as die norm of die manier waarop Christene die goeie lewe leef en hoe hulle eties korrek lewe.

- **liturgie is ‘n objek van etiek** – vir liturgie om ‘n objek van etiek te kan wees, moet liturgie krities evaluerend wees ten opsigte van Christelike aanbidding. Liturgie as objek van etiek is ook waardevol in die sin dat dit ‘n instrument is wat die ontwikkeling van etiese konsepte en gedrag kan stimuleer (Phillips, 1993:92-93).
- **liturgie opsigself is etiek** – John Howard Yoder (Phillips, 1993:94) het begin met die gedagte dat liturgie en etiek inherent dieselfde manier is waarop die Christen gemeenskap die evangelie uitleef. Yoder beklemtoon Habermas se idee dat

“the church does not have a social ethic, the church is a social ethic.” (Phillips, 1993:95; cf Habermas 1983:99).

Vir Habermas is die uitvoering en die uitlewing van die liturgie die kerk se bydrae tot etiek in die alledaagse samelewing, aangesien dit die geloofsgemeenskap definieer as buitengewoon teenoor die res van die wêreld. Die kerk se getuienis vir die wêreld sal alleenlik geloofwaardig wees as die mense wat teenwoordig is, karaktereienskappe toon van liefdadigheid, gasvryheid en geregtigheid (Phillips, 1983:95).

Dom Gregorius Dix skryf in sy welbekende boek *The Shape of Liturgy* dat

“... the study of liturgy is above all the study of *life* ...” (in Saliers, 1994:171).

Christelike aanbidding is van die vroegste tye af gedoen deur mense van vlees en bloed, dis mense wie se hedendaagse omstandighede nog altyd ‘n invloed uitgeoefen het op die manier waarop hulle aanbid.

3.5. Gevolgtrekking: Formulering van 'n multikulturele erediens teorie

Wanneer besluite gemaak word oor die taal van aanbidding, simbole, rituele en liturgiese handeling is dit nie bloot net besluite wat op 'n praktiese vlak lê nie, dit veronderstel 'n teologie van aanbidding. In hierdie hoofstuk het die navorser gepoog om vanuit verskeie hoeke ondersoek in te stel na die betekenis agter die konsep Christelike aanbidding. Aangesien die navorser met hierdie studie beoog om 'n teorie te formuleer rondom multikulturele erediens, moes daar met 'n bepaalde lens na Christelike aanbidding gekyk word.

Die navorser het kultuur en etnisiteit gebruik as lens waardeur Christelike aanbidding ondersoek is, om vas te stel of Christelike aanbidding 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van die proses van versoening en sosiale kohesie. In die voorafgaande hoofstuk is daar van die begin af 'n sterk fokus geplaas op die werksaamhede van simbole en rituele in die erediens. Vervolgens skryf Mark Searle, wanneer rituele en simbole vanuit 'n funksionalistiese siening beskou word, word rituele dikwels uitgebeeld as

“maintaining social cohesion and cultural coherence in the face of various kinds of threats.” (Searle, 1992:55).

Volgens die Rooms-Katolieke Ensikliek oor liturgie is daar geskryf dat die liturgie tegnies uit twee dele bestaan, in die eerste plek die deel wat nooit kan verander nie aangesien dit deur God die Skepper daargestel is en in die tweede plek is daar ook menslike elemente ter sprake wanneer daar na aanbidding gekyk word. Hierdie menslike elemente kan deur afhanklikheid van die Heilige Gees oor tyd en ruimte heen verander soos die konteks van die mense verander (Spinks, 2007:230). In die woorde van Spinks (2007:231)

“... liturgy, even if divinely mandated, is also a human activity, and as such, is influenced by the culture in which it is celebrated and developed.” (Spinks, 2007:231).

In hierdie hele hoofstuk is die vraag na kultuur en aanbidding gevra en hoe dit funksioneer binne die praktyk, verskeie akademici noem hierdie praktyk liturgiese inkulturasie. Volgens Chupungco (1982:28) vind inkulturasie nie alleen sy basis in die antropologie nie, maar ook in die teologie. Die vraag is dan: Wat is liturgiese inkulturasie? Liturgiese inkulturasie word deur Chupungco gedefinieer as die proses waar die liturgiese tekste en rituele wat gebruik word in Christelike aanbidding so ingebed word in die daaglikse kultuur van die betrokke tyd en plek, dat die taal van die kultuur, simbole en ook rituele vasgevang word in die liturgie. Binne in hierdie veld van liturgiese inkulturasie kry ‘n mens dan te doen met multikulturele liturgieë wat in die konteks van Suid-Afrika dan juis nie vreemd is nie, as gevolg van die wye verskeidenheid kulturele en tradisies wat hier voorkom. Die navorser het in hierdie hoofstuk na ‘n intensiewe literatuurstudie rakende multikulturele aanbidding gevind, dat die hart van aanbidding tog multikulturele aanbidding blyk te wees. Die hart van aanbidding blyk te wees dat God vanuit sy inklusiewe en omhelsende aard ‘n ruimte vir mense skep om Hom te aanbid deur musiek, sang, woordgebeure, simbole en rituele (sakramente). Multikulturele liturgieë word in die volgende aanhaling goed opgesom

“... tries to reassert the connectedness of things and the continuities in life; it is less an expression of thought than an experiment of living, It is where we lead with the body and the mind follows, discovering the revelation it is given along the way.” (Searle, 1992:57).

HOOFSTUK 4:

GEDETAILLEERDE BESKRYWING VAN DRIE ONDERSKEIE EREDIENSTE

'n Gedetailleerde beskrywing van die wyse waarop multikulturele eredienste in drie onderskeie denominasies, NG Gemeente Pretoria (Arcadia), Elim Full Gospel Church en Katolieke Kerk St Pius X, ingerig was.

4.1. Inleiding

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is om

- 'n gedetailleerde beskrywing van die multikulturele eredienste in die drie onderskeie denominasies te gee soos dit weekliks gevier word.
- ook krities die multikulturele eredienste te bestudeer en te interpreteer veral met die klem op die liturgiese elemente wat versoening en sosiale kohesie tussen mense van verskillende kulture en groepe bevorder.

In hierdie hoofstuk gaan die navorser ondersoek instel na die liturgie wat agter die teks lê soos Don Saliers daarna verwys (Saliers, 1994:139). Dit beteken om in die fynste detail te beskryf hoe die proses verloop, om aantekeninge te maak oor wie wat doen tydens die liturgie, waar dit gedoen word en wanneer dit plaasvind (Stringer,1989:512-513). Op hierdie wyse sal die navorser dan poog om die rituele van versoening en sosiale kohesie in die konteks van die hele multikulturele erediens te ondersoek.

4.2. NG Gemeente Pretoria (Arcadia)

Op Sondag 15 April 2012 het die navorser die Engelse diens by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) Pretoria, beter bekend as NG Kerk Arcadia

bygewoon. Die Engelse oggenddiens begin om 11:00 in die kerkgebou op die hoek van Stanza Bopape en Wessels straat in die middestad van Pretoria. Op hierdie spesifieke oggend is die erediens gelei deur die jeugpastoor Aubrey Senyolo en die tema van die oggend erediens was “Bearing fruits that last”. Die NG Kerk Arcadia het in die vroeë 1990’s begin met ‘n multikulturele bediening en hierdie bediening vorm nou ‘n baie belangrike deel van die gemeente. Tydens hierdie Engelse multikulturele erediens woon die volgende etniese groepe op ‘n gereelde basis die erediens by:

- Swart Suid-Afrikaners
- Indiese Suid-Afrikaners
- Bruin Suid-Afrikaners
- Wit Suid-Afrikaners
- Suid-Koreane
- Chinese
- Kongolese
- Keniane
- Zimbabwiërs

Hierdie deel van die beskrywing van die veldwerk bestaan uit ‘n beskrywing van waarneminge van die navorser voor en tydens die erediens. Die navorser gaan die volgende vrae¹⁵ gebruik as riglyne vir die waarneminge wat spesifiek fokus op die kerkgebou self:

1. Watter tipe gebou is dit?
2. Is hierdie gebou tipies ‘n plek waar mense op ‘n gereelde basis bymekaar kom om te aanbid?
3. Hoe is die liturgiese ruimte ingerig?
4. Is die liturgiese ruimte tipies of atipies ingerig?

¹⁵ Die stel vrae is elke keer gebruik om die kerkgebou te beskryf.

5. Watter tipe simbole word in die liturgiese ruimte gebruik (Jorgensen, 1989:82-85)?

Met die aankoms van die navorser by die gemeente was daar 'n gemeentelid voor by die hoofingang van die kerkgebou om die gemeentelede welkom te heet voor hulle by die kerkgebou ingaan. In die ingangsportaal van die kerkgebou is daar 'n tafel met die maandelikse nuusbrieff van die gemeente met al die toepaslike inligting rakende die gemeente se bedieninge en aktiwiteite. Terwyl die navorser die kerkgebou in stilte binne gaan, besef die navorser dat die boustyl van die kerk baie spesifiek die is van 'n NG Kerk. Die struktuur van die gebou is groot met 'n hoë plafon wat die idee skep van spasie en oopheid. Die kerkgebou binne is redelik donker as gevolg van min vensters wat natuurlike lig inlaat. Die gebou word dus verlig deur verskeie elektriese ligte wat of in die plafon van die gebou is, of teen die mure langs die kant van die gebou geanker is. Tipiese hout banke wat in rye gepak is wat almal na die preekstoel gedraai is, vorm deel van die grond oppervlakte van die gebou.

Die liturgiese ruimte bestaan uit 'n eenvoudige beton preekstoel met die woorde "Maak my lewend na U woord" as kanselkleed. Die liturg het met hierdie betrokke erediens nie gebruik gemaak van die preekstoel nie, maar van 'n hout kateder wat in die middel voor die preekstoel in die liturgiese ruimte geplaas is. Deurdat die liturg nie gebruik gemaak het van die formele preekstoel nie, maar eerder van die hout kateder is daar dadelik 'n meer ontspanne en gemaklike atmosfeer geskep. Die navorser het ook aangevoel dat die liturg nader aan die erediensgangers skyn te wees wat ook 'n gespreksgevoel skep, eerder as 'n predikant wat van bo, vanaf die preekstoel vir die onaktiewe gemeente preek. Langs die kateder aan die regterkant is daar 'n doopvont en aan die linkerkant is daar 'n tafel met 'n skootrekenaar en dataprojektor wat die woorde van die liedere op 'n skerm projekteer. Langs die skootrekenaar op die tafel is daar 'n oop Bybel asook 'n klei waterhouer wat deel vorm van die liturgiese ruimte.

Die erediens het 'n paar minute na 11:00 begin met die liturg wat die gemeentelede welkom geheet het by die erediens op hierdie dag. Die liturg het daarna die gemeentelede gevra om mekaar welkom te heet of deur middel van 'n handdruk, drukkies of waarmee hulle gemaklik voel. Die gemeentelede het opgestaan, rond geloop en mekaar gegroet met groot glimlagte wat aandui dat daar 'n sterk vriendskapverhouding bestaan tussen die gemeentelede. Nadat die gemeentelede weer hulle plekke ingeneem het, het die liturg die aanbiddingslied aangekondig wat "We want to thank you, Lord" is. Die gemeentelede het die lied in Zulu en Tswana gesing, terwyl hulle gestaan het en ritmies hande geklap het en bewegings op maat van die musiek met hulle lywe gemaak het. Die lede van die koor het goed geharmoniseer met die res van die mense terwyl die lied gesing is.

Die liturg het hierna nog twee liedere aangekondig wat gesing is, naamlik:

"In the name of Jesus Christ we are blessed" – Hierdie lied is 'n oeroue Afrika aanbiddingslied en die pastoor het die lied vir die wat nie die Afrikalirieke verstaan nie in Engels vertaal.

Daarna is die lied "You are Alpha and Omega" gesing.

Na afloop van die drie aanbiddingsliedere wat die erediensgangers gesing het, het die erediensgangers rustig gaan sit en die liturg het die erediensgangers voorgedaan in gebed. Met hierdie gebed het die liturg gevra dat die erediensgangers gelei sal word deur die Heilige Gees om wanneer hulle uit die Bybel lees, te hoor en te verstaan wat die boodskap vir hulle is. Die liturg vra toe die erediensgangers om in hulle Bybels te blaai na die Skrifgedeelte vir die oggend, naamlik Johannes 15:1-17 en vervolgens word 'n kort opsomming van die preek gegee.

Die liturg het begin om die metafoor wat Jesus in hierdie spesifieke gedeelte gebruik, te verduidelik, naamlik die metafoor van die wingerdstok en sy lote. Deur middel van

die dataprojektor is daar op die wit skerm 'n beeld van 'n wingerd asook 'n naby foto van 'n wingerdstok en die lote gegooi, ter verheldering van die metafoer. Net soos hierdie prent op die wit skerm aandui hoe 'n loot nooit kan oorleef sonder die wingerdstok nie, so is dit ook met mense wat nie gegrond is in Jesus Christus nie. 'n Loot wat nie geënt is op 'n wingerdstok nie, sal op geen manier vrugte kan dra nie. Presies dieselfde gebeur met mense wat nie geanker is in Jesus Christus nie, daardie mense sal nooit vrugte kan dra wat ewigheidswaarde besit nie. Die liturg het Galasiërs 5:22-23 wat handel oor die vrugte van die Gees, gebruik om te dien as voorbeelde van vrugte wat ewigheidswaarde het, naamlik:

- Liefde
- Geluk
- Vrede
- Goedheid
- Getrouheid
- Geduld
- Deernis
- Sagmoedigheid en
- Selfbeheersing.

Die liturg het die preek afgesluit met die volgende vers in 1 Korintiërs 12:12 wat eintlik die boodskap van die oggend goed opsom.

“The body is a unit, though it is made up of many parts; and though all its parts are many, they form one body. So is it with Christ.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Nadat die liturg hierdie vers uit 1 Korintiërs vir die gemeente voorgelees het, kom hy in sy preek tot die slotsom dat mense divers is. Elke mens op aarde is uniek en eie aan haar- of homself, elke mens op aarde dra sy of haar eie unieke vrugte. Alhoewel elkeen uniek is, moet mense steeds versigtig wees dat dit nie skeiding bring tussen hulle nie. Die liturg voer aan dat wanneer mense gegrond is in Jesus Christus, dit wil

sê Hy vorm die middelpunt van mense se bestaan, veronderstel dit dat daar 'n verbintenis bestaan tussen God en mens. In hierdie verbintenis tussen God en mens word mense een deurdat alle mense gelyk is in die oë van die Here. Daarom moet medemense mekaar met dieselfde gelykheid behandel, aangesien elke persoon op aarde gemaak is vir 'n besondere en unieke taak.

Mense voer so maklik aan dat daar sekere vrugte in die lewe is wat belangriker is as ander vrugte, tog kom dit so duidelik na vore, in die Johannes Evangelie, dat Jesus duidelik aanvoer dat daar geen vrug is wat belangriker is as die ander vrugte nie. Wanneer mense dan vrugte dra wat waarlik ewigheidswaarde het, natuurlik deur die werking van die Heilige Gees in elkeen se lewe, sal mense aangetrek word deur hierdie spesifieke lewenswyse. Dit gee mense geleentheid om God se verlossende genade aan mense te verkondig wat dit of alreeds weet of selfs nog nooit daarvan gehoor het nie. Ons doel op aarde volgens die Bybel is tog om getuies te wees van die grootste wonderwerk op aarde naamlik die kruisdood en opstanding van die Here, Jesus Christus, sodat ander wat dit nog nie gehoor het nie, dit kan hoor en self hierdie belewenis in hulle lewe ervaar.

Amen.

Die boodskap en die teologie van die prediking is deurgaans goed deurdink en Gereformeerd. Dit is duidelik dat die liturg moeite doen met sy erediensvoorbereiding. Die liturg het sy oë gesluit en die gemeente gelei in gebed, waartydens hy gebid het vir vrugte wat ewigheidswaarde het in die mense van die gemeente se lewe. Hy het gebid dat hierdie vrugte so duidelik sal word in hulle lewens, dat vele ander lewens deur die werking van die Gees getransformeer kan word. Die liturg het nou geleentheid gegee vir die offergawes om opgeneem te word, maar voor hy geleentheid daarvoor gegee het, het hy eers aan die gemeente verduidelik dat die offergawe nie net nog 'n daad is wat gedoen moet word vir die erediens om suksesvol afgehandel te word nie. Die offergawe is 'n belangrike manier waarop mense geleentheid kry om dankbaarheid te toon vir dit wat hulle ontvang het uit die hand van die Here en om deur middel van hulle offergawes 'n bydrae te lewer

tot die diens van die kerk. Die liturg het ook deurentyd verwys na die tema van die oggend reg deur die verloop van die hele erediens, wat die liturgie mooi as geheel bind.

Twee diakens het die offergawes in ronde houtbordjies opgeneem, daarna het die liturg die afkondigings vir die week geles, soos dit op die uitdeelstuk verskyn. Die liturg het die erediens afgesluit met 'n gebed wat vra dat God die gemeente sal seën in die week wat kom. Die erediensgangers het die gemeente daarna in stilte verlaat om in die saal langs die kerk saam tee te drink en te kuier.

4.3. Elim Full Gospel Church

Die tweede gemeente wat die navorser in hierdie studie gebruik het, was die Elim Full Gospel Church in Hatfield. Die navorser het Sondagoggend 22 April 2012 die oggenddiens bygewoon wat om 10:30 begin. Die oggenddiens is deur pastoor Conrad Booyesen gelei. Vanaf die vroeë 2000's het die gemeente gefokus op 'n multikulturele bediening om mense van verskillende kultuurgroepe te bedien by die gemeente. Dus wanneer daar gekyk word na wie die erediens op 'n gereelde grondslag bywoon, kan die volgende kultuurgroepe onderskei word:

- Wit Suid-Afrikaners
- Swart Suid-Afrikaners
- Indiese Suid-Afrikaners en
- Bruin Suid-Afrikaners.

Die oggenddiens is ook redelik verteenwoordigend van al die generasies naamlik, studente, jongmense wat reeds werk, ouers met kinders en ook pensioenarisse. Daar is wel 'n klein bietjie meer studente op 'n gereelde grondslag teenwoordig tydens die oggenderediens.

Die volgende gedeelte van die gedetailleerde beskrywing van die empiriese navorsing bestaan uit die navorsers se waarnemings van die kerkgebou, die gebeure tydens die erediens en die manier waarop die erediensgangers deelneem aan die gebeure van die erediens.

Met die aankoms van die navorsers by die gemeente was daar vier mense wat buite die gemeente se hoofingang gestaan het om die erediensgangers te verwelkom voor hulle die kerkgebou binne gaan. Al vier die mans was aangetrek in formele donker broeke en daarmee saam dieselfde kleur blou kraaghemde met naamplaatjies daarop. Saam met die verwelkoming het hulle ook vir al die erediensgangers die weeklikse nuusbuletin uitgedeel. Die mans by die deure het dan ook sommige mense, veral ouer mense, gehelp tot by hulle sitplekke in die kerkgebou. In die voorportaal van die kerkgebou is daar 'n handgemaakte portret met die woorde van die "Onse Vader" daarop uitgeskryf. Nadat ek in een van die banke gaan sit het, het daar 'n ouer dame na my toe gekom en gevra of dit die eerste keer is wat ek die gemeente besoek. Die navorsers het dadelik agtergekom dat die gemeente in noue verhoudings met mekaar staan, die gemeente straal 'n gevoel van warmte en verwelkoming uit die oomblik wat 'n mens die kerkgebou betree.

Gegewe die feit dat hierdie gemeente deel uitmaak van die Pentakostalistiese tradisie, kan dit heel duidelik gesien word met betrekking tot die inrigting van die liturgiese ruimte. Die liturgiese ruimte bestaan uit 'n groot, plat oppervlakte wat effens hoër is, as die res van die grondoppervlak. Die spesifieke oggend se sang is gelei deur 'n sewe stuk musiekgroep wat bygestaan is deur een elektroniese tromstel, een klavier en sewe stemme. 'n Kateder is reg in die middel van die verhoog geplaas, vanwaar die prediking plaasgevind het. Die kanselkleed vir die betrokke Sondag was die van twee hande wat besig is om te bid. Aan die regterkant van die verhoog het daar 'n groot ruiker blomme gestaan met oranje en rooi Gerbera's wat die liturgiese ruimte kleur gegee het. Reg agter die verhoog is daar 'n groot uitbeelding in goud van 'n duif wat simbolies is van die vrede van die Heilige Gees wat gedurig deur teenwoordig is, in die gemeente en ook in die lewe van die gemeentelede.

Teenaan die muur wat links van die verhoog is, naaste aan die blomruiker is daar 'n kruis wat verlig word deur lampies wat ook deel vorm van die liturgiese ruimte. In beide vensters word 'n beeld van 'n kruis ontwerp deur rooi glas te gebruik. Die gemeentelede sit in reguit, hout kerkbanke wat in rye gemonteer is, met die gemeentelede wat na die verhoog of liturgiese ruimte kyk. 'n Digitale skerm word gebruik om die lirieke van die liedere wat gesing word tydens die erediens te vertoon.

Terwyl die gemeentelede in die banke sit en wag vir die erediens om te begin, gaan die musiekgroep so lank vorentoe om saggens aanbiddingsliedere te speel op die instrumente. Die vrou wat klavier gespeel het, het die gemeentelede gevra of hulle God se teenwoordigheid in hulle lewe ervaar het die week. Die gemeentelede het met of 'n kopknik of 'n ja geantwoord. Die musiekgroep het die gemeente gelei tot aanbidding deur die volgende liedere te speel:

“His love endures forever”

“You are good”

“Hungry”

“We worship You”

Die gemeentelede het die liedere met entoesiasme gesing, dit is welbekende liedere vir die gemeente. Die gemeentelede het ook hande geklap en op maat van die musiek met hulle liggame beweeg. Ander gemeentelede het weer hulle hande in die lug gestee en op so 'n wyse uitdrukking gegee aan dit wat hulle op daardie stadium beleef het.

Nadat die musiekgroep die gemeente voorgestaan het met sang en aanbidding het die liturg na vore gekom en die gemeente gelei in gebed. Hy het veral gebed vir mense wat desperaat is vir die Here se aanraking in hulle lewens. Hy het vir God se seën tydens die erediens gevra. Daarna het die liturg geleentheid gegee vir die offergawes om opgeneem te word, die diakens met donker formele broeke en blou

knoop hemde het die rondte gedoen met materiaal sakkies waarin die offergawes van die gemeentelede ingesamel is.

Die liturg vir die oggend het assistentpastoor Olga Booyesen 'n kans gegee om die gemeentelede toe te spreek na aanleiding van haar visioen wat sy die oggend voor die erediens ontvang het. Sy het begin deur te sê dat daar vele mense is wat die oggend in die erediens sit wat hulle pyn en lyding vir die samelewing wegsteek en wat dit selfs vir God probeer wegsteek. Tog het God vanoggend aan haar kom wys dat mense nie skaam hoef te wees vir dit wat hulle op hierdie stadium van hulle lewens voel nie. Met hierdie woorde het sy die gemeentelede wat swaarkrytjies tans beleef na vore genooi om deur die ouderlinge van die kerk hande opgelê te word en om ook vir hulle te bid. Die gemeentelede het dus vorentoe gegaan, die ouderlinge het vorentoe gegaan en hulle hande op die mense gelê en vir hulle gebid soos daar geskrywe staan in Jakobus 5:13-14:

“As daar iemand onder julle is wat swaarkry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom,, en hulle moet vir hom bid en hom met olie self onder aanroeping van die Naam van die Here.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Daar het omtrent 'n derde van die gemeente opgestaan en na vore gekom om die aanraking van God te beleef, deur middel van die ouderlinge wat hulle hande op die mense gelê het. Die liturg asook pastoor Olga Booyesen het begin om die mense te self met olyfolie wat moes dien as 'n simbool van God se helende aanraking in hulle lewens, terwyl die ouderlinge individueel rondgaan en vir die mense bid. Daarna het die liturg gevra dat die res van die gemeente hulle hande uitstrek na die gemeentelede wat voor staan en terselfdertyd vir hulle bid. Die gemeentelede wat vorentoe gekom het, het weer gaan sit en die liturg het toe begin om die mense te verwelkom wat vir die eerste keer die erediens bywoon. Hy het aan die diakens opdrag gegee om aan elke nuweling 'n besoekersvorm uit te deel wat hulle dan moes invul, sodat die kerkkantoor vir elkeen 'n sms kan uitstuur om hulle welkom te

heet in die gemeente. Daarna het die liturg die afkondigings voorgelees wat belangrik was vir die gebeure van die gemeente die week.

Voordat die liturg uit die Bybel gelees het, het hy gevra dat die gemeente hulle oë sal sluit waarin hy gevra het vir die seën van die Here op die oggend se prediking. Die Skriflesing van die oggend het gekom uit Sagaria 4:6-9, terwyl die liturg die Skrifgedeelte aankondig, deel die diakens 'n opsomming van die preek aan die gemeente uit. 'n Kort opsomming van die preek is:

Die liturg het begin om aan te dui dat verskeie akademici nie ooreenstem oor die presiese betekenis van hierdie gedeelte in Sagaria 4:6-9 nie. Hy het ook gesê dat hy nie die gemeente die hele dag gaan besig hou deur elke geleerde se opinie uit te lê en daaroor te tob en wonder nie. Hy kies dan eerder om beginsels uit die teks te identifiseer wat elke gemeentelid in sy of haar lewe kan toepas. Die vier beginsels wat die liturg dus geïdentifiseer het, is:

- Luister wanneer die Here praat (vers 6a en 8) – die liturg gee toe die voorbeeld van mense wat op hulle eie kragte staat maak om krisissituasies of enige ander situasies op te los. Hy beklemtoon dan dat ons eintlik juis na God moet luister en die pad van die Heilige Gees volg, eerder as wat elkeen sy eie kop volg. Hy het ook gesê dat ons nooit die krag van die Heilige Gees moet onderskat nie, dit sal ons verras.
- Maak staat op God se ingrype (vers 7a) – by hierdie punt het die liturg beklemtoon dat mense hulle hele lewe aan die Here moet oorgee en dat mense nie moet probeer om alles op hulle eie te probeer doen nie.
- Moenie God se getrouheid vergeet nie (vers 7b en 9) – hier het die liturg aangevoer dat wanneer God jou roep vir 'n spesifieke taak, dat Hy dan ook vir jou die krag, wysheid en waagmoed sal gee om die taak suksesvol aan te pak.
- Doen deur die Heilige Gees (vers 6b) - wanneer mense binne die kragveld van die Heilige Gees lewe en werk, sal mense agterkom daar begin dinge gebeur. Die liturg het ook beklemtoon dat wanneer jy in die kragveld van die

Heilige Gees leef, jy die dinge sal doen wat die Here van jou vra en dat elkeen dan die doel van sy of haar lewe sal uitleef.

Die liturg het die prediking afgesluit met die vers in Filippense 1:6 wat sê

“... being confident of this very thing, that He who has begun a good work in you will complete it until the day of Jesus Christ.” (Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983).

Amen.

Na die preek het die liturg sy oë gesluit in gebed, hy het gevra dat die Here die gemeente die week sal seën waar elkeen hom- of haarself sal bevind. Hy het ook gebed dat die gemeente die beginsels wat in die preek na vore gekom het, elke dag so sal toepas dat mense sal sien wat God se roeping vir hom of haar is. Die liturg het die gebed afgesluit met die Trinitariese seënbede soos dit gelees word in die slothoofstukke van die briewe van Paulus.

4.4. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X

Ek het die Sondagoggend mis van die Rooms-Katolieke Kerk St Pius X op die 29 April 2012 bygewoon. Die oggend mis het om 09:30 begin. Die liturg van die oggend was vader Hyacinth Ennis, aan sy aksent kon die navorser hoor hy is van Ierse afkoms. Hierdie gemeente bedien ook nou al vir 'n hele paar jaar 'n multikulturele gemeenskap, aangesien die area waarin die gemeente geleë is, gekenmerk word deur inwonende diplomate en hulle families. Op 'n gewone Sondagmore sal die volgende kultuurgroepe op 'n gereelde grondslag waargeneem kan word, naamlik:

- Wit Suid-Afrikaners
- Swart Suid-Afrikaners

- Bruin Suid-Afrikaners
- Mense van Oos-Asië, byvoorbeeld Indonesië, Maleisië, Japan en Thailand.
- Swartmense van Amerika
- Europeërs en
- Swartmense van die res van die Afrikakontinent.

Hierdie gedeelte van die veldwerk bestaan uit die navorsers se waarnemings van voor die Sondagoggend mis en ook die gebeure wat tydens die mis plaasvind.

Met die navorsers se aankoms by die gemeente op daardie spesifieke Sondag, was die eerste waarneming die van geen verwelkoming by die deure van die kerkgebou nie. Daar het niemand voor by die deure gestaan om die erediensgangers te verwelkom nie. Voor in die ingangsportaal van die gemeente was die weeklikse nuusbrieffe en ook ander inligtingsblaadjies wat te make het met die verskillende bedienings van die gemeente. Met die intrapslag van die navorsers het die gebou en die liturgiese ruimte dadelik haar oog gevang. Die kerkgebou is 'n eenvoudige reghoekige struktuur met die altaar as fokuspunt van die liturgiese ruimte. Twee stalle hout banke wat na die altaar kyk, is die plek waar die gemeentelid sit tydens die mis. Die marmeraltaar was die betrokke Sondag oorgetrek met eenvoudige wit linne, twee kerse in groot goue blakers het op elke kant van die altaar gestaan.

Voor die altaar aan die linkerkant was daar nog 'n groot Paaskers met 'n goue kruis daarop gedruk. In die liturgiese ruimte is daar aan beide kante twee groot hout standbeelde teen die muur gemonteer: die linkerkantse beeld is die van St Pius X en op regterhand is dit Moeder Maria wat vir baba Jesus in haar arms toevou. Die veertien Stasies van die Kruis word aan die binnekant van die kerkgebou aangetref, as houtbordjies met afbeeldings van die spesifieke gebeure wat teen die mure van die gebou hang. Skuins voor die altaar aan weerskante daarvan word twee hout kateders staan gemaak beide met wit kanselklede met 'n groot goue kruis daarop.

Wanneer 'n mens vanaf die altaar na agter kyk, is daar nog 'n standbeeld wat uit hout gekap is, die man hou 'n klein seuntjie in sy arms en ook 'n oop Bybel. Voor hierdie hout uitbeelding staan 'n klein tafeltjie wat ook met wit linne oorgetrek is waarop daar twee kraffies staan, een met water en een met wyn. Daarmee saam is die nagmaalsbrood en ook die kollektebordjies op die tafeltjie te vind. Soos die mense die kerkgebou inkom en hulle sitplekke inneem, maak elkeen van groot tot klein eers 'n buiging by die bank waar hulle wil sit en trek 'n kruis voor hulle bors met hul een hand.

Die Sondagoggend mis het stiptelik om 09:30 begin met 'n leser wat agter die kateder aan die regterkant die gemeente groet en aankondig dat dit hierdie Sondag die vierde Sondag van Paasfees is. Die leser het ook vir die gemeente gesê dat daar hierdie Sondag nie 'n tweede offergawe opgeneem sal word nie. Daarna het sy haar oë gesluit en die gemeente voorgegaan in gebed. Die hele gemeente het die lied "The Lord's my Shepherd" gesing terwyl die priesterlike prosesie van agter instap tot voor by die altaar. Heel voor loop een van die altaar akoliete met 'n lang bruin mantel en hy dra 'n groot hout kruis, agter hom loop nog twee akoliete met dieselfde bruin mantels, maar hulle dra elkeen 'n wit kers in groot goue kersblakers. Heel laaste loop die priester met 'n spierwit mantel met twee goue kruise oor sy bors. Nadat die priester agter die altaar gaan staan het, groet hy die gemeente deur middel van 'n responsoriese groet.

Daarna volg 'n responsiewe skuldbelydenis en die gemeente antwoord met die woorde "Lord have mercy". Die loflied was "Gloria in excelsus deo" waartydens die gemeente opgestaan het en die lied gesing het tesame met hande klap. In die lied het een van die akoliete 'n groot boek voor die priester oopgehou waaruit die priester gebid het vir Kerkeenheid deur Jesus Christus. Nadat die priester amen gesê het, antwoord die gemeente deur ook Amen te sê.

Die eerste Skrifgedeelte wat gelees is, het gekom uit Handeling 4:8-12, 'n jongerige swart meisie het dit vanaf die kateder aan die linkerkant van die altaar af gelees. Nadat die Skrifgedeelte gelees is, het die jong dame gesê "This is the word of the

Lord” en die gemeente het daarop geantwoord “Thanks be to God”. Die responsiewe Psalm vir die week was Psalm 118 waartydens die gemeente die volgende frase herhaal het “The stone that the builders rejected has become the corner stone.” Die volgende Skriflesing het gekom uit 1 Johannes 3:1-2 wat gelees is deur ’n middeljarige bruin vrou wat ook agter die linkerkantse kateder gestaan het. Wanneer sy die woorde “Alleluia, alleluia, I am the good shepherd, says the Lord, I know my sheep and my own know me, Alleluia” het die gemeente geantwoord met “Alleluia”.

Net voordat die skriflesing uit die Evangelie gelees word, wat dan ook die teks is waaruit die liturg gepreek het, het twee van die akoliete voor die priester kom staan met hulle rûe na die gemeente gedraai terwyl beide ’n wit kers in ’n goue kersblaker vashou. Die liturg vra toe dat die gemeente opstaan vir die lees van die Evangelie uit Johannes 10:11-18. Na die Skriflesing antwoord die gemeente daarop deur te sê “Praise be to God, Jesus Christ” en daarna het die gemeente weer gaan sit. Die liturg het na die hout kateder aan die regterkant geloop en van daar af die boodskap van die oggend gepreek. In breë trekke dan die boodskap:

Die liturg het begin deur te vertel hoe die verhouding tussen ’n skaapwagter en sy trop skape gewerk het, aangesien baie min van die mense wat daardie dag daaraan bloot gestel was aan skape en skaapwagters. Die liturg het beklemtoon dat daar ’n intieme verhouding bestaan tussen ’n skaapwagter en sy skape. So het die liturg dan ook verwys na Koning Dawid, wat in Israel se geskiedenis ’n belangrike rol gespeel het as leier van die volk. Die liturg het dan ook verwys na die groot hoeveelheid kere waar daar na Jesus verwys word in die Evangelie as Goeie Herder van sy volk. Die vraag is natuurlik wat dit beteken as Jesus sê Hy is die Goeie Herder? Volgens die liturg impliseer hierdie benaming wat Jesus homself noem die volgende.

- Eerstens, dat net soos tussen ’n skaapwagter en sy skape ’n besondere band bestaan, net so is daar ook ’n besondere verhouding tussen Jesus en sy volk.
- Tweedens, aangesien daar so ’n besondere verhouding tussen Jesus en Sy volk bestaan, kan die volk Sy stem met gemak uitken.

Hierdie besondere verhouding tussen God en Sy mense word dan ten sterkste beklemtoon met die doop en ook die belydenis van geloof elke Sondag.

Die tyd van die jaar is so belangrik, wanneer ons Jesus Christus se menswees en Sy werke op aarde in herinnering roep. Hierdie tyd van die jaar is veronderstel om ons geestelik te versterk en ons die energie te gee om voort te bou op dit wat Jesus Christus vir ons agtergelaat het. Hierdie tyd van die jaar is ook veronderstel om mense te stimuleer om God se droom vir die wêreld uit te leef, dit is immers waarom mense hier op aarde is. Kom ons verbind onself dan weer in hierdie tyd aan God se werk hier op aarde en laat ons aktief daarmee betrokke wees. Ter afsluiting van die prediking het die liturg die doopformulier aan die gemeente voorgehou waarop die gemeente antwoord “I do”. Hierna sluit die liturg af met “Amen”.

Die orde en die struktuur was vir die navorser dadelik opvallend gewees. Die gemeente moes gereeld deur middel van responsoriese antwoorde reageer op wat die liturg sê, tog het geeneen van die mense erediensboekies gehad of die woorde was nooit op die skerm geprojekteer nie. Hierdie gewaarwording bring die navorser om te sê dat orde en struktuur binne die erediens en liturgie tog vir mense tot ‘n mate die gevoel van veiligheid gee, sonder om voorspelbaar en vervelig te wees. Na die preek het die dame wat die tweede Skriflesing voorgelees het na die linkerkantse kateder gekom en ‘n gebed voorgelees wat gegaan het oor leierskap op alle vlakke en terreine. Na elke frase wat die dame voorgelees het, het die gemeente geantwoord met “Hear our prayer”. Hierna is daar geleentheid gegee vir die opneem van die offergawes en daarmee saam is daar gereed gemaak vir die nagmaal om bedien te word. Jong kinders het aan die agterkant van die kerk bymekaar gekom, om die nagmaalstekens vorentoe te dra. Die akoliete met hulle houtkruise het die kinders vergesel tot net voor die liturgiese ruimte waar die liturg en nog twee van die akoliete hulle ingewag het. Die formulier van die nagmaal is die oggend op ‘n responsiewe wyse uitgevoer deurdat die liturg en die gemeente om die beurt daaraan deelgeneem het. Daarna het die gemeente die lied “Sanctus Dominus” gesing en gekniel op die banke.

Terwyl die gemeente besig is om te kniel, lui een van die akoliete 'n klokkie en die liturg neem 'n stukkie brood en eet daarvan. Die akoliete lui weer 'n klokkie en die liturg neem die beker en hou dit hoog in die lug in sy hande, terwyl die gemeente die lied "Christus Vincit" sing. Nadat die gemeente die lied gesing het, begin die liturg met dreunsang en hy neem daarna 'n sluk uit die beker. Die gemeente word gevra om op te staan en die "Onse Vader" te sing terwyl die hele gemeente hande vashou. Nou word daar geleentheid gegee vir die gemeentelede om mekaar te groet met die vrede van Jesus Christus op die wyse waarmee hulle gemaklik voel. Die gemeente begin dan spontaan die lied "Agnus Dei" sing.

Sonder aankondiging kniel die hele gemeente weer. Terwyl die gemeente kniel en bid, word drie Nagmaalsbedieningspunte voorberei, waarheen die mense kan gaan om met die Nagmaal bedien te word. Een punt word bedien voor in die gemeente, waar die liturg die teken van brood aan die gemeentelede gee en dan is daar nog twee bedieningspunte agter in die kerk waar dieselfde prosedure herhaal word. Die gemeentelede mag net van die brood neem en eet. Terwyl mense rond stap om bedien te word met die Nagmaal, sing die gemeente en die altaar word opgeruim. Dan is daar 'n stilte waartydens die priester agter die altaar sit, een van die akoliete kom dan met 'n gebedeboek wat hy voor die liturg vashou, waaruit daar gebed word.

Daar word nou geleentheid gegee vir die afkondigings om geles te word, deur die dame wat die tweede Skriflesing gedoen het, en sy staan ook agter die kateder wat aan die linkerkant van die liturgiese ruimte is. Die dame sluit dan ook die erediens af met gebed, wat ook responsief van aard is en daarna terwyl die gemeente uitstap, sing hulle 'n lied genaamd "Prayer for Africa".

HOOFSTUK 5:

EMPIRIESE NAVORSINGSDATA ANALISE VAN GESTRUKTUREERDE FOKUSGROEPE

‘n Gedetailleerde beskrywing van die halfgestruktureerde fokusgroep gesprekke na aanleiding van die multikulturele eredienste soos gevier in die NG Gemeente Pretoria (Arcadia), Elim Full Gospel Church en Rooms-Katolieke Kerk St Pius X.

5.1. Inleiding

Die navorser het direk na elke erediens die tweede helfte van die empiriese navorsing¹⁶ afgehandel wat bestaan het uit ‘n halfgestruktureerde fokusgroep gesprek met sewe mense by elke gemeente wat op ‘n gereelde basis die multikulturele eredienste bywoon. Aangesien die navorser nie ‘n lid van een van die betrokke gemeentes is nie, was sy heeltemal afhanklik van die liturg om haar by te staan met die samestelling van so ‘n fokusgroep by elke gemeente. Die liturg is dus gebruik as sleutel informant¹⁷ om die fokusgroepe saam te stel. Die vereistes waaraan so groep moes voldoen is

- eerstens, dat die gekose mense op ‘n gereelde basis die multikulturele erediens bywoon,
- tweedens, die fokusgroep moet verteenwoordigend wees van die kulture wat op ‘n gereelde basis die multikulturele erediens bywoon.

Die rede waarom die liturg as sleutelinformant gebruik is, is aangesien hy/sy die gemeente en die gemeente se betrokkenheid goed ken. Die liturge weet wie woon op gereelde basis die eredienste by en is daarom ideaal om te help met hierdie samestelling van ‘n fokusgroep.

¹⁶ Vir ‘n gedetailleerde beskrywing van die metodologie wat gebruik is vir die studie sien Hoofstuk 1 (25-29).

¹⁷ A key informant is an “individual in whom one invests a disproportionate amount of time because that individual appears to be particularly well informed, articulate, approachable or available” (Punch, 2005:183 – 184; see in Wolcott, 1988:195).

Na afloop van die multikulturele eredienste by elke gemeente het die liturg die navorser gewys in watter lokaal die fokusgroep bymekaar sal kom. Die liturg het gesorg dat al die deelnemers aan die fokusgroep gesprek daar was en daarna het hy die lokaal verlaat. Die navorser was dus nou alleen saam met die deelnemers aan die studie. Eerstens het die navorser haarself aan die groep bekend gestel en vlugtig vir die groep vertel waaroor die navorsing handel. Die navorser het daarna vir die deelnemers kans gegee om hulleself aan die navorser bekend te stel deur te verwys na een of twee gebeurtenisse in hulle lewens wat belangrik vir hulle is. Hierdie vorm van “ken mekaar” soos deur die navorser gefasiliteer, het dadelik ‘n atmosfeer van gemaklikheid en openheid tussen die deelnemers en die navorser geskep.

Voordat die fokusgroep gesprek in alle erns begin het, het die navorser eers die vorm “Willingness to participate”¹⁸ saam met die deelnemers gelees om vir hulle te verduidelik dat alle inligting wat hulle verskaf met groot versigtigheid benader sal word. Die navorser het daarom vir elke deelnemer ‘n paar minute gegee om die vorm aandagtig deur te lees en te onderteken waarin hulle toestemming gee om aan die betrokke navorsing deel te neem. Die navorser het ses standaardvrae aan al drie fokusgroepe gevra in geen bepaalde orde nie en sodoende het elke fokusgroep tot ‘n mate ook die rigting van die gesprek bepaal.

Hier volg dus dan nou ‘n volledige beskrywing van die data wat ingesamel is deur middel van halfgestruktureerde fokusgroep gesprekke in drie onderskeie fokusgroepe na aanleiding van die multikulturele eredienste:

¹⁸ Sien Addendum (159).

5.2. Navorsingsdata (fokusgroepe) analise

5.2.1. NG Gemeente Pretoria (Arcadia) fokusgroep analise

Die fokusgroep van die NG Gemeente Pretoria (Arcadia) het uit die volgende deelnemers bestaan:

- 1 x Bruin jong man (deeltydse student) – A1¹⁹
- 1 x Kongolese manlike student – A2
- 1 x Kongolese werkende jong man – A3
- 1 x Suid-Afrikaanse swart meisie (voltydse student) – A4
- 1 x Suid-Afrikaanse swart werkende meisie – A5
- 1 x Suid-Afrikaanse swart manlike student – A6
- 1 x Suid-Afrikaanse swart werkende jong man – A7

Die volgende data is ingesamel deur middel van hierdie vrae wat die gesprek gefasiliteer het, naamlik:

a. Hoekom kies julle om te aanbid by hierdie spesifieke gemeente?

Die bruin man het die gesprek begin deur sy redes te verskaf waarom hy kies om by hierdie spesifieke gemeente te aanbid. Hy voel gemaklik met die spesifieke ouderdomsgroep wat gereeld die eredienste bywoon, dit is gewoonlik studente en jongmense wat alreeds begin werk het. Dit is mense wat deur dieselfde stadium van

¹⁹ Kodering van respondente wat deelgeneem het aan die studie: A staan vir Arcadia, E staan vir Elim Full Gospel Church, R staan vir Rooms-Katolieke Kerk St Pius X. Die syfer verwys na die hoeveelheid respondente in elke fokusgroep.

die lewe gaan, wat op 'n daaglikse basis min of meer dieselfde ervaringe beleef. Hierdie groep mense kom dan ook meestal voor dieselfde keuses, krisisse, vreugdes en hartseer te staan en daarom voel die man tuis by hierdie portuurgroep.

Een van die Suid-Afrikaanse jongmeisies het gesê die rede waarom sy die gemeente se eredienste bywoon, is juis as gevolg van die multikulturele aard van die erediens, sy voel tuis daar. Die erediens het vir haar 'n karakter van openheid en inklusiwiteit teenoor alle mense wat die erediens bywoon. Sy het ook met groot waardering gepraat van die vriendelike ontvangs waarmee 'n mens by die deure verwelkom word. Die jongmeisie het ook benadruk dat die erediens ruimte laat vir mense om op hulle eie manier en deur hulle eie gawes en sterkpunte deel te neem aan die gebeure van die erediens. Een van die Kongolese mans het aangesluit by die jong meisie deur te sê dat die erediens 'n plek is waar mense van verskillende kulture, tale, sosiale klasse ensovoorts regtig geakkommodeer word deur verskillende tale te gebruik in die erediens om een voorbeeld te noem. Hy het ook genoem dat daar dikwels in gemeentes die idee van

“shape up or shape out” (A3, 2012)

bestaan wat eintlik maar net beteken dat mense moet inpas by 'n sekere styl en manier van dinge doen. En wanneer jy dan nie inpas by hierdie spesifieke manier van doen nie, is jy nie regtig welkom hier nie. Hy voer aan dat die NG Gemeente Arcadia glad nie daardie oortuiging het dat almal dieselfde moet lyk nie, almal hoef nie goed op dieselfde wyse te doen nie. NG Gemeente Arcadia glo dat alle mense welkom en veilig moet voel wanneer hulle 'n erediens daar bywoon. Een van die Suid-Afrikaanse mans het dadelik weer op hierdie stelling gereageer en gesê die rede waarom hy kies om by hierdie gemeente te aanbid, is om te leer by verskillende mense met verskillende kulture en spiritualiteite. Hy glo dat die multikulturele konteks van NG Gemeente Arcadia 'n perfekte plek daarvoor skeep.

b. Watter faktore of elemente van die aanbidding maak dat jy elke Sondag terug kom na hierdie gemeente toe?

Die eerste rede wat gegee is rakende die vraag watter faktore of elemente van aanbidding maak dat mense elke Sondag terug kom na die gemeente toe is die prediking. Hy het gesê die prediking word gegrond in die Koninkryk van God, dit is prakties bruikbaar in die week om ander mense in voeling te bring met die teenwoordigheid met die Here. Een van die Suid-Afrikaanse vroue het beklemtoon dat die prediking die mense wat die eredienste bywoon meer leer oor God, nie alleen wie God is nie, maar ook wat Hy doen in die wêreld. Sy het dan ook gesê dat wanneer sy oor God leer sy 'n behoefte het om al meer oor Hom te leer. Deur die prediking het mense gevoel dat hulle toegerus word om na aanleiding van die preek mense wat nog nie in 'n verhouding met Jesus Christus staan nie te begelei op hierdie pad van soeke na die Ewige Lewe.

'n Ander faktor wat mense belangrik ag in hulle oorwegings om eredienste by te woon, is die atmosfeer in die eredienste. Een van die Suid-Afrikaanse vroue het gevoel dat die warmte en vriendelikheid wat sy beleef van die lidmate haar aanspoor om eredienste by te woon. Die Suid-Afrikaanse swart man het ook beklemtoon dat die liturg wat van verskeie tale reg deur die erediens gebruik maak, 'n gevoel van inklusiwiteit skep. Hy geniet dit ook om deel te neem aan gemeente aksies in die middestad, waar kerk wees waarlik 'n impak maak in mense se lewens. 'n Ander deelnemer van die groep het gesê die moment in die erediens waar die gemeente mekaar groet, is vir hom waardevol, aangesien dit mense die geleentheid gee om nuwe mense te ontmoet en hulle vir tee te nooi, om hulle sodoende beter te leer ken. Dit is 'n baie belangrike deel van die gasvryheidsbediening van die gemeente om mense tuis te laat voel deur die liefde en vrede van God met hulle te deel.

c. Watter vaardighede het liturge en ook lidmate nodig wanneer multikulturele aanbidding plaasvind by gemeentes?

Een van die eerste vaardighede wat deur die hele groep beaam is as waardevol in multikulturele aanbidding, is die vermoë om met mense te werk. Die liturg het nodig om 'n openheid teenoor mense van verskillende kulture, geslagte, rasse, tale en sosio-ekonomiese klasse te openbaar. Die liturg moet ook 'n diepe verstaan van verskeie kulture en hoe die kulture funksioneer, hê. Een van die Kongolese mans het nog 'n vaardigheid genoem wat naby verwant is aan die voriges, naamlik buigzaamheid. Buigzaamheid beteken dan in die eerste plek om die mense te ken wat Sondag na Sondag in die kerk sit, om te weet wat hulle op 'n daaglikse basis benodig en dan buigzaam te wees om hulle op hierdie geestelike pad van hulle te begelei.

'n Ander vaardigheid wat ook nou verwant is aan die bogenoemde is sensitiwiteit. Sensitiwiteit vir mense se verskille op watter vlak dit dan ook mag wees, maar ook sensitiwiteit vir die moontlikheid dat daar mense in die kerk gaan sit wat nog nooit van God gehoor het nie. Die liturg moet hom/haarself in die skoene van daardie persoon kan plaas om sodoende te weet dat daardie persoon meer aandag gaan nodig hê as iemand wat alreeds van God weet en in 'n verhouding met Hom staan. Om 'n goeie luisteraar te wees, is nog 'n vaardigheid wat die groep beklemtoon het aangesien baie mense nie gebore Pretorianers is nie en daarom nie 'n goeie ondersteuningstelsel hier het nie. Die kerk word dan die plek waarheen mense gaan om te ervaar dat daar mense is wat hulle ondersteun deur tye van nood en die liturg speel daarin 'n baie belangrike rol.

Een van die Kongolese mans het beklemtoon dat die Koninkryk van Jesus Christus altyd ons mikpunt moet wees, daarom moet eredienste so ingerig word dat dit nie gaan oor die verkondiging van materiële welvaart of aansien nie. Die aanbidding moet getuie wees van die verhaal van Jesus Christus in elkeen se lewe.

d. Dink julle die multikulturele aard van die erediens bevorder versoening en sosiale kohesie?

Die meerderheid mense van die fokusgroep het positief gereageer op hierdie vraag, of deur middel van 'n kopknik of deur te antwoord met die respons ja. Hulle het die volgende redes verstrek waarom die multikulturele aard van die erediens versoening en sosiale kohesie bevorder.

- Volgens hulle skep die multikulturele erediens 'n ruimte waarbinne mense van verskillende kulture en tale mekaar in 'n veilige ruimte kan ontmoet en leer ken. Dit is nie net van toepassing op mense van Suid-Afrika nie, maar mense regoor die wêreld.
- Die multikulturele erediens gee geleentheid vir mense om hulle stories met ander te deel. Die Kongolese man voel dat mense dikwels vanuit onkunde op 'n sekere manier teenoor mense reageer wat eintlik glad nie van pas is nie. Daarom is die multikulturele aard van die erediens vir hom geweldig spesiaal en definitief 'n manier waarop vergifnis, versoening en sosiale kohesie bevorder kan word.
- Die basis van die prediking word gevind in die diep teologiese leerstelling van God wat Homself met die wêreld versoen het deur Sy enigste seun aan die kruis te laat sterf. Volgens die respondente van die fokusgroep is dit dan ook die visie van die gemeente om die boodskap van versoening en sosiale kohesie te verkondig deur woord en daad en hulle doen dit deur middel van die multikulturele erediens wat hulle elke Sondag hou.

e. Wat is jou persoonlike opinie of gevoel rondom die konsepte van versoening en sosiale kohesie?

Die bruin man het weereens die gesprek begin deur sy persoonlike gevoel rondom versoening en sosiale kohesie te oop. Hy het gesê dat die land ver gekom het wanneer ons praat oor versoening en sosiale kohesie, maar dat die pad nog nie voltooi, is nie. Die navorser het hom gevra wat hy bedoel wanneer hy sê dat die pad

van versoening nog nie afgehandel is in Suid-Afrika nie? Hy het toe geantwoord en gesê dat baie al gedoen is in terme van versoening tussen verskillende rasse, die tradisionele verstaan van versoening tussen wit en swart mense. Hy voer aan dat die samelewing 'n breër verstaan van die begrip versoening benodig, dat versoening nodig is tussen mense van verskillende sosio-ekonomiese klasse, dat versoening nodig is tussen mense van Suid-Afrika en Afrika (teenoor Xenofobie). Hy het ook aangevoer dat die meeste Suid-Afrikaners nog steeds besig is om mekaar te verwyrt vir wat gebeur het, eerder as om verantwoordelikheid te neem vir elkeen se foute in die hele proses.

As buitestaander het een van die Kongolese gevoel dat die land eintlik baie goed doen veral in terme van vergifnis, versoening en sosiale kohesie. Hy voel dat daar genoeg platforms geskep word vir dialoog om die saak van versoening en sosiale kohesie te bespreek. In die verlede was daar al vele misverstande as gevolg van mense wat vanuit wanpersepsies optree, met genoegsame dialoog is dit moontlik om hierdie probleme te oorbrug. Nog 'n punt wat die man geopper het, is die feit dat Suid-Afrika voor 1994 geslote was vir mense van buite en na die verkiesing in 1994 het dinge in 'n groot mate verander. Mense van regoor die wêreld is nou toegelaat om hierheen te kom. Op daardie stadium was die Suid-Afrikaanse samelewing so broos dat daar eers gepraat moes word oor hoe nou vorentoe vir die samelewing van Suid-Afrika. Tog het die buitelandse invloed 'n positiewe rol gespeel deurdat die Suid-Afrikaanse samelewing op verskeie vlakke verryk en verdiep het, om waarlik 'n reënboognasie te wees.

Een van die Suid-Afrikaanse mans het gesê ons moet onthou dat hierdie gesprek oor vergifnis, versoening en sosiale kohesie altyd gepaard sal gaan met emosies, aangesien dit onderwerpe is wat betrekking het op mense. Mense is emosionele wesens en dit moet verreken word wanneer daar oor begrippe soos vergifnis, versoening en sosiale kohesie gedink moet word. 'n Ander Suid-Afrikaanse man het sterk gevoel oor die kerk se bydrae tot prosesse soos versoening en sosiale kohesie, dit is immers die boodskap van die Evangelie.

f. Dink julle die kerk kan en moet 'n rol speel wanneer daar gepraat word oor versoening en sosiale kohesie? Indien wel, hoe kan die kerk volgens julle 'n groter rol speel om versoening en sosiale kohesie te bevorder in die samelewing van Suid-Afrika?

'n Belangrike punt is deur een van die Kongolese mans geopper dat baie mense net dink in terme van versoening tussen die mense van Suid-Afrika, tog is Suid-Afrika deel van 'n groter kontinent en is dit belangrik dat die bande met ander Afrikalande ook ingedagte gehou sal word met betrekking tot gesprekke oor versoening en sosiale kohesie. Hy glo dat wanneer mense hulle stories met mekaar deel, dit werklik 'n invloed sal uitoefen op die bevordering van versoening en sosiale kohesie.

Die wyse waarop die liturg preek, speel 'n belangrike rol het een van die Suid-Afrikaners opgemerk. Wanneer die teologie van die liturg en die preek gegrond is in God se versoeningsdade deur Jesus Christus, dan kan die gemeente begin om kerk te wees vir die wêreld. Wanneer die Evangelie van openheid, vriendelikheid en verwelkoming verkondig word, dan het die gemeente 'n kans om op 'n geringe wyse 'n bydrae te lewer tot die bevordering van versoening en sosiale kohesie. Een van die Suid-Afrikaanse meisies het aangesluit by die gesprek om te sê dat die boodskap van eenheid in diversiteit nie 'n boodskap is wat bloot verkondig moet word nie, dit is 'n boodskap wat ook elke dag in alle kontekste beoefen moet word.

Nog 'n persoon van die groep het saam gepraat en die volgende voorbeeld gebruik om sy punt te illustreer. Wanneer daar 'n meisie in die straat loop, wat vir iemand mooi is, impliseer dit alreeds dat daar grade van skoonheid is. Onmiddellik is daar 'n sekere mate van oordeel ter sprake, wanneer mense in terme van kleur dink of praat, is daar alreeds 'n mate van oordeel ter sprake. Wanneer mense mekaar as gelykes behandel soos wat Jesus Christus ons behandel, sal versoening en sosiale kohesie outomaties bevorder word in die Suid-Afrikaanse samelewing. Die Kongolese man het die bespreking afgesluit met sy verstaan van versoening en

sosiale kohesie. Hy glo dat diversiteit nie 'n bedreiging inhou vir die samelewing nie, maar eerder 'n geleentheid is waar verskillende mense by mekaar kan leer.

5.2.2. NG Gemeente Pretoria (Arcadia) fokusgroep gevolgtrekking

Die volgende ritueel-liturgiese kwaliteite is deur die navorser geïdentifiseer na aanleiding van die fokusgroep gesprek gehou by die NG Gemeente Pretoria (Arcadia).

- **Aard/ atmosfeer van die erediens** – die fokusgroep het telkemale bevestig dat die aard en atmosfeer van die multikulturele erediens ingestel is daarop om mense te verwelkom en tuis te laat voel. Die groep het van selfstandige naamwoorde soos openheid, vriendelikheid en warmte gebruik gemaak om die gevoel van die erediens te beskryf. Hulle het ook die mate van inklusiwiteit wat tydens die erediens ervaar word, beskryf as positief en opbouend vir die mense wat op 'n gereelde basis die multikulturele erediens bywoon.
- **'n Leergierige geaardheid/ ingesteldheid** – die fokusgroep het gepraat oor die mense wat die erediens bywoon se ingesteldheid teenoor verskillende kulture, tale en mense van verskeie sosio-ekonomiese klasse. Die mense van NG Gemeente Pretoria (Arcadia) het 'n leergierige geaardheid/ ingesteldheid wat impliseer dat diversiteit hulle nie afskrik nie, maar eerder aanspoor as 'n geleentheid om van en by mense te leer.
- **Prediking** – die fokusgroep het ook beklemtoon dat die prediking definitief groot waarde tot hulle lewens toevoeg, aangesien die prediking dikwels gerig word op die praktyk. Die respondente het aangevoer dat hulle na 'n Sondag preek toegerus voel om deur die week 'n verskil in die wêreld waar hulle elke dag leef te maak.
- **Liturgiese leierskap** – oefen 'n belangrike invloed uit op die aard van multikulturele eredienste, aangesien die liturg iemand moet wees wat 'n gawe het as dit kom by die bestuur van menseverhoudinge. Volgens die groep word eienskappe soos buigsaamheid, sensitiwiteit en 'n oor wat bereid is om te luister, hoog op prys gestel in so 'n situasie of konteks. Hiermee saam het die

groep beklemtoon dat die teologiese oortuiging/ dogmas van die liturg ook 'n bepalende rol speel in 'n multikulturele aanbiddingskonteks.

- **Vertel van stories** – die groep het die waarde van stories vertel beklemtoon as manier waarop vergifnis en sosiale kohesie bevorder kan word. Die erediens skep 'n veilige ruimte vir mense om hulle stories met mekaar te deel, sodat mense van mekaar kan leer en so in verhouding met mekaar kan staan.

5.2.3. Elim Full Gospel Church fokusgroep analise

Die fokusgroep van die Elim Full Gospel Church het bestaan uit sewe mense, naamlik:

- 1 x wit Suid-Afrikaanse manlike pensioenaris – E1
- 1 x wit Suid-Afrikaanse vroulike pensionaris – E2
- 1 x wit middeljarige werkende vrou – E3
- 1 x bruin jong werkende man – E4
- 1 x bruin jong werkende vrou – E5
- 1 x swart Suid-Afrikaanse vroulike student – E6
- 1 x swart Suid-Afrikaanse vroulike student – E7

Die volgende empiriese data is versamel deur middel van 'n halfgestruktureerde fokusgroep gesprek na aanleiding van die multikulturele erediens by die Elim Full Gospel Church:

a. Hoekom kies julle om te aanbid by hierdie spesifieke gemeente?

Die getroude pensioenaripaartjie het begin deur te vertel dat hulle al vir 32 jaar deel is van die spesifieke Elim gemeente, dit is eintlik waar hulle getroud is as jong verliefde paartjie. Dus wanneer hulle op Sondag by die kerk aankom, voel dit vir hulle asof hulle by die huis is, dit is hulle familie en waar hulle tuishoort. Een van die

ander dames het die prediking en ook die gemeenskap wat sy beleef, beklemtoon as rede waarom sy op 'n gereelde basis by Elim aanbid. Al die deelnemers van die fokusgroep het beklemtoon dat hulle die warmte van die mense by Elim waardeer en geniet, aangesien mense welkom en geliefd voel.

Een van die swart studente het gesê sy geniet die deel van die erediens wanneer hulle deur middel van sang en musiek die Here loof, asook die feit dat die gemeente en erediens se fondasie gebou word op die Bybel. Die bruin man het verduidelik waarom hy by Elim tuis voel, hy het begin om te verduidelik dat die woord Elim staan vir

“each life in mission” (E4, 2012).

Hierdie woorde “each life in mission” is vir hierdie man simbolies van die gemeente se karakter. In hierdie gemeente is elkeen belangrik in terme van deelname, almal neem deel aan die bediening, elkeen voel asof hulle hier hoort en dat hulle 'n bydrae lewer tot die groter gemeente opset. Met hierdie woorde as visie, is dit amper onmoontlik vir iemand om 'n buitestaander in die gemeente te wees.

b. Watter faktore of elemente van die aanbidding maak dat jy elke Sondag terug kom na hierdie gemeente toe?

Die gesprek het begin deur een van die swart studente meisies wat gesê het die rede waarom sy terug kom na Elim toe is omdat sy elke Sondag iets leer deur die erediens. Hierdie nuwe kennis wat sy elke Sondag opdoen deur óf die prediking óf sang en musiek is vir haar baie waardevol, soveel so dat sy voel dat hierdie kennis haar dra deur die week en eintlik haar hele lewe. Die pensioenaris het geantwoord dat hy vervul word tydens die erediens, hy beleef die teenwoordigheid van die Here soveel meer intens tussen ander medegelowiges. Nouliks verbind aan die

bogenoemde faktore word beklemtoon dat die werking van die Heilige Gees tog ook 'n rol te speel het in hierdie verband.

Die pensioenaris het ook aangevoer dat baie mense die doel van die erediens misverstaan, aangesien mense dink die erediens bestaan net uit die preek. Hy sê die essensie van die erediens gaan verlore as mense net kerk bywoon om die prediking aan te hoor. Die bruin vrou voel dat wanneer sy terneergedruk of hartseer voel dat daar altyd iemand by die gemeente is wat omgee, of deur middel van 'n glimlag, 'n drukkie en of 'n bemoedigende woord of twee. Die liedere wat gesing word tydens die erediens is ryk aan betekenis en die teenwoordigheid van die Here word versterk en beklemtoon deur hierdie aanbiddingsliedere. Die gemeente is gebedgeoriënteerd, die erediens word verryk deur gebed of deur die liturg wat vir die gemeente bid, of mense wat vir ander bid en/of stilgebed.

c. Watter vaardighede het liturge en ook lidmate nodig wanneer multikulturele aanbidding plaasvind by gemeentes?

Die eerste vaardigheid wat die groep genoem het as noodsaaklik vir liturge of gemeentelide in multikulturele aanbidding is kommunikasievaardighede. Een van die respondente voel sterk daarvoor dat elkeen oor vaardighede beskik wat ander nie het nie. Mense moet net die bereidwilligheid hê om by en van ander te leer, daarvoor is kommunikasievaardighede uiters belangrik. Een van die vroulike respondente het gesê 'n bepaalde persoonlikheidstipe is nodig vir so 'n multikulturele opset, iemand wat vriendelik is, openheid teenoor verskillende mense openbaar en 'n persoon wat belangstelling toon in mense oor die algemeen.

Nou verwant aan die bogenoemde kenmerke of vaardighede is die van 'n persoon wat aanpasbaar is, iemand wat maklik met verandering omgaan. Die hele fokusgroep het dan ook beklemtoon dat iemand wat waarlik in afhanklikheid van die Heilige Gees lewe, gelei sal word deur die werking van die Heilige Gees om hierdie

situasie reg te benader. Dit moet ook iemand wees wat sensitief is vir mense, wat 'n diepe verstaan van verskillende kulture en behoeftes toon.

d. Dink julle die multikulturele aard van die erediens bevorder versoening en sosiale kohesie?

Die hele fokusgroep het met groot entoesiasme uitgeroep:

“Yes, yes, yes!” (2012).

Die gemeente het in die vroeë 2000's besluit om 'n multikulturele bediening tot stand te bring en het besluit om van vroeg af uit hulle pad te gaan om vriende te maak. Aanvanklik was dit regtig moeilik gewees om uit te reik na mense wat skynbaar totaal anders lyk, dink en doen as jyself. Tog het almal van die begin af saamgewerk aan hierdie inisiatief en op die ou einde was dit tog wat die verskil gemaak het. Een van die swart studente meisies het gesê vir haar as wedergebore Christen is hierdie konsep van versoening en sosiale kohesie nie eintlik so 'n komplekse saak nie. Aangesien ons almal gered is deur Jesus Christus, raak ons agtergrond tog van minder belang om haar woorde te gebruik, ons behoort mos nou aan 'n

“... Jesus culture...” (E6, 2012).

In die oë van Jesus Christus is almal gelyk, maak nie saak van watter etniese groep of kultuurgroep mense afkomstig nie.

e. Wat is jou persoonlike opinie of gevoel rondom die konsepte van versoening en sosiale kohesie?

Volgens die fokusgroep gebeur die proses van versoening en sosiale kohesie na hulle mening nie vinnig genoeg nie, daar is nog steeds te veel ongelikheid en skeiding tussen mense van verskillende rasse, etnisiteit en klasse. Die groep voer aan dat een van die redes waarom hierdie proses so sukkel, is die feit dat mense nog probeer om ander te verwyte en te beskuldig oor wat in die verlede gebeur het. Die groep voel dat die samelewing van Suid-Afrika eerder vorentoe moet kyk na die toekoms van die Suid-Afrika, eerder as om die heelyd terug te kyk na die verlede waaraan 'n mens tog geen verandering kan maak nie.

Die bruin vrou het reguit gesê die Suid-Afrikaanse samelewing is nie bereid of gereed om kompromieë aan te gaan nie, elke kultuur wil steeds die belangrikste wees. Daaraan verbind is mense wat steeds sukkel om te vergewe, want die oomblik wanneer jy iemand vergewe, verloor jy jou mag oor daardie persoon. Niemand is bereid om afstand te doen van daardie mag nie, want in haar woorde

“people do not want peace, they want dominance and then reconciliation will never happen.” (E7, 2012).

Die groep het ook beklemtoon dat wanneer die Suid-Afrikaanse samelewing konstant herinner word aan die verskille wat daar tussen kultuur-, etniese- en sosio-ekonomiese groepe bestaan, die proses van versoening en sosiale kohesie nie vinnig sal vorder nie.

f. Dink julle die kerk kan en moet 'n rol speel wanneer daar gepraat word oor versoening en sosiale kohesie? Indien wel, hoe kan die kerk volgens julle 'n groter rol speel om versoening en sosiale kohesie te bevorder in die samelewing van Suid-Afrika?

Die hele groep het positief geantwoord dat die kerk wel 'n verskil moet en kan maak in terme van die bevordering van versoening en sosiale kohesie in Suid-Afrika. Hulle het die volgende moontlikhede voorgestel oor die wyse waarop die kerk 'n bydrae kan lewer.

- Christenskap moet terug gebring word in die regering en in skole, sodat die burgers van die land van die begin af weet watter waardes aangehang word.
- Christene moet begin opstaan vir die waardes en norme wat God vir ons gegee het, byvoorbeeld gelykheid. Daar is kerke wat tog nog 'n impak uitoefen in die regering, maar die regering gooi 'n dowe oor vir die waardes en norme van Jesus Christus.
- Gemeentes moet aktief begin bid vir die regering en die proses waarin die land haarself bevind.
- Gemeentes moet klein begin in hulle eie gemeenskappe, deur die boodskap van versoening en sosiale kohesie te verkondig, byvoorbeeld deur een keer 'n maand 'n multikulturele erediens te hou.
- Verskillende kerke moet eers met mekaar versoen, voordat daar gedink of gepraat kan word oor versoening en sosiale kohesie in die konteks van die samelewing van Suid-Afrika.

5.2.4. Elim Full Gospel Church fokusgroep gevolgtrekking

Na aanleiding van die fokusgroep gesprek by die Elim Full Gospel Church het die navorser die volgende ritueel-liturgiese kwaliteite gedistilleer, naamlik:

- **Aard/ atmosfeer van die erediens** – die fokusgroep van die Elim Full Gospel Church het die atmosfeer van die erediens beskryf as 'n tuiste waar mense

welkom en geliefd voel, soos byvoorbeeld wanneer mense by hulle families is. Die aard van die erediens is gefokus op inklusiwiteit en mense wat met 'n diepe opregtheid omgee vir mekaar. Die fokusgroep het ook beklemtoon dat dit aanvanklik nie maklik was om die oorgang te maak na 'n multikulturele gemeente nie, maar van die eerste oomblik af het mense van verskeie kulture en tale na mekaar uitgereik met vriendelikheid en dit het die deurslag gegee vir die suksesvolle multikulturele erediens wat elke Sondag plaasvind by die gemeente.

- **Prediking** – die fokusgroep het beklemtoon dat die prediking vir hulle waardevol is, hulle voel toegerus vir die week, maar eintlik vir hulle hele lewe vorentoe.
- **Sang en musiek** – die gemeente het nog altyd 'n goeie sang en musiektradisie gehad, deur middel van die liedere wat die gemeente sing, word 'n gewyde atmosfeer geskep. Die gemeente beleef die teenwoordigheid van die Here veral in musiek en sang, die gemeente word ook elke Sondag saamgesnoer in eenheid deur die sang en musiek.
- **Liturgiese leierskap** – die fokusgroep het beklemtoon dat die liturg 'n bepaalde persoonlikheid moet hê om in 'n multikulturele aanbiddingskonteks te pas. Eienskappe of karaktertrekke wat die groep uitgelig het, is kommunikasievaardighede, 'n diepe belangstelling in mense, kulture en tale, asook 'n aanpasbare houding.
- **Leergierige geaardheid/ ingesteldheid** – die fokusgroep het aangevoer dat mense wat in 'n multikulturele konteks aanbid 'n leergierige geaardheid/ ingesteldheid moet hê. Hierdie ingesteldheid stel mense in staat om eerder die verskille tussen mekaar te verstaan en aanvaar, eerder as om die verskille te probeer reduceer.
- **Wering van die Heilige Gees** – die fokusgroep het beklemtoon dat die werking van die Heilige Gees 'n groot impak uitoefen op die gemeentedele wat mekaar aanvaar as deel van die liggaam van Christus. Die groep het ook beklemtoon dat die liturg in diepe afhanklikheid van die Heilige Gees se leiding moet leef, juis om menseverhoudinge in die gemeente reg te bestuur.

5.2.5. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X fokusgroep analise

Soos met die vorige twee fokusgroepe het die navorser vooraf met die priester van die gemeente gereël om haar te help met die samestelling van die groep, asook om 'n ontmoetingsgeleentheid te organiseer waartydens die onderhoud dan sou plaasvind. Hierdie geleentheid sou plaasvind op Sondag 29 April 2012 na die erediens, maar toe die navorser na die erediens die fokusgroep gesprek wou hou, was daar niks gereël soos dit ooreengekom was nie. Die leier van die aanbiddingsgroep het toe voorgestel dat die navorser hulle kooroefening bywoon en dan sommer daardie geleentheid gebruik om die fokusgroep gesprek te voer. Die koor opsigself is multikultureel en daarom verteenwoordigend van die mense wat op 'n gereelde basis die erediens bywoon. Die fokusgroep het bestaan uit die volgende mense:

- 1 x swart Suid-Afrikaanse man – R1
- 1 x swart Suid-Afrikaanse man – R2
- 1 x swart Suid-Afrikaanse vrou – R3
- 1 x swart Keniaanse vrou – R4
- 1 x wit Amerikaanse man – R5
- 1 x Libanese man – R6

Die volgende empiriese data is deur die fokusgroep gesprek ingewin by die Rooms-Katolieke Kerk St Pius X:

a. Hoekom kies julle om te aanbid by hierdie spesifieke gemeente?

Die meeste respondente van die fokusgroep het op hierdie vraag geantwoord dat hulle naby aan die gemeente woon en daarom is dit vir hulle gerieflik om die erediens by hierdie gemeente by te woon. Een van die respondente het ook genoem dat hierdie gemeente hoofsaaklik binne die tradisie van die Fransiskane beweeg wat

gewoonlik multikultureel en veelrassig is. Een van die dames van die groep het aangevoer dat die musiek en sang groot waarde inhou en dat sy dit geniet om saam met medegelowiges te aanbid.

Die multikulturele aard van die erediens is verteenwoordigend van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing en dit is positief wanneer die demografie van Suid-Afrika binne die kerk se mure verteenwoordig word. Een van die manlike respondente het gesê die verhoudinge wat hy met mense binne die gemeente het, is waardevol.

b. Watter faktore of elemente van die aanbidding maak dat jy elke Sondag terugkom na hierdie gemeente toe?

Die meeste van die respondente het beaam dat die musiek en aanbidding van die gemeente 'n faktor is wat 'n mens definitief na die gemeente toe aantrek. Een van die manlike respondente was baie eerlik deur te sê dat mense wat behoort aan die Rooms-Katolieke tradisie Sondae kerk toe gaan, selfs

“... if it is boring.” (R2, 2012).

Een van die respondente het beklemtoon dat daar soveel verskeidenheid eredienste op 'n gegewe Sondag plaasvind, dat mense ook volgens hulle behoeftes besluit waar vind hulle die meeste aanklank. Die Keniaanse vrou het gesê sy geniet dit om op 'n Sondag saam met medegelowiges te aanbid, vir haar is dit 'n

“cleansing experience.” (R4, 2012).

Die Nagmaal staan sentraal vir meeste respondente, nie net alleen is die Nagmaal die hooffokus van die liturgie nie, maar dit is ook die fokus van hulle lewens. Die groep het beklemtoon dat die kerk altyd oop is vir mense om deur die loop van die week te kom bid wanneer die lewe net te veel raak. Dit skep 'n gevoel van verwelkoming en openheid vir mense deur die week, dit is daarom nie net meer 'n gebou waarheen jy Sondag gaan nie, maar word 'n bekende hawe van rus en stilte deur die week. Die wyse waarop die liturgie tog 'n bepaalde orde handhaaf, skep 'n gevoel van veiligheid, die gemeente weet wat om wanneer te doen tydens die erediens.

Verskeie lede van die fokusgroep het aangedui dat die verskeidenheid liederes wat tydens die erediens gebruik word baie waardevol is, aangesien hierdie liederes van verskillende plekke afkomstig is. Die liederes verskil ook in musiekstyle en ook taal, wat natuurlik 'n goeie verteenwoordiging is van al die verskillende kulture wat gereeld in die erediens sigbaar is. Die laaste punt wat die groep geopper het rondom hierdie spesifieke vraag is die feit dat gemeenskap wat moet bestaan tussen die mense van die gemeente dikwels ontbreek. Die navorser het groot waardering vir die eerlike, opregte en kritiese wyse waarmee hierdie fokusgroep die gesprek rondom die tafel hanteer het.

c. Watter vaardighede het liturges en ook lidmate nodig wanneer multikulturele aanbidding plaasvind by gemeentes?

Die vaardighede wat deur die fokusgroep aangedui word as belangrik vir liturges en gemeentelide wat betrokke is by multikulturele aanbidding is.

- Verdraagsaamheid teenoor mense van verskillende kulture, rasse en sosio-ekonomiese klasse.
- Internasionale blootstelling, aangesien die internasionale wêreld by uitstek multikultureel is.

- Die liturg of lidmate moet belese wees om tog iets van die agtergrond van kulture, tale ensovoorts te verstaan.
- Sensitiwiteit vir mense wat nie dieselfde lyk, dink of doen nie.
- Die vermoë het om met vriendelikheid uit te reik na mense toe.
- Die vermoë om raak te sien wanneer mense wel geïsoleer of uitgesluit word in die gemeente en om dit dan ook aan te spreek.

d. Dink julle die multikulturele aard van die erediens bevorder versoening en sosiale kohesie?

Die groep het nie regtig op hierdie vraag geantwoord nie.

e. Wat is jou persoonlike opinie of gevoel rondom die konsepte van versoening en sosiale kohesie?

Die groep het geantwoord dat die Suid-Afrikaanse samelewing regtig hard probeer om versoening en sosiale kohesie te bevorder, daar is ook baie individue wat hard werk vir die droom van 'n reënboognasie in Suid-Afrika. Die Amerikaanse man het gesê dit is maklik om die wette van die land te verander, sonder dat dit enige impak maak op hoe mense dink en doen oor versoening en sosiale kohesie. Wat hierdie land nodig het, is dat die harte van die mense in Suid-Afrika sal moet verander en daarmee kan erediens help deur die verkondiging van die boodskap van Jesus Christus se verlossingsdade aan die kruis.

Die groep het ook voorgestel dat daar nie meer net gekyk kan word hoe die versoenings- en sosiale kohesieproses tussen rasse bevorder kan word nie, maar ook tussen ekonomiese klasse. Die Rooms-Katolieke Kerk kan in hierdie opsig 'n groot bydrae lewer aangesien die tradisie in geheel nog nooit eintlik werk hiervan gemaak het nie.

f. Dink julle die kerk kan en moet 'n rol speel wanneer daar gepraat word oor versoening en sosiale kohesie? Indien wel, hoe kan die kerk volgens julle 'n groter rol speel om versoening en sosiale kohesie te bevorder in die samelewing van Suid-Afrika?

Die fokusgroep het gesê die kerk kan en moet 'n verskil kan maak wanneer daar gepraat word oor versoening en sosiale kohesie, aangesien dit ooreenstem met die kernwaardes van die Christelike geloof. Die groep het ook beklemtoon dat die gemeente klein moet begin om 'n verskil te maak, somer in hulle eie gemeenskap om uit te reik na mense, aangesien die gemeente eintlik nie 'n tradisie van uitreik na ander het nie. Die groep het ook die waarde van leierskap beklemtoon, 'n leier moet die gemeente kan inspireer om in te koop in die visie van die gemeente om aktief daaraan te werk en betrokke te raak by gemeentelike aktiwiteite wat die groter samelewing dien.

5.2.6. Rooms-Katolieke Kerk St Pius X fokusgroep gevolgtrekking

Die volgende ritueel-liturgiese kwaliteite is geïdentifiseer na aanleiding van die fokusgroep gesprek by die Rooms-Katolieke Kerk St Pius X:

- **Musiek en sang** – die fokusgroep het telkemale beklemtoon dat die musiek en sang tydens die erediens 'n besondere ervaring van eenheid is, aangesien die liedere dikwels van oor die hele wêreld kom. Die styl, klank en taal van die musiek is dus verteenwoordigend van alle kulture, tale en style en die gemeente voel een met mekaar wanneer hulle die Here so loof en prys. Die groep het ook beklemtoon om saam met medegelowiges die Here deur musiek te aanbid, is 'n reinigingsbelewenis.
- **Nagmaal** – die fokusgroep het die Nagmaal as hoogtepunt van die erediens en hulle lewe beskryf, aangesien dit tog die versoeningsimbool van die Christelike geloof by uitstek is. Hierdie is tipies van die Rooms-Katolieke mis as hart van die erediens.

- **Liturgiese leierskap** – karaktereienskappe van leierskap volgens die fokusgroep is verdraagsaamheid teenoor alle mense, sensitiwiteit en die vermoë om raak te sien wanneer mense geïsoleer en uitgesluit word en dit te kan regstel. Die groep het ook beklemtoon dat die liturg 'n belese persoon moet wees, met 'n sterk teologiese onderbou.
- **Aard/ atmosfeer van die mis** – die groep het gesê hulle beleef aard en atmosfeer van die gemeente as oop en verwelkomend en hulle het die beeld gebruik van die gemeente se deure wat elke dag oopstaan vir mense om te enige tyd die gebou binne te gaan, daar stil te word en tyd saam met die Here te spandeer. Die fokusgroep het ook gesê dat die vasgestelde liturgiese orde wat Sondag na Sondag dieselfde is 'n gevoel van veiligheid skep vir die mense wat die mis bywoon. Hierdie belewenis van openheid en veiligheid speel 'n groot rol in die sukses van 'n multikulturele bediening volgens die fokusgroep.

5.3. Gevolgtrekking van die navorsingsdata (fokusgroepe)

Hier volg dus nou 'n ritueel-liturgiese evaluasie en interpretasie van die navorsingsdata soos ingesamel deur die halfgestruktureerde fokusgroep gesprekke na aanleiding van die oorspronklike navorsingsvraag.

Al drie fokusgroepe het die volgende ooreenstemmende ritueel-liturgiese kwaliteite genoem wat van belang is met betrekking tot die bevordering van versoening en sosiale kohesie deur multikulturele eredienste:

- **Aard/ atmosfeer van die erediens** – al drie die fokusgroepe het beklemtoon dat die aard en die atmosfeer van die erediens 'n belangrike rol speel wanneer daar gepraat word van versoening en sosiale kohesie. Een van die kerntemas wat voortdurend in die gesprekke opgeduik het rondom die gevoelsbelewenis van mense tydens die erediens, is die van toeganklikheid, warmte en 'n veilige ruimte wat geskep word vir die oorvertel van lewensverhale. Wanneer hierdie karaktereienskappe/ kwaliteite deel vorm van

multikulturele aanbidding dra dit die boodskap oor van inklusiwiteit en openheid teenoor mense van verskillende kulture, tale en sosio-ekonomiese klasse.

- **Gaardheid/ ingesteldheid om van en by ander te leer** – nog 'n kwaliteit wat al drie die groepe beskou het as kernwaarde vir multikulturele aanbidding is 'n ingesteldheid om van en by mekaar te leer. Hierdie openheid om van mekaar se kulture, lewenstyle en doen en late te leer, kweek verdraagsaamheid tussen kulture en dit bou verhoudings tussen mense wat broodnodig is vir versoening en sosiale kohesie om te geskied. Wanneer daar verhoudings tussen mense ontstaan, bring dit ook perspektief op elkeen se lewensituasie, kultuur en taal en dit bevorder versoening en sosiale kohesie tussen mense soos gesien in die konteks van multikulturele aanbidding.
- **Liturgiese leierskap** – al drie die groepe het ruiterslik erken dat die persoon wat die multikulturele erediens lei, wel 'n impak uitoefen op die manier waarop die multikulturele erediens beleef word. Liturgiese leierskap word dus beklemtoon as een van die ritueel-liturgiese kwaliteite wat geïdentifiseer is na aanleiding van die empiriese navorsing wat gedoen is in hierdie studie. Liturgiese leierskap sluit in 'n spesifieke persoonlikheidstipe wat dikwels gepaardgaan met karaktertrekke soos verdraagsaamheid, sensitiwiteit vir ander, vermoë om mense wat geïsoleer word, te betrek by die groep. Dit is dan ook dikwels iemand wat ten diepste belangstelling toon in mense, wie hulle is, waar hulle vandaan kom en waarheen hulle op pad is.

Daar is ook verskeie ander ritueel-liturgiese kwaliteite wat geïdentifiseer is wat baie interessante kerk- of denominasie spesifiek is, naamlik.

- **NG Gemeente Pretoria (Arcadia)** – hier het die fokusgroep heelwat meer gefokus op die prediking, wat aansluiting vind by die Gereformeerde tradisie van "*Sola Scriptura*" wat welbekend is. Die fokusgroep het dan ook 'n hoë premie geplaas op teologiese dogmas en oortuiginge, dat dit suiwer moet wees en ryk aan diepte en inhoud.
- **Elim Full Gospel Church** – aangesien Elim Full Gospel Church deel is van die Pentakostalistiese tradisie is dit nie vreemd dat die fokusgroep die werking

van die Heilige Gees beklemtoon het as sleutel tot die inrigting van multikulturele eredienste nie.

- **Rooms-Katolieke Kerk St Pius X** – die fokusgroep het weer die Nagmaal beklemtoon as essensieel tot die verstaan van multikulturele aanbidding wat versoening en sosiale kohesie bevorder, aangesien dit tog die kern teologiese boodskap is wat die Nagmaal verkondig.

Die bogenoemde ritueel-liturgiese kwaliteite word gevind in 'n bepaalde konteks, wat tot 'n mate 'n rol speel in die viering van multikulturele eredienste en sodoende die bevordering van versoening en sosiale kohesie.

'n Kritiese vraag na aanleiding van die bogenoemde analise en bespreking van die empiriese data is die vraag oor of die geïdentifiseerde ritueel-liturgiese kwaliteite wel ritueel-liturgiese kwaliteite is. Aanvanklik wil dit voorkom of die bogenoemde kwaliteite nie veel te make het met rituele tydens die multikulturele eredienste nie, maar dui eerder op 'n bepaalde teologie van kerk en aanbidding. Die navorser voer dus aan dat wanneer die teologie van kerkwees en aanbidding gegrond is in die Bybelse waarhede, word dit oorgedra en vind dit gestalte in die fisiese gebeure tydens die erediens en vorm dit dan deel van die simbole en rituele. Daarom kan die navorser die bogenoemde kwaliteite as ritueel-liturgies definieer. Die vraag na spesifieke rituele wat versoening stimuleer en vier kom nie na vore nie. Die fokusgroepe het aldus meer gelet op die styl en wyse van aanbidding.

HOOFSTUK 6:

GEVOLGTREKKING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van multikulturele eredienste en die moontlike bevordering van versoening en sosiale kohesie.

6.1. Inleiding

Gedurende 2011 was daar 'n klein navorsingsprojek wat ondersoek ingestel het na die weeklikse viering van die Nagmaal in 'n multikulturele NG Gemeente in Pretoria. Tydens hierdie navorsing het die eredienstgangers die multikulturele aard van die erediens beskryf as nie net belangrik nie, maar noodsaaklik (Kleynhans, 2011:91). Wanneer daar gekyk word na die Suid-Afrikaanse samelewing is dit duidelik dat die samelewing gekenmerk word deur diversiteit en pluraliteit in terme van etnisiteit, ras, taal en sosio-ekonomiese klas. Die leemte wat die navorser dus geïdentifiseer het, lê in die feit dat wanneer 'n mens veral na aanbidding in die NG Kerk kyk, is die diversiteit en pluraliteit van die samelewing dikwels nie daar te vinde nie, want die kerkgangers is self basies monokultureel. Die klein navorsingsprojek in 2011 het getoon dat mense tydens eredienste en aanbiddingsgeleenthede steeds deel wil voel van die diverse Suid-Afrikaanse samelewing.

Die motivering vir hierdie betrokke navorsing is dus gebore uit die gedagte dat mense tog die behoefte het om tydens aanbidding deel te voel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom is die navorsingsvraag vir hierdie studie as volg geformuleer:

Watter ritueel-liturgiese kwaliteite tydens multikulturele aanbidding kan 'n positiewe en opbouende effek op sosiale kohesie en versoening in die huidige Suid-Afrikaanse konteks hê?

Die navorser het deur middel van 'n literatuurstudie en empiriese navorsing ondersoek ingestel na die navorsingsvraag deur die volgende bakens in die ondersoek te gebruik.

- Teologiese en Sosiologiese interpretasie van die huidige sosiale konteks van Suid-Afrika (Hoofstuk 2:30-68)
- Die aard van multikulturele eredienste en die waarde van simbole, rituele en seremonies (Hoofstuk 3:69-109)
- Gedetailleerde beskrywing van drie onderskeie eredienste (Hoofstuk4:110-126)
- Empiriese navorsingsdata (fokusgroepe)analise (Hoofstuk 5:127-151)

6.2. Bevinding

Na aanleiding van die navorsingsvraag en die navorsingsontwerp het die navorser tot die volgende slotsom gekom ten opsigte van sosiale kohesie en multikulturele aanbidding. Alhoewel Apartheid agtien jaar gelede tot 'n vreedsame einde gekom het, sien 'n mens steeds die spore van Apartheid, maar ook – en veral ook – spore van multikulturaliteit van die reënboognasie, wat diep spore trap in die mense van Suid-Afrika se harte. Verskeie akademië asook mense van die samelewing voer aan dat die Suid-Afrikaanse samelewing ver gekom het in terme van versoening en sosiale transformasie in die land. Verskeie faktore kan genoem word vir hierdie sukses (Mmotlane, 2011:29-30; cf Kunene, 2009:52; cf Du Toit, 1999:1). Die faktore wat bygedra het tot die sosiale transformasie is nie van belang vir hierdie studie nie, aangesien hierdie studie nie sosio-polities van aard is nie.

Du Toit som die Post-Apartheidsera in Suid-Afrika goed op deur te sê

“... an unforeseen search for African identity.” (Du Toit, 1999:6).

Hierdie soeke na 'n Afrikaidentiteit vir die mense van Suid-Afrika sluit in kwessies van byvoorbeeld 'n gemeenskaplike kultuur, gedeelde geskiedenis en ook taal. Die vraag word dan dikwels gevra, is dit moontlik vir 'n land soos Suid-Afrika wat gekenmerk word deur diversiteit om een enkele Afrikaidentiteit of gemeenskaplike kultuur te hê sonder om 'n nuwe Apartheids sisteem in werking te laat tree. Aanvanklik wil dit voorkom of die literatuur negatief is ten opsigte van sosiale kohesie en die wyse waarop die geïmplimenteer word in die Suid-Afrikaanse samelewing. Johan Degenaar spreek skerp kritiek uit ten opsigte van 'n gemeenskaplike kultuur vir die Suid-Afrikaanse samelewing, aangesien dit tog op 'n manier eksklusief blyk te wees en dit is onmoontlik om al die kultuurgroepe eweredig te akkommodeer (aangehaal by Du Toit, 1999:14; Degenaar, 1992:1-20).

Häbermas se teorie van Post-nasionale Patriotisme is uiters bruikbaar vir die Suid-Afrikaanse samelewing soos beskryf deur Chipkin & Ngqulunga (2008:64). Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak voorsiening vir 11 amptelike tale en probeer diskriminasie teenoor ras, etnisiteit, kultuur, geslag en of seksualiteit bekamp en beveg. Dit veronderstel dan dat die eenheid van Suid-Afrika nie deur middel van een nasionale kultuur en of taal bevorder kan of mag word nie. Dit wil dus voorkom of sosiale kohesie in Suid-Afrika bloot op grond van Suid-Afrikaners se respek vir die Grondwet moontlik gemaak kan word. Die vraag is natuurlik of hierdie respek vir die Grondwet 'n sterk genoeg verbintenis sal vorm om solidariteit onder Suid-Afrikaners te kweek (Chipkin & Ngqulunga, 2008:64).

Tog verklaar die *Reconciliation Barometer* dat meeste Suid-Afrikaners inkoop by die hele gedagte van versoening en sosiale kohesie, die vraag is dan hoe dit geïmplimenteer kan word in die Suid-Afrikaanse samelewing?

Na aanleiding van intensiewe bestudering van literatuur oor versoening en sosiale kohesie, wil dit voorkom of die kerk en Christelike aanbidding 'n essensiële rol behoort te speel tot die bevordering van versoening en sosiale kohesie.

Die volgende ritueel-liturgiese kwaliteite is geïdentifiseer vanuit die literatuur en empiriese navorsing.

- Die aard van die atmosfeer tydens die erediens moet gekenmerk word deur warmte, openheid en die gevoel van verwelkoming.
- *Koinonia* (gemeenskap).
- 'n Leerbare ingesteldheid of houding.
- Die vertel van lewensverhale.
- Gasvryheid.
- Die krag van vergifnis.
- Eenheid in Jesus Christus.
- Konteks.
- Liturgiese leierskap.

6.3. 'n Voorlopige teorie van multikulturele aanbidding wat versoening en sosiale kohesie bevorder

Die sentrale ritueel-liturgiese kwaliteit wat die fondament vorm van multikulturele aanbidding is *koinonia* of gemeenskap soos dit in Afrikaans bekend staan. Volgens Thomas Long in sy boek *Beyond the worship wars* skep liturgie die ruimte vir mense om te voel asof hulle behoort (Long, 2001). Die ritueel-liturgiese kwaliteit van eenheid in Jesus Christus word hiermee verbind. Hier word die teologie van versoening en eenheid sterk beklemtoon. Wanneer die basis van die erediens gefundeer word op 'n teologie van versoening en eenheid in Christus spoel dit outomaties oor in die rituele en handeling tydens die erediens. Hierdie twee ritueel-liturgiese kwaliteite naamlik gemeenskap en eenheid in Jesus Christus vorm die spil waarom die ander kwaliteite draai.

Vanuit die teologie van *koinonia* en die teologie van eenheid in Jesus Christus kan die volgende vier ritueel-liturgiese kwaliteite tot uiting kom in die praxis van die liturgie. Die ritueel-liturgiese kwaliteite van gasvryheid, die krag van vergifnis, die oorvertel van persoonlike verhale en 'n leerbare ingesteldheid vorm dan die praxis van multikulturele liturgieë. Volhoubare multikulturele liturgieë word hoofsaaklik hieraan geken. Hierdie ritueel-liturgiese kwaliteite staan nooit los van die konteks waarin dit uitgeleef word nie, daarom moet die spesifieke konteks verreken word waarbinne hierdie liturgie en kwaliteite funksioneer. Liturgiese leierskap word nou verbind aan die volhoubaarheid van multikulturele liturgieë.

Die navorser het die volgende diagram ontwikkel om aan te toon hoe hierdie voorlopige teorie van multikulturele eredienste daaruit sien:




Diagram 5: Voorlopige teorie van multikulturele eredienste wat versoening en sosiale kohesie bevorder

Wanneer hierdie voorlopige teorie van multikulturele eredienste wat versoening en sosiale kohesie kan bevorder in die Suid-Afrikaanse samelewing, dan op die tafel geplaas word, is dit tog belangrik om te onthou dat sosiale kohesie nie altyd net

positief blyk te wees nie (Kunene, 2009:6-7). Volgens Dexter (2004:viii) moet sosiale kohesie as volg verstaan word

“the real challenge in the South African society is that of building social cohesion and simultaneously recognise, protect and give expression to difference”. (Dexter, 2004:viii).

Daarom is dit van kritiese belang om verder te dink en navorsing te doen oor die sosiologiese konsep van “sosiale kohesie”. Wanneer die begrip sosiale kohesie in verband gebring word met multikulturele eredienste wil die navorser vra dat hierdie sosiologiese begrip gedoop word in die Bybelse gedagte van gasvryheid en dat gasvryheid dan die ritueel-liturgiese kwaliteit word wat die fondament van multikulturele eredienste vorm (Kleynhans, Pieterse & Wepener, 2012).

Die Suid-Afrikaanse samelewing is uiters divers en daarom ook 'n unieke geval wanneer dit kom by die proses van versoening en sosiale kohesie. Na aanleiding van hierdie navorsingstudie kom die navorser tot die slotsom dat multikulturele liturgieë wat sosiale kohesie in die Suid-Afrikaanse samelewing wil dien, wel bevorder moet word. Deur die empiriese bevindinge het dit baie duidelik na vorder gekom, dat multikulturele eredienste inderdaad sosiale kohesie bevorder, natuurlik op 'n spesifieke en ook unieke manier (Kleynhans, Pieterse & Wepener, 2012). Hierdie navorsing kom tot die gevolgtrekking dat multikulturele eredienste wat versoening en sosiale kohesie bevorder as volg daaruit sien

“is a liturgy that promotes the values of belonging, the appreciation of difference, the fostering of relationships across certain perceived borders (to name but some of the characteristics of social cohesion), but in such a way that the Spirit of Christ can continuously deconstruct any liturgical *ordo* in which inclusion yet again becomes exclusion. Good liturgical leadership and the right context cultivate the space for this whilst the right attitude of worshippers is also imperative, but in the center of such a theory is a sense of fellowship that stems from the Spirit of Him who was excluded so that other may be included.” (Kleynhans, Pieterse & Wepener, 2012).

ADDENDUM

Faculty of Theology
Departement Practical Theology
University of Pretoria
Private Bag X20
Hatfield
0028

Willingness to participate in a MTh Theological Study

Title of the Study: Multicultural worship services in Pretoria

You are hereby kindly requested if you would be willing to participate in a research study that is undertaken by Suzanne Cicilia Kleynhans (BTh, Mdiv, MTh) of the [Faculty of Theology; Department of Practical Theology] at the University of Pretoria. The results of the study will form part of a Masters Essay. You were chosen as possible participant to the study because you regularly attend the multicultural worship service at **Dutch Reformed Church Pretoria (Arcadia)/ Elim Full Gospel Church/ Roman Catholic Church St Pius X**.

1. PURPOSE OF THE STUDY

This study wants to determine the frameworks of thinking of those individuals who attend the multicultural worship service at **Dutch Reformed Church Pretoria (Arcadia)/ Elim Full Gospel Church/ Roman Catholic Church St Pius X** to increase the value and meaning of multicultural worship services. The empirical component of the research aims to show the links (if any) between the literature and what happens in practice by highlighting the possible contrasts, overlaps and differences in the frameworks of thinking.

2. PROCEDURE

If you are willing to participate in the study, we please ask you to do the following:

- To confirm your willingness in writing by signing this.
- To decide on a suitable time to do the interviews with the researcher.

The researcher will take notes during the interviews that will be documented in a complete and true way.

3. POSSIBLE RISKS AND/OR INCONVENIENCES

No risks.

4. POSSIBLE ADVANTAGES FOR THE PEOPLE WHO AGREE TO TAKE PART IN THE STUDY AND/OR FOR THE SOCIETY

The congregation as a whole and the pastors in particular will find value in this study, as the study will help them to better understand the value of participation in multicultural worship services for those who take part in it.

5. REMUNERATION FOR PARTICIPATION

No remuneration.

6. RIGHTS OF PARTICIPANTS

The participation in the research is voluntary and each participant can withdraw from the study at any time should he/she have the desire without any consequences.

7. CONFIDENTIALITY

The participants are assured that all conversations and information is highly confidential and that all data

Hereby I, _____ (Name and Surname) give permission to take part in the empirical research on _____ (date).

Signature of participant

BIBLIOGRAFIE

Adam, A. 1992. *Foundations of Liturgy: An Introduction to Its History and Practice*. Minnesota: The Liturgical Press.

Addleshaw, G.W.O. & Etchells, F. 1948. *The Architectural Setting of Anglican Worship*. London: Faber & Faber.

Anderson, E.B. 2003. *Worship and Christian Identity, Practicing Ourselves*. Virgil Michel Series. Minnesota: The Liturgical Press.

April, K. & Shockley, M. (eds.). 2007. *Diversity in Africa, The Coming of Age of a Continent*. Palgrave MacMillan: New York.

Barnard, A.C. 1981. *Die Erediens*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Barnard, M. & Post, P.G.J. (eds). 2001. *Ritueel bestek: Antropologiese kernwoorde van de liturgie*. Zoetermeer: Meinema.

Berg, B.L. 2009. *Qualitative Research Methods, for the social sciences, 7th edition*. Allyn & Bacon. Boston.

Bhana, A. & Swartz, S. & Taylor, S. et al. 2011. "Social cohesion and civic participation." *The South African Youth Context: The Young Generation*. National Youth Development Agency, p.197-245.

Bradshaw, B. 2002. *Change across cultures, A Narrative Approach to Social Transformation*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Bradshaw, P.F. 2002. *The search for the origins of Christian Worship*. Oxford: University Press.

Bradshaw, P. & Spinks, B. (eds). 1993. *Liturgy in Dialogue. Essays in Memory of Ronald Jasper*. London: Society for Promoting Christian Knowledge.

Booyesen, L & Nkomo, S & Beaty, D. 2002. "Breaking through the numbers game: High impact diversity", *Management Today*, Vol. 18, No. 9, p. 22.

Burger, C. W. 1995. *Gemeentes in transito: vernuwingsgeleentehede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983. *Die Bybel, Nuwe Vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Chapman, A.R. & Spong, B. 2003. *Religion & Reconciliation in South Africa, Voices of Religious Leaders*. Philadelphia & London: Templeton Foundation Press.

Chemers, M.M. & Murphy, S.E. 1995. "Leadership and diversity in groups and organisations." In M.M. Chemers & S. Oskamp & M.A. Castanzo (eds), *Diversity in organisations: new perspectives for a changing workplace*. London: Sage.

Chidester, D., Dexter, P. & James, W., 2003, *What Holds Us Together. Social Cohesion in South Africa* [Wat ons saam hou. Sosiale kohesie in Suid-Afrika], Human Sciences Research Council, Pretoria.

Chipkin, I. & NgQulunga, B. 2008. "Friends and family: Social Cohesion in South Africa" in *Journal of Southern African Studies*, Volume 34, No. 1, p. 61-76.

Chrichton, J.D. 1992. "A Theology of Worship" in C. Jones et al (eds). *The Study of Liturgy*. London: SPCK, p. 3-31.

Chupungco, A.J. 1982. *Liturgies of the Future*. Oregon: Wipf & Stock Publishers.

Cilliers, J. 2009. "Why worship? Revisiting a fundamental liturgical question." In *HTS Teologiese Studies* Vol 65, No 1, p. 11-12.

Cilliers, J. & Nell, I.A., 2011, "Within the enclave": Profiling South African social and religious developments since 1994', *Verbum et Ecclesia* 32(1), Art. #552, 7 pages. <http://dx.doi.org/10.4102.ve.v32i1.552>

Cohen, A.P. 2002. "Peripheral vision: nationalism, national identity and the objective correlate in Scotland" in A.P. Cohen (ed.) *Signifying Identities: Anthropological Perspectives on Boundaries and Contested Values*. London: Routledge.

Cohen, A.P. 1986. "Of symbols and boundaries or does Ertie's greatcoat hold the key?" in A.P. Cohen (ed.) *Symbolising Boundaries: Identity and Diversity in British Cultures*. Manchester: Manchester University Press.

Cohen, A.P. 1985. *The Symbolic Construction of Community*. London: Tavistock.

Cohen, A.P. 1982. "Belonging: the experience of culture" in A.P. Cohen (ed.) *Belonging: Identity and Social Organisation in British Rural Cultures*. Manchester: Manchester University Press.

Dawn, M.J. 1995. *Reaching out without Dumbing Down, A Theology of Worship for the Turn-of-the-Century Culture*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Degenaar, J. 2008. "Multikulturalisme: Hoe kan die menslike wêreld sy verskille uitleef?" in W.L. van der Merwe & P. Duvenhage (eds). *Tweede Refleksie, 'n Keur uit die denke van Johan Degenaar*. Stellenbosch: Sun Press, p. 293-309.

Degenaar, J. 1992. *Nations and Nationalism: The myth of a South African Nation*. Occasional Papers No. 40. Stellenbosch: IDASA, p.1-20.

Deist, F. 1997. "Vergewe en vergeet? Oor waarheid en versoening in Christelike perspektief. Pretoria: J.L. van Schaik.

Deng, F.M. (ed.), 2010, *Self-determination and National Unity. A Challenge for Africa [Selfbeslissing en nasionale eenheid. 'n Uitdaging vir Afrika]*, Africa World Press, Trenton, NJ.

Dexter, P. 2004. *Social Cohesion and Social Justice in South Africa*. Report prepared for the Department of Arts and Culture.

De Gruchy, J.W. 2002. *Reconciliation, Restoring Justice*. London: SCM Press.

Di Blasio, F.A. 1998. "The use of decision based forgiveness intervention within intergenerational family therapy." *Journal of Family Therapy*. No. 20, p. 77-94.

Dorfman, P.W. 1996. "Part II: Topical Issues in International Management Research" in J Punnett & O. Shanker (eds). *International and Cross-cultural Leadership*. Cambridge: Blackwell.

Du Toit, C. 1999. "The Quest for African Identity and the Concept of *Nation-building* as Motives in the Reconstruction of South African Society." In: Walsh, T.G. et al. (eds.). *Religion and Social Transformation in Southern Africa*. Minnesota: Paragon House, p. 1-23.

Erickson, C.D. 1989. *Participating in Worship, History, Theory and Practice*. Louisville: Westminster/ John Knox Press.

Friedkin, N.E. 2004. "Social Cohesion." *Annual Review of Sociology* 30, p. 409-425.

Fourie, W. 2011. "Het kerke 'n publieke rol in 'n pluralistiese Suid-Afrika?" *Verbum et Ecclesia* 32(1), p. 1-6.

Gaddy, C.W. 1992. *The Gift of Worship*. Nashville: Broadman Press.

Gelineau, J. 1978. *The Liturgy. Today and Tomorrow*. New York: Paulist Press.

Green, A. 2008. *Cultural History, Theory and History*. New York: Palgrave McMillan.

Gutteridge, W. (ed.), 1995, *South Africa. From Apartheid to National Unity, 1981–1994*, [Suid-Afrika. Van apartheid na nasionale eenheid], Dartmouth, Aldershot, UK.

Haslam, N. & Rothschild, L. & Ernst, D. 2002. “Essential beliefs about social categories.” *British Journal of Social Psychology*. No. 39. p.113-127.

Harvey, C & Allard, M.J. (eds.). 2002. *Understanding and Managing Diversity*. New Jersey: Prentice Hall.

Hay, M. 1998. *Ukubuyisana : reconciliation in South Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.

Hendriks, J.H. 2007. “Missional theology and social development.” *Hervormde Teologiese Tydskrif* 63(3), p.999-1016.

Hoon, P.W. 1971. *The Integrity of Worship*. Nashville: Abingdon Press.

Hughes, G. 2003. *Worship as Meaning, A Liturgical Theology for Late Modernity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Immink, F.G. 2011. *Het Heilige gebeurt, praktijk, theologie en traditie van de Protestantse kerkdienst*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Jenkins, R. 2004. *Social Identity*. Second Edition. London: Routledge.

Joubert, S. 2009. "Ontdek die vroeg-kerklike dinamiek van die erediens." In C. Wepener & J. Van der Merwe (eds.), *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.

Kavanagh, A. 1968. "The Theology of Easter: Themes in Cultic Data." *Worship* p. 42.

Keifert, P. 1992. *Welcoming the stranger: A public theology of worship and evangelism*. Minneapolis, M.N: Fortress.

Kleynhans, S.C. & Pieterse, H.J.C. & Wepener, C.J. 2012. "Multicultural worship in Pretoria: A ritual-liturgical case study" Aangebied by die JCRT in Pietermaritzburg, South Africa. 18-21 Junie 2012.

Kleynhans, S.C. 2011., *'n Prakties-Teologiese ondersoek na die Pastorale dimensie van die nagmaal soos gevier in die aanddiens van die N.G. Gemeente Riviera-Jakaranda*. Universiteit van Pretoria: MDiv Skripsie (nie gepubliseer).

Kok, P. & Collinson, M. 2006. *Migration and Urbanisation in South Africa*. Report 03-04-02. Pretoria: Statistics South Africa.

Kramer, D. 1986. "Roots". *Leadership* special edition, Januarie, p. 52-54.

Kunene, Z. 2009. *Social Cohesion: A South African Perspective*. Matthew Goniwe School of Leadership and Governance

http://www.cceam.org/fileadmin/user_upload/Uploads/A5_Social_cohesion_final1_11_June_09.pdf (Accessed 23/07/2012).

Lebon, J. 1988. *How to understand the Liturgy*. New York: Crossroad.

Lefko-Everett, K. & Nyoka, A. & Tiscornia, L. 2011. *SA Reconciliation Barometer Survey: 2011 Report*. Cape Town: Institute for Justice and Reconciliation.

Lukken, G. 1999. *Rituelen in overvloed: Een kritische bezinning op de plaats en de gestalte van het christelijke ritueel in onze cultuur*. Baarn: Gooi & Sticht.

Mandela, N.R., 1994, *Inaugural Address, May 10, 1994 [Intreerede]*, viewed 10 Februarie 2012, from www.info.gov.za/speeches/1994/990319514p1006.htm.

Maluleke, T.S. 2005. "Half a Century of African Christian Theologies: Elements of the Emerging Agenda for the Twenty-First Century" in O.U. Kalu et al (eds). *African Christianity, An African Story, Perspectives on Christianity Series 5, Volume 3*. Pretoria: Department of Church History, University of Pretoria, p. 469-493.

Mbaya, H. 2012. "Friendships and Fellowship: Living *koinonia*, *martyria* and *diakonia* in the Corinthian Church of South Africa – from the perspective of social capital" *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 68(2), #Art. 1169, 6 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v68i2.1169>

McCracken, 1998. "Social Cohesion and Macroeconomic Performance." Centre for the Study of Living Standards, Conference: The State of Living Standard and Quality of Life, October 30-31. Ontario/Canada.

Mmotlane, R. 2011. "Social cohesion within the South African context." In *A Multidimensional Social Cohesion Barometer for South Africa*. Pretoria: Human Science Research Council, p. 29-34.

Mugambi, J.N.K. 2005. "Christianity and the African Cultural Heritage" in O.U. Kalu (eds). *African Christianity, An African Story*, Perspectives on Christianity Series 5, Volume 3. Pretoria: Department of Church History, University of Pretoria, p. 517-542.

Müller, B.A. 2006. "The role of worship and ethics on the road towards reconciliation." *Verbum et Ecclesia* 27(2), p.641-663.

Müller-Fahrenholz, G. 1997. *The Art of Forgiveness, Theological Reflections on Healing and Reconciliation*. Geneva: WCC Publications.

Müller, B.A. & Wepener, C.J., 2011, 'Applying grounded theory to data collected through participatory research on AIC liturgical rituals: A comparative study', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 67(2), Art. #1034, 8 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1034>

Nagy, R. 2002. "Reconciliation in Post-Commission in South Africa: Thick and Thin Accounts of Solidarity." *Canadian Journal of Political Sciences* 35(2), p.323-346.

Nieuwenhuis, J. 2007. "Introducing qualitative research" in K. Maree (ed). *First steps in Research*. Pretoria: Van Schaik Publishers, p. 47-66.

Nolte-Schamm, C. 2006. "The African Traditional Ritual of Cleansing the Chest of Grudges as a Ritual of Reconciliation." *Religion and Theology* Volume 13(1), p. 90-106.

Norén, C.M. 1992. "The Word of God in Worship: Preaching in relationship to Liturgy." In C. Jones et al (eds.), *The Study of Liturgy*. Revised Edition. London: SPCK.

Ocholla, D.N. 2002. "Diversity in the library and information workplace: A South African perspective", *Library Management*, Vol 23, No. 1-2, p. 59.

O'Mara, J. 1994. *Diversity activities and training designs*. San Diego, California: Pfeiffer.

Pecklers, K.F. 2005. *Worship, A Primer in Christian Ritual*. Minnesota: The Liturgical Press.

Pieterse, H.J.C. 2011. *Die Suid-Afrikaanse liturgiese landskap*. Aangebied by Worship in Africa Research Group (WARG) oggend, Oktober 2011.

Punch, K.F. 2005. *Introduction to Social Research: Quantitative and Qualitative Approaches* (2nd edition). London: Sage Publications Ltd.

Robert, D.L. & Daneel, M.L. 2007. "Worship among Apostles and Zionists in Southern Africa." In C.E. Farhadian (ed.) *Christian Worship Worldwide, Expanding horizons, deepening practices*. Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, p. 43-71.

Rooseveldt, R.T. 1995. "A diversity framework." In M.M. Chemers, S. Oskamp en M.A. Costanzo (eds), *Diversity in organisations: New perspectives for a changing workplace*. London: Sage, p.245.

Saliers, D.E. 1994. *Worship as Theology: Foretaste of Glory Divine*. Nashville: Abingdon Press.

Schreiter, R. 2008. "Liturgy as Reconciling." *Liturgical Ministry* 17, p.139-145.

Schreiter, R. 1985. *Constructing local theologies*. Maryknoll, New York: Orbis Books.

Schwöbel, C. 2003. Reconciliation: From Biblical Observations to Dogmatic Reconciliation. In: Gunton, C.E. (ed.) *The Theology of Reconciliation*. London: T&T Clark p.13-39.

Searle, M. 1992. "Ritual" in C. Jones et al (eds.), *The Study of Liturgy*. Revised Edition. London: SPCK, p. 51-58.

Seekings, J. & Nattrass, N., 2006, *Class, Race and Inequality in South Africa [Klas, ras en ongelykheid in Sui-Afrika]*, University of KwaZulu-Natal Press, Scottsville.

Senn, F.C. 1983. *Christian worship and its cultural setting*. Philadelphia: Fortress Press.

Shaughnessy, J. (ed). 1973. *The Roots of Ritual*. William B. Eerdmans: Grand Rapids.

South African Institute of Race Relations. 2009. *South African Survey 2009/2010, Demographics*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations, Unit for Risk Analysis.

Spinks, B.D. 2007. "Liturgical Theology and Criticism – Things of Heaven and Things of the Earth: Some reflections on Worship, World Christianity and Culture." In C.E. Farhadian *Christian Worship Worldwide, Expanding horizons, deeping practices*. Grand Rapids, Michigan: William B Eerdmans Publishing Company, p. 230-253.

Statistics South Africa. 2001. *Census 2001, Key Results*. Pretoria: Statistics South Africa.

Statistics South Africa. 2003. *Census 2001, Census in Brief*. Pretoria: Statistics South Africa.

Stokes, P.J. (ed). 1989. *Power Through Prayer*. Minneapolis: World Wide Publication.

Stringer, M.D. 1989. *Liturgy and Anthropology: The History of a Relationship*. *Worship* 63(3).

Turner, V. & Turner, E. 1978. *Image and Pilgrimage in Christian Culture*. New York: Colombia University Press.

Tutu, D.M., 1996, *The Rainbow People of God. The Making of a Peaceful Revolution* [Die reënboog volk van God. Die skepping van 'n vreedsame revolusie], New York, NY: Doubleday.

Van der Merwe, I.J. “Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?’ Oor die verband tussen liturgie en lewe.” *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*.

Van Der Merwe, W.L. 1996. “Philosophy and the Multi-cultural Context of (Post)Apartheid South Africa.” *Ethical Perspectives* 3 (1) p. 77.

Van Der Walt, R. & Ramotsehoa, M. 2001. “A cultural diversity model for corporate South Africa”, *Management Today*, Vol. 17, No. 6, p.14.

Volf, M. 1996. *Exclusion & Embrace, A Theological exploration of Identity, Otherness, and Reconciliation*. Nashville: Abingdon Press.

Wainwright, G. 1992. “The periods of Liturgical History.” In C. Jones et al (eds). *The Study of Liturgy*. Revised Edition. London: SPCK, p. 61-67.

Walsh, T.G. & Kaufmann, F. (eds). 1999. “Introduction” in *Religion and Social Transformation in Southern Africa*. Minnesota: Paragon House.

Weeks, J. 1990. "Value difference" in J. Rutherford (ed.) *Identity, Community, Culture, Difference*. London: Lawrence & Wishart, p.88-101.

Wells, H. 1997. "Theology for Reconciliation, Biblical Perspectives on Forgiveness and Grace." In: G. Baum & H. Wells (eds.), *Reconciliation of Peoples, Challenge to the Churches*. Switzerland: WCC Publications p.1-15.

Wepener, C.J. 2004. *Van vas tot fees: 'n Ritueel-liturgiese ondersoek na die versoening binne Suid-Afrikaanse kultuurkontekse*. Universiteit van Stellenbosch: DTh proefskrif (nie gepubliseer).

Wepener, C.J. 2005. "Still because of the weakness of some?" in *Verbum et Ecclesia*, Volume 26, No. 2, p. 614-640.

Wepener, C.J. 2009. *From Fast to Feast, A Ritual-liturgical exploration of reconciliation in South African cultural contexts*. Leuven: Uitgeverij Peeters.

Wepener, C.J. & van der Merwe, J. (eds.). 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi BM.

Westerhoff, J.H & Eusden, J.D. 1982. *The Spiritual Life: learning East and West*. New York: The Seabury Press.

White, J.F. 2000. *Introduction to Christian Worship, 3rd edition*. Nashville: Abingdon Press.

White, J.F. 1981. *Introduction to Christian Worship*. Nashville: Abingdon Press.

Wolcott, H.F. 1988. 'Ethnographic research in education'. In Jaeger, R.M. (ed.). *Complementary Methods for Research in Education*. Washington D.C: American Educational Research Association.